

TAAALGENOOT



TAAALGENOOT



ATKV

WINTER 2020



AUTO & GENERAL MOTOR-
EN HUISINHOUVERSEKERING

auto  general
motor | huis | besigheid | lewensversekering

SKAKEL 0860 28 28 69



HERFSBLARE HOEF NIE HERFSTRANE TE BRING NIE

Die lang, warm somerdae gaan binnekort die wyk neem voor die koeler herfsweer, maar moenie in die versoeking kom om jou versekering op ys te plaas nie – misdaad en die noodlot hiberneer nooit nie. Kry Auto & General Motor- en Huisinhoudversekering, en geniet dekking teen risiko's wat jou warm onder die kraag laat voel, soos:



Dekking vir jou motor,
sodat jou wiele aan die
rol bly



Dekking vir jou geboue
en strukture teen 'n
verskeidenheid van
risiko's



Draagbare besittings-
dekking vir dinge soos
jou skootrekenaar, selfoon
en selfs jou bril

MOENIE TOELAAT DAT BEKOMMERNIS JOU KOUE RILLINGS GEE NIE –
SKAKEL ONS SOMMER VANDAG NOG VIR 'N KWOTASIE.

INHOUD

7	REDAKTEURSBRIEF Die nuwe roetine	62	YSTERVROU As 'n streepsak 'n rok word
8	STANDPUNT Hoop: Nie net lippetaal	66	TEATERBYSTANDSFONDS Die kloof tussen 'magic' en oorlewing
9	MARITA VAN DER VYVER Duur les in bedagsamer leef	70	HIPPOTERAPIE Heling in die hoefslag
10	SOPHIA KAPP Oor oumas en woordverwarring	74	NGV Sê 'ahh' vir die staat se hoesplan
11	KARIN PRELLER In die skadu's van verlies	78	LIGTERAPIE Die skakelaar vir beterskap
16	PEN AFRIKAANS Debbie Loots	82	FACEBOOK-DIGTERS Noudat almal digters is ...
18	NALN Die kat kom (mos) weer	84	THE STORY OF BABY LUCKY Natuurlesse vir 'n nuwe generasie
20	SEAN BAUMANN Op soek na 'n koesterklimaat	87	OORDE Gou weer vakansietyd!
24	EMMA VAN HEYN Met slenterslag na sukses	90	TIENERTONEEL In die digitale voetligte
26	TAAL-AMBASSADEURS Die ondraaglike skoonheid van betowering	94	TAKKE Die omgee van uitreik
30	2050 Goggas in jou kristalbal	98	NEEM DEEL DigiProjekte is hier!
34	SKRYWERSDORP Karoo van geheimenis	100	E-BOEKE Die steel-en-deel boekklubs
36	IRMA VENTER Die wêreld moet weet	102	ATKV Hou die ideaal lewend
38	FILMFUNDI Rusbankresensies	106	TAAL Dié webinar skitter
40	VOORBLAD 90 jaar jonk	108	DR. DANNY TITUS Die regte man vir die regte tyd
46	AANLYN ONDERRIG Ons leer nou almal van e-leer	110	ATKV-MEDIAVEERTJES En die weners is ...
50	PATRIARGIE Mans, vroue en die P-woord	113	WOORDPRET Blokraai
54	SIR PERCY FITZPATRICK Wie's daai ou by Jock?	114	KOOS KOMBUIS Oorwinnaars teen die donkerte
58	KLUISENAARS As jy kies om alleen te wees	116	FOURIE ROSSOUW In my pa se voetspore

11



20



40



62



66




70



90



102



BELANGRIKE KENNISGEWING!

Om die natuur 'n bietjie 'n blaaskans te gee, sal *Taalgenoot* Winter 2020 (Junie) voortaan ook digitaal op die ATKV se webwerf beskikbaar wees.

Gedurende Julie 2020 sal jy 'n e-pos en/of SMS ontvang waarop jy moet aandui indien jy verkies om die gedrukte weergawe van *Taalgenoot* te ontvang.

Indien jy nie reageer op die SMS of e-pos nie, sal die ATKV aanvaar dat jy *Taalgenoot* elektronies wil lees.

– ATKV-Kliëntediens

Hou asseblief jou SMS'e en e-posse dop!

DIE NUWE ROETINE

Sewentig dae. Dis hoe lank die nuus-webwerf (met die skryf van die rubriek) sê ons al ingeperk is. Maar eintlik is dit 94 dae vir my, want voor die inperking het ons reeds van die huis af gewerk. Dit het beteken ek moes die kleuteroppaspligte oorneem, aangesien my vrou in die mediese bedryf werk.

Die laaste drie maande word gekenmerk deur, wel, nie veel nie. Ek staan op, maak ontbyt, sit *Paw Patrol* vir die snuiter op repeat aan, maak my rekenaar oop en begin werk. As *Paw Patrol* nie meer die ding doen nie, gaan ry ons fiets in die parkeerarea of probeer 'n takie doen wat sy kleuterskooljuffrou stuur. Met gemengde welslae. (O, ja, behalwe vir ma's het ek ook opnuut respek vir onderwysers gekry.)

Dan slaap hy 'n bietjie in die middag en ek werk verder. My vrou kom huis toe, ek probeer 'n bietjie oefen (net sodat ek nie nóg 'n rol ná die inperking het nie), ons bad, ons eet, kyk een of twee episodes van 'n TV-reeks en dan gaan slaap ons. Die volgende dag word die proses herhaal.

Dit het so erg geword dat wanneer ek en my buurman mekaar raakloop, ons net na mekaar staar terwyl ons aan iets probeer dink om te sê. Want waarom kan jy praat as elke dag dieselfde is?

Behalwe natuurlik om te kla oor daai antie met die kopdoek.

Ek het ook nuutgevonde respek gekry vir my ma, wat 'n huisvrou was. Wasgoed hou nooit op nie. Skottelgoed ook nie. Die huis bly vir 'n halfuur aan die kant; dan lyk dit weer of 'n orkaan dit getref het. Tog, hoe frustrerend dit ook is, noudat die inperking (hopelik) einde se kant toe staan, het ek die ekstra tyd saam met ons seuntjie geniet.

Dis nie aldag dat 'n mens so baie tyd op jou hande het nie.



Soos die virus al hoe meer uitdagings gestel het, moes ons innoveer. Die winteruitgawe van *Taalgenoot* is net digitaal beskikbaar. Daar was net te veel onsekerhede met die Poskantoor en ander verskaffers.

Ons vier die ATKV se 90ste verjaardag, 'n prestasie wat deur min organisasies

geëwenaar kan word. Ons gesels met die huidige en voormalige besturende direkteure oor die rol wat die organisasie oor die jare gespeel en die verskil wat dit in mense se lewe gemaak het.

Ons loer ook na die ATKV se nuwe DigiProjekte, wat nogmaals wys dat ons altyd 'n manier vind om uitdagings te oorkom. Hou gerus die ATKV se webwerf en sosialemediabladsye dop vir meer inligting.

Hoewel die tydskrif vir eers 'n ander baadjie aantrek, het ons nie teruggehou wat inhoud betref nie en daar is steeds 'n smorgasbord van stories te kies en te keur. Ons gaan stap die pad saam met sir Percy Fitzpatrick en sy hond Jock, kyk na die voordele van ligterapie en aanlyn onderrig en die onmisbare rol wat Boervroue in die Anglo-Boereoorlog gespeel het.

Het jy ook al gewonder hoe dinge teen 2050 kan lyk? Ons waag 'n paar raaiskote.

Die samelewing het al meermale terugslae oorkom. Net soos die ATKV. En eendag sal ons terugkyk na hierdie uitdagende tyd en die goeie ook onthou – hopelik in die rype ouderdom van 90. Dit is 'n tyd van omgee en planne beraam. Dit is 'n tyd van anders dink. Maar nou – hier en vandag – moet ek eers nog 'n bondel wasgoed gaan insit en die snuiter se bed opmaak.

Geniet jou digitale winter-*Taalgenoot*. En hou moed.

JOHAN JACK SMITH

REDAKTEUR Johan Jack Smith
PRODUKSIEREDAKTEUR Martie Swart
UITLEGKUNSTENAAR Marelise Scholtz
HOOF: DIGITALE MEDIA Reza Clifford
TAALVERSORGING Marli Swanepoel, Jacques Liebenberg
INTEKENARE Lillian Meyer 011 919 9112 of LillianM@atkv.org.za of Taalgenoot@atkv.org.za
BEMARKING & ADVERTENSIES
Johan Jack Smith: JohanS@atkv.org.za
Reza Clifford: Rezav@atkv.org.za

DRUKKERS Paarl Media Cape
VERSENDING Prosource Technologies (Pty) Ltd

TAALGENOOT

Vir redaksionele of advertensienavrae
Posbus 4586, Randburg 2125
Tel: 011 919 9000 • Faks: 011 919 0208
Vrybelommer: 0800 00 2209
E-pos: JohanS@atkv.org.za
Webwerf: www.atkv.org.za

ATKV-HOOFKANTOOR

Vir adresveranderings of ledenavrae
Posbus 4586, Randburg 2125
Tel: 011 919 9000 • Faks: 011 919 0205
Vrybelommer: 0800 00 2209
E-pos: atkv@atkv.org.za
Webwerf: www.atkv.org.za

LAPA UITGEWERS

Posbus 123, Pretoria 0001
Tel: 012 401 0700 • Faks: 012 401 0734
E-pos: lapa@lapa.co.za

OORDE

Buffelspoort Die Oordbestuurder, Privaatsak X222, Mooiooi 0325. Tel: 014 572 1000 • Faks: 014 572 1010. E-pos: buffelspoort@atkv.org.za

Drakensville Die Oordbestuurder, Posbus 53, Jagersrust 3354. Tel: 036 438 6287 • Faks: 036 438 6524. E-pos: drakensville@atkv.org.za

Eiland Spa Tel: 015 386 8000 • Faks: 015 386 8032
E-pos: eilandspa@atkv.org.za

Goudini Spa Die Oordbestuurder, Posbus 47, Rawsonville 6845. Tel: 023 349 8100 • Faks: 023 344 3158. E-pos: goudini@atkv.org.za

Hartenbos Die Oordbestuurder, Posbus 3, Hartenbos 6520. Tel: 044 601 7200/19/21 • Faks: 044 695 0770
E-pos: hartenbos@atkv.org.za

Klein-Kariba Die Oordbestuurder, Posbus 150, Warmbad 0480. Tel: 014 736 9800 • Faks: 014 736 3457. E-pos: kariba@atkv.org.za

Natalia Die Oordbestuurder, Posbus 11, Winkelspruit 4145. Tel: 031 916 4545/6 • Faks: 031 916 2212. E-pos: natalia@atkv.org.za

Besprekings vir enige van die ATKV-oorde kan ook weksdae vanaf 08:00 tot 17:00 by die sentrale besprekingsnommer op hoofkantoor 011 919 9076 of 011 919 9058 gemaak word



TG word uitgegee deur die ATKV, Posbus 4586, Randburg 2125. Die menings uitgespreek in TG weerspieël nie noodwendig die amptelike standpunt van die ATKV nie. Geen deel van die inhoud mag sonder die toestemming van die redakteur elders gebruik word nie. Alle medewerkers, fotograwe en kunstenaars doen afstand van hul outeursreg sodra 'n bydrae in TG gepubliseer is. TG neem nie aanspreeklikheid vir die taalkorrektheid of voorkoor van die taal van adverteerders of advertensies nie. Die menings en standpunte uitgespreek deur lesers, skrywers en kunstenaars in TG is nie noodwendig die standpunt van die ATKV nie.

HOOP: NIE NET LIPPETAAL

Ons bevind onself aan die vooraand van die algemene jaarvergadering 2020 en die 90ste verjaardag van die ATKV. Hoe anders sien die wêreld nie daarna uit as vier maande gelede nie.

Die Covid-19-pandemie het ons lewe ingrypend verander. Die sorgvuldige beplanning vir 'n feesjaar moes plek maak vir planne van 'n ander aard.

Planne om personeel te bemagtig om van die huis af te werk. Planne om vir projekte 'n nuwe baadjie aan te trek en planne om te verseker dat die ATKV nog jare lank met ons sal wees.

Ek herinner myself aan 'n gesegde van Lao Tzu ('n Chinese wysgeer – hoe ironies): “Doen die moeilike dinge terwyl dit nog maklik is en die groot dinge terwyl hulle nog klein is. 'n Reis van duisende kilometers begin met 'n enkele tree.”

In hierdie gesegde lees ek iets van “hoop” raak. Om met verwagting uit te sien na die toekoms. Ek glo dit het ook soos 'n goue draad geloop deur die aanvanklike gedagtes van Sybie van der Spuy en die medestigers van die ATKV in 1930.

Die klein begin het gou gesneeuval en dit was nie lank voordat vroue hul stempel in die organisasie afgedruk het nie. Ek het onlangs op 'n groeefoto tydens 'n byeenkoms by die Goewernewooning in Pretoria, 3 Desember 1954, afgekom van die Vrou-en-Moederbeweging van die ATKV. Statig en trots poseer amper 40 deftige vroue vir die foto. Op die foto beslis nie net 'n versiering nie (met verwysing na 'n foto van die ATKV-Hoofkantoorpersoneel van baie jare terug wat dan en wan in sosiale media opduik).

Selfs in daardie foto beleef ek iets van hoop. En dit was vroue (en mans) wie se hoop nie net lippetaal was nie.

Hulle het skouer aan die wiel gesit om 'n geliefde taal se voortbestaan te verseker en om 'n verskil in ander se lewe te maak.

90 jaar later doen ons dit steeds.

Kyk maar net hoe die ATKV-takke ingespring het om te



“'N REIS VAN DUISENDE KILOMETERS BEGIN MET 'N ENKELE TREE.”

help toe die impak van die Covid-19-pandemie duidelik geword het.

Ek is so trots op die ATKV-takke waar ek hier sit en die rubriek skryf.

Trots op wat hulle vermag en hoe hulle #weesdieverskil uiteleef.

Dit val my op dat baie van Suid-Afrika se plekname, die woordjie “hoop” bevat: Hoopstad, Hopetown en Kaap de Goede

Hoop.

Miskien sê dit iets van die aanpasbaarheid van

Suid-Afrikaners. Aanpasbaarheid om ongeag die draaiballe wat na ons kant toe kom, steeds nie moed te verloor nie.

Die afgelope vier maande het ook weer bewys dat die ATKV aanpasbaar en veer-

kragtig is.

Die bekendstelling van ATKV-DigiProjekte is vir my en die personeel 'n groot hoogtepunt. Nou kan jonk en oud, dié wat Suid-Afrika vaarwel geroep het, maar steeds passievol oor Afrikaans is, deel in ons projekte. Gaan loer gerus op ons webwerf. Ek is seker daar is iets waarvoor jy sal wil inskryf.

Natuurlik het ons uitgesien om mekaar by ATKV-Hartenbos te sien. Vanjaar sal die algemene jaarvergadering virtueel plaasvind en ons kan nie wag nie!

Mason Cooley het een keer gesê: “Lees gee vir ons 'n plek om heen te gaan, wanneer ons moet bly waar ons is.” Min het ons geweet wat 2020 vir die land (en die wêreld) inhou. Ons besluit om in dié feesjaar veral op lees te fokus, het weereens onderstreep dat lees die ideale manier is om jou wêreld te verbreed.

Dankie vir elke direksielid, kollega, ATKV-taklid en lede wat saam met die ATKV die laaste 90 jaar aangedurf het. Ek is oneindig dankbaar vir die voorreg om dié pad saam met julle te stap.

Ja, dis uitdagende tye, maar ek is HOOPvol dat ons met vlieënde vaandels hierdeur sal kom. ♡

SONÉL BRITS
BESTURENDE DIREKTEUR
VAN DIE ATKV-MSW

DUUR LES IN BEDAGSAMER LEEF

DEUR MARITA VAN DER VYVER

Ek skryf hierdie woorde aan die einde van 'n vyfde week van afsondering in Frankryk. Môre durf ons die sesde week aan, dan die sewende, en die agtste ...

En daarna?

Niemand weet wat gaan gebeur wanneer ons weer ons huise mag verlaat nie, maar één ding is seker: Ons gaan nie oornag terugkeer na die lewe wat ons geken het voordat Die Virus die mensdom getref het nie. Teen die tyd dat hierdie woorde in die Suid-Afrikaanse winter geles word, sal die omstandighede hopelik weer “normaal” begin voel. Maar dit sal wees omdat ons begrip van “normaal” gaan verander.

En raai wat? Dis nie die einde van die wêreld nie.

Dit klink dalk soos 'n flou grappie in hierdie dae, wat vir baie van ons apokalipties voel; of ons almal karakters in 'n distopiese roman geword het. Maar die storie van *homo sapiens* is 'n storie van voortdurende verandering en aanpassing. Buiten vir 'n paar miljoen waansinnige randeiers (baie van hulle in Amerika) wat steeds weier om in die wetenskap van evolusie te glo, weet die res van ons die mens is skynbaar eindeloos aanpasbaar. Ons is besig om te leer, op 'n uiters onaangename manier, dat ons sonder baie dinge kan klaarkom wat ons gedog het, is onontbeerlik.

Sommige van ons hóóp selfs dat alles nie terugkeer tot die onvolhoubare “normaal” wat ons vóór Covid-19 geken het nie. Ons sien mos oral hoe die natuur weer floreer noudat ons gedwing word om ons immer groeiende gierigheid in te perk.

Is dit werklik noodsaaklik dat ons so blindelings koop, koop, koop, so roekeloos aanhou rondry, so sorgeloos op vliegtuie spring net om nog 'n nuwe bestemming op ons emmerskoplysie af te tik? Soos outydse versamelaars van skoenlappers, só versamel ons deesdae eksotiese bestemmings, adrenaliën-ervarings, meer meubels as wat ons nodig het, meer kos as wat ons kan eet en meer klere as wat ons ooit kan dra.

Let wel, dis nie 'n beskuldiging nie, dis 'n biesessie, dié. Ek het miskien minder besittings as baie mense (en nogtans soveel méér as miljoene ander, moet ek myself

gereeld herinner), maar dis bloot omdat ek nog altyd ervarings bo besittings verkies. En nou laat hierdie virus my selfs oor my honger na ervarings herbesin.

Ek het my kinders van kleins af geleer dat 'n reis na 'n onbekende bestemming, of 'n besoek aan 'n opwindende kunsmuseum, meer werd is as 'n nuwe speelding of die nuuste weergawe van 'n slimfoon. (Hulle het nie altyd saamgestem nie, maar noudat hulle groot is, het hulle my vergewe.) Ek wil nie ophou reis wanneer die wêreld weer “normaal” word nie. En ek wil beslis nie ophou om museums te besoek, teater toe te gaan en musiekkonserte by te woon nie.

Een van my grootste bekommernisse is juis oor wat hierdie ingeperkte soort bestaan aan die kunswêreld gaan doen. Hoe gaan kunstenaars, akteurs, sangers, dansers en rolprentmakers oorleef? Skrywers ook, natuurlik, want hoewel die meeste van ons aanhou skryf, gaan lesers selfs minder geld as voorheen hê om ons boeke te kan koop.

Wat al hoe duideliker word, terwyl ek die dae aftel totdat ek weer my kinders kan vasdruk, is dat ons anders sal moet dink oor wat ons koop en wat ons doen. Of ons nou kos of klere of karre aanskaf, vlieg of ry of draf of met die hond gaan stap, ons sal dit nie meer heeltemal so onnadenkend kan doen nie. Só, of dit ons geboortereg is om te doen net wat ons wil – solank ons dit kan bekostig; sonder om ons te steur aan die gevolge vir almal wat saam met ons op hierdie planeet woon.

Ons sien mos nou hoe afhanklik ons van mekaar is.

Ek is nie naïef genoeg om te glo die ganse mensdom gaan oornag minder selfsugtig word of meer deernis hê met dié wat nie so bevoorreg is nie. Die president van Amerika se hantering van die krisis herinner ons voortdurend daaraan moeilike omstandighede lei nie noodwendig tot nederigheid of begrip vir jou medemens nie.

As genoeg van ons hierdie krisis kan oorleef met meer waardering vir wat ons hét, en minder hunker na wat ons nog nie het nie of nooit sal kan doen nie, sal ons nuwe normaal hopelik 'n bietjie meer “bedagsaam” wees. Ons sien mos nou hoe min ons eintlik nodig het. En wat werklik belangrik is. ♡

OOR OUMAS EN WOORDVERWARRING

DEUR SOPHIA KAPP

Gister lui die VivA-foon. Ek grom vir myself, want die ding lê bo en laai, en ek sit onder en werk. Die dae van trappe drie-drie uithardloop is vir my helaas verby, en teen die tyd dat ek uiteindelik al blasende en swetsende die foon bereik, het hy ophou lui.

Gelukkig is die nommer sigbaar en ek skakel terug. Ek verduidelik wie ek is en ek hoor: “O, goeie môre, Sophia, hoe gaan dit met u?” Nou kyk, daar was net twee tye in my lewe dat ek as “Sofaaija” aangespreek is: Toe my oupa nog geleef het en toe ek in die Kaap gewerk het. En daardie pynlik hoffike “u” sê vir my net een ding: Hierdie navraer is heelwat ouer as ek.

Ons groet gou oor en weer, maar sy kom vinnig tot die punt (nes my oupa; oproepe is duur en ’n mens lê nie op die foon om kletspraatjies te maak nie): Haar gr. 4-kleinkind moet kan sê watter woorde in ’n sin is ’n selfstandige naamwoord. Sy was ’n bietjie te lank gelede op skool om te onthou, en sy weet nie hoe om te help nie. Hulle is nou al albei moedeloos.

Ek is onmiddellik woedend. En gefrustreerd. En mateloos bedruk. Hierdie soort navraag kry ek veels te veel, uit omtrent elke uithoek van die land. Daar is heeltemal te veel kinders wat ’n ding oor Afrikaans moet kan sê, maar nie weet hoe om die opdrag uit te voer nie omdat hulle nie die kennis het om dit te kan doen nie. En dan moedeloos word.

Want ons is veronderstel om in ’n demokratiese samelewing te leef. Kennis is veronderstel om gedemokratiseer te wees.

Wat meer is, ons leef in ’n eeu waar inligting teen die spoed van ’n internetverbinding versprei word. Hoekom kan ons nie bruikbare kennis so gereidelik en so vinnig aan ons kinders beskikbaar stel nie?

Dis of ons steeds leef met die idee dat kennis eksklusief moet wees. Of ons greep op ’n piepklein beskrywing van ons werklikheid – hoe om ’n selfstandige naamwoord in ’n sin te herken; hoe om die oppervlak van ’n gelyksydige driehoek te bereken; hoe erdwurms voortplant – ’n geheimenis moet bly, omdat hierdie onbenullige kennis aan ons op die een of ander vreemde manier ’n voorsprong besorg.

Ons verwag van ons kinders om hierdie goed te leer, en ons verwag van ons onderwysers om hierdie goed aan

kinders oor te dra, maar ons rus hulle nie toe om aan dié verwagting te kan voldoen nie.

Ons onderwysstelsel is een van die duurste ter wêreld, het ek al gehoor. Hoe is dit dan dat ons kinders steeds nie die mas opkom nie?

Ek is al meermale as iemand beskryf wat windmeulens bestorm en dink sy kan met haar woorde die werklikheid verander. Ek weet baie goed ek kan nie. Stelsels, selfs uitgediende stelsels, is kragtig juis omdat mense bekende patrone vertrou. Iemand wat stelsels bevraagteken en omver wil werp, is gewoonlik nie populêr nie. Maar ek is moeg daarvoor om laataand e-posse en WhatsApps van desperate leerders en onderwysers te ontvang oor skoolwerk wat hulle nie bemeester kry nie. Nie omdat hulle dom is nie, maar omdat hulle nie inligting het nie.

Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) werk aan ’n oop, aanlyn grammatika wat ons op ons webblad gaan sit. Dit spruit uit ’n yslike navorsingsprojek, Taalportaal, wat vir Afrikaans, Nederlands en Fries onderneem is en wat Afrikaans deel gemaak het van ’n internasionale navorsingswêreld. Dié navorsing is afgewentel en “vertaal” in ’n algemene Afrikaanse grammatika (gemik op universiteitsgebruikers) en ’n Afrikaanse skoolgrammatika (gemik op skoolgebruikers).

Taalportaal en Taalonderrigportaal is op 21 Mei op ons webblad beskikbaar gemaak. In laasgenoemde beskryf ons, onder meer, hoe ’n selfstandige naamwoord lyk en in ’n sin “optree” en hoe ’n mens hom kan herken. En hoekom ’n mens hom móét kan herken.

Ons skryf nog aan die grammatika, want dit is uiteraard ’n groot taak, en Afrikaans laat hom nie so maklik in ’n blik druk nie. Maar ons gaan vir hom sit waar hierdie ouma en haar kleinkind, en elke kind wat Afrikaans moet leer en elke onderwyser wat Afrikaans moet aanbied, en elke student en dosent en navorser wat iets oor Afrikaans se grammatika wil weet, onbelemmerde toegang tot dié kennis kan verkry.

Ek weet ek gaan waarskynlik nie die stelsel verander kry nie. Ek gaan ook nie die wêreld en sy vreemde drang om sosiale stratifikasie in stand te hou, omgekeer kry nie. Maar ek kan een kind en een onderwyser en een liefdevolle ouma op ’n slag help om hierdie taal wat ek so liefhet beter te verstaan. Een selfstandige naamwoord op ’n slag. ♡

Foto: Shutterstock

OU FAMILIEKIEKIES
WORD DIE BRON VIR
SKILDERYE EN DIT
ONTBLOOT WAT
ONS ONTHOU, MAAR
OOK HOVEEL ONS
AL VERGEET HET EN
DÍT WAT ONS NIE
WEER KAN
TERUGKRY NIE ...

IN DIE SKADU'S VAN VERLIES

KARIN. MONTGOMERY
PARK. C1967. 2020. OLIE
OP DOEK. 95 CM X 95 CM.

CHRIS. 2020.
OLIE OP DOEK,
40 CM X 30 CM.

**“DIT VESTIG DIE
KYKER SE AANDAG
MOONTLIK DAAROP
DAT FOTO’S NIE
WERKLIK ENIGIETS
ANDERS AS FLITSE
VAN ’N VERLEDE KAN
VASVANG NIE — EN
DAT DIT GAAN OOR
VERGANKLIKHEID
EN VERLIES MEER
AS ONTHOU.”**



Karin Preller se voortgaande belangstelling in foto’s as bronnemateriaal vir haar skilderye word geëggo in die titels van ’n paar van haar uitstallings: *Snapshots* (2007), *Aperture* (2008), *Stills* (2009) en *Stilled Lives* (2015). En op doeke waar die kleur meermale ’n eenvormige blougrys is. Dit is dié ondersoek na “lewe” in ou kiekies en die betekenis wat dit in ’n geskilderde konteks verkry wat sy in die onlangse uitstalling *Almost No Memory* tot ’n hoogtepunt gevoer het.

Soos die titel aandui, gaan dit nie meer oor geheue nie, maar eerder oor daardie oomblik voordat onthou heeltemal

vervaag en oplos in die blou niet.

Hoewel Karin nog in titels die name van mense aan skilderye heg, is dit nie meer verteenwoordiging as sodanig wat sy in die oog het nie, maar die mate waarin dié figure toegang bied tot die verkenning van onthou – voordat die grens na vergeet oorgesteek word. Naamgewing word as 't ware 'n manier om vergeet te besweer. Soos 'n yslike vertoonkas, wat bykans die helfte van 'n portret in beslag neem (*The Display Cabinet*), 'n poging is om 'n greep op onthou te behou.

Uit *Suzie* kan 'n mens min aflei van Suzie. Eintlik gaan die skildery oor wie Suzie nié meer is nie. In *Suzie Overbeek*, nog 'n portret van Suzie, word haar rok en die landskap op die agtergrond, tesame met skadu's, die "ankers" wat haar skimmige gestalte nog in die skildery hou. Die buitelyne het verdwyn en kleur- en verfgewys is daar tussen figuur en omgewing geen onderskeid meer nie. Die onthou gekoppel aan die figuur het reeds begin vervaag en met die agtergrond (en groter heelal) één geword.

Wat bly voortleef is verf op doek, as 'n soort beswering van vergeet; verf as teenvoeter vir die efemere. En skilder, as 'n daad teen die groot vergeet.

Die geheue soos dit gestalte kry in kiekies van die verlede speel 'n beduidende rol in jou werk. Wat is dit van die geheue wat jou so fassineer?


Geheue en hoe dit gestalte kry in foto's is sedert 1998 'n deurlopende tema in my werk. Die fassinatie met foto's en die proses van onthou het moontlik begin deur 'n belangstelling in fotografie as bron vir my stillewes (en 'n paar landskappe) in die vroeë 1990's. Die vereenvoudiging wat die fotografiese proses teweeg bring en die foto as 'n ander wyse van sien het my gefassineer. Ek het fotografie gebruik om lig en donker te aksentueer in stillewes, om die alledaagse só af te neem dat dit amper vreemd word. Dit was 'n middel om intieme, stil ruimtes te skep. Mettertyd, met leeswerk oor fotografie, het my belangstelling verskuif na gevonde foto's in my persoonlike argief. Foto's wat my lank reeds geïnteresseer het, maar wat ek nie suksesvol in my werk kon inkorporeer nie, dalk omdat, in vroeë eksperimente, sentimentaliteit telkens na vore gekom het. Die sprong van stillewes (die alledaagse) na die alledaagsheid van die kiekie, na die kiekie as 'n voorwerp op sigself (amper, in 'n sekere sin, self 'n stillewe) het 'n verandering in hoe ek daarna kyk teweeg gebring.

Namate ek deur die foto's begin werk en sorteer het, het 'n ander gewaarwording plaasgevind – dat ek hier te doen het met alledaagse oomblikke wat slegs fragmente is uit my kinderdae. Mettertyd het ek besef hoeveel van my kinderjare ek nié onthou nie. Ek het ook begin dink dat die foto, vergroot en "vertaal" in olie op doek, die fragmentering van geheue kan beklemtoon. Sekere foto's het sleutels geword wat gelei het tot ander herinneringe buite die raam van die foto. Dit is of 'n sekere detail in 'n foto gelei het tot gebeure wat nie uitgebeeld is nie en slegs

vlietend in my geheue gestalte gekry het. Die assosiasies wat detail meebring – soos 'n tuinslang op die gras; 'n lae muur om die erf in Langlaagte waar my grootouers gewoon het; die tuinstoele op die stoep in Montgomery Park – lei slegs tot flitse van 'n verlede wat nooit gerekonstrueer kan word nie. Amper of dit wat nie duidelik in ons geheue vasgevang is nie, of nie afgeneem is nie, skaduwees vorm wat nooit geheel en al vorm kan aanneem nie. Die foto-album is selektief, soos die geheue – fotografie word 'n metafoor vir die geheue.

Opvallend is die spanning tussen vinnig afneem en langsaam skilder. Hoe sien jy dit?

Die spanning wat geskep word tussen die oomblik waarin die foto geneem is en die tydrowende manier waarop dit geskilder is, word moontlik deel van die trefkrag van die skilderye. In die uitstallings waarin ek met my persoonlike argief werk, hetsy van foto's of van *stills* uit tuisfliëks, was my bedoeling deurgaans om die feit dat ek van foto's werk te aksentueer sodat die kyker met die eerste oogopslag amper dink dat hy/sy kyk na vergrote foto's en eers by nader aanskoue besef dat dit die gevolg is van 'n tydrowende skilderproses. Die proses van skilder was amper klinies, 'n doelbewuste wegbeweeg van duidelike kwashale, in laag op laag verf – 'n nabootsing van die



SUZIE. 2020. OLIE OP DOEK, 85 CM X 85 CM.

“taal” van die fotografie van daardie tyd. Só het ek sekere tegniese tekortkominge van die kamera/fotograaf beklemtoon, sekere invalshoeke, spesifieke uitgewaste kleure; die hele “aard” van kiekies waarna ons eenmalig sou kyk en relegeer tot albums.

Die seleksieproses, die soeke na daardie foto's wat sekere herinneringe/mense/tydperke vir my so duidelik na vore gebring het, was op sigself tydrowend. Dit is 'n kyk en herkyk na foto's, na details van foto's en, wat betref tuisfliks, 'n kyk, terugspeel, vries van beelde van sekonde tot sekonde, weer kyk en weer kies voordat die proses van skilder begin.

En ongeag hoe die beelde vergroot word – deur middel van tegnologie of deur middel van skilderye – die vergroting bly pieksels, wat meer dui op die vervaging van geheue as die vasvang daarvan. Dit beklemtoon 'n oomblik in die verlede; hoe herinnering met die klik van die kamera onmiddellik deel is van die verlede, van dít wat ons gaan vergeet, van 'n argief van fragmente van 'n lewe. Dit vestig die kyker se aandag moontlik daarop dat foto's nie werklik enigiets anders as flitse van 'n verlede kan vasvang nie – en dat dit gaan oor verganklikheid en verlies meer as oor onthou.

In watter mate word die foto 'n tussenganger tussen die oomblik en die neerslag van die onthou? Die foto bepaal grootliks die onthou en nie noodwendig die ervaring van die oomblik nie, of hoe?

Die kamera is die tussenganger tussen ons en die werklikheid. Vandat ek met foto's begin werk het, het ek daardeur probeer om iets van my verlede te onthou (dikwels van my pa, wat in 1984 oorlede is). Namate ek deur die foto's geblaai het, keer op keer, het ek begin besef dat die foto's self bepaal hóe en wát ek onthou – hoe ek byvoorbeeld kies om my pa te onthou. Maar wat ek ook besef het, is in welke mate die foto's leemtes na vore bring. Só het die (gewoonlik) gelukkige momente wat hulle weg vind na die familie-album my ook met die gewaarwording van minder gelukkige momente gelaat wat nie vasgevang is nie. Daarom moontlik die geweldige verlies.

In die skildery van my in Montgomery Park (*Karin, Montgomery Park, c1967*) het dié foto byvoorbeeld tot my gesprek juis omdat ek uit dié beeld meer van my pa onthou as deur duidelike foto's van hom. My pa was altyd die amateurfotograaf en hy verskyn dus op baie minder foto's as ek (ek is die enigste kind), my ma of die res van die familie. Terwyl ek na van die foto's gekyk het, het ek besef dat ek deur sy oë kyk. Wat hy gekies het om af te neem, sê noodwendig iets van hom. In hierdie foto val sy skaduwee oor my en 'n deel van die tuin om my – nie 'n “geslaagde” foto nie. Maar dit is juis hierdie foto, spesifiek die detail van die blombedding wat nie deur die skaduwee verberg word nie, wat my aan hom herinner. Baie wat ek van hom onthou, vind neerslag in die foto, *it becomes a repository of memories*. Daardie oomblik in die tuin word slegs 'n tussenganger. Deur die detail van die plante, sy skaduwee



**“MOONTLIK IS DIT
ONBEWUSTELIK 'N
DEURLOPENDE SOEKE
IN MY WERK NA 'N
FISIEKE GESTALTE
VAN 'N VERLEDE ...”**

SUZIE OVERBEEK. 2020. OLIE
OP DOEK, 40 CM X 40 CM.



THE DISPLAY CABINET. 2020. OLIE OP DOEK, 150 CM X 150 CM.

teen die lig wat oor die toneel val, onthou ek meer van my kinderjare in Montgomery Park as in beelde wat op die oog af meer wys; onthou ek elke foto wat hy geneem het waarin ek my oë op skrefies trek teen die lig; onthou ek hom in sy tuin. (Dikwels ook, soos in *Chris*, is dit foto's van hom waarin 'n gebaar of 'n sekere manier van staan meer van hom openbaar as duidelike foto's.)

Die mense in die foto's verdwyn en die foto's raak mettertyd weg. Al wat bly, is verf. Op 'n manier benadruk jy dié feit in jou werk. Die skildery het 'n groter kans op oorlewing. Verleng dit derhalwe die "lewe" van onthou?

Ek dink wat in my latere werk gebeur, met *Almost No Memory*, is dat die werk meer spreek van vergeet as van onthou (meer as voorheen in my werk, hoewel dit deurlopend belangrik was).

Die titel is doelbewus gekies om die klem te plaas op 'n *condition of forgetting* eerder as op konkrete fragmente van

onthou. Die aanwending van verf het ook ontwikkel sodat die figure vervaag en "oplos" (jou woord) of "disintegreer", hoewel, ironies genoeg, verewig in olie op doek. En dit sluit ook aan by die vorige vraag oor die "moment" van die kamera en die tydrowende "tyd" van die skildery. Skilder is "meer belangrik" as 'n kiekie – die skildery word deel van 'n nuwe, meer permanente argief. Dit is 'n verdere mediasie van die verlede.

Maar waarna jy ook verwys is skilder as teenvoeter vir die efemere. Moontlik is dit onbewustelik 'n deurlopende soeke in my werk na 'n fisieke gestalte van 'n verlede wat uiteindelik beslag gevind het in die werk in *Almost No memory* – of dan juis uiteindelik artikuleer, deur verf, dat als gaan oor verlies as sodanig. Maar dat dit 'n verlies is wat ek keer op keer wil verewig in verf, en só keer dat dit verdwyn? Dit is iets wat ek vanweë jou vraag dalk nou eers besef. ♡

DEUR JOHAN MYBURG

BOEKE WAT SKRYWERS LAAT SKRYF

DEUR DEBBIE LOOTS



Ek is van kleins af lief vir lees. Toe ek so agt jaar oud was, het ek eendag met trots aan my ma verklaar dat ek my eerste grootmensboek klaar gelees het. Ek kan nie die boek se titel onthou nie, maar ek weet dit was een van my pa se James Hadley Chase-slapbandboekies wat langs die toilet op 'n stapel boeke en tydskrifte gelê het.

Ek het op die Wes-Randse myndorp Randfontein grootgeword en skoolgegaan by die Laerskool Betsie Verwoerd en die Hoërskool Riebeeckrand. Afrikaans gebore en getoë. Veertig jaar gelede was die dorpsbiblioteek op die hoek van twee systrate naby die dorpskern, 'n entjie van die stasie en oorkant die stadsaal, in die ou deel van die dorp.

Die biblioteek en die stadsaal was imposante geboue, anders as die res van die staatsgeboue in die omgewing met hul siersteenmure, lang, nou vensters en vaal sinkdakke. Die biblioteek en stadsaal het soos deftige Kaaps-Hollandse geboue gelyk met hul ronde gewels wat hoog bokant dik houtdeure getoring het.

Dit was altyd koel in die biblioteek. Die houtvloere was bedek met donkerblou volvloermatte en die plafonne hoog. Die groot, ou vensters moes met lang koperhaakstokke oopgetrek word, net soos dié van die skoolbiblioteek. Maar dit was die enigste ooreenkoms tussen die twee biblioteke. Hoewel ons skool se ingang ook 'n Kaapse gewel gehad het

(met 'n naam soos die Hoërskool Riebeeckrand is dit seker te verwagte) was die skoolbiblioteek eenvoudig, nes die res van die geboue. En die skoolbiblioteek het ook nie interessante boeke gehad soos Erich von Daniken s'n oor vlieënde pierings nie, en ek kon ook nie met vakansietye stapels Heinz Konsalik-boeke uitneem nie.

Min aanklank by Afrikaans

Inspirasie vir stories het hulself in baie vorme voorgedoen. Dit was in 1979 en ons gesin het pas ons eerste televisie ryker geword. Elke Vrydagaand het ek laat wakker gebly om saam met die bemanning van *Alpha 1999* interplanetêre reis, ligjare weg van my eng voorstedelike bestaan.

In die laat 70's en vroeë 80's was strokiesprente skaars. Behalwe vir fotoverhaalboekies soos *Tessa, Ruiter in swart* en *Saal 10* was *Tina* 'n hoogtepunt: 'n kleurrike tydskrif, vertaal uit Nederlands, oor die wedervaringe van 'n modieuse tienermeisie. Dit het weekliks verskyn en ek onthou nog hoe verpletter ek was toe ek eendag kafee toe is om *Tina* te koop – net om te hoor dit is nie meer beskikbaar nie.

Nadat ek al Ena Murray se boeke deurgewerk het, het ek opgehou om in Afrikaans vir genot te lees. Ons voorgeskrewe boeke was swaarmoedig en tragies. *Het van*

Verlangekraal was byvoorbeeld een te veel.

Sprake van digbundels en literêre Afrikaanse boeke lees, was daar nie. Die enigste kortverhale en gedigte waarby ek aanklank gevind het, was Jan Rabie se “Drie kaalkoppe eet tesame”, Eugene Marais se “Winternag” en “Dis al” deur Jan F.E. Cilliers. Maar dit was kortstondig. Oudmodies. Ek en my vriendinne het eerder langs die openbare swembad gaan lê in die hoop om die Engelse skoolseuns se oog te vang.

Toe gebeur iets. In matriek behandel ons Afrikaans-onderwyser, Niekie van den Berg, oud-politikus en RSG-omroeper, Elsa Joubert se *Ons wag op die kaptein*. Ek het vir die eerste keer ’n Afrikaanse literêre boek belê. Ek het dit nie toe besef nie, ek was te jonk en onvolwasse, maar die boek het ’n blywende indruk op my gemaak. Dit het dekades gevat om aanklank by Afrikaanse literatuur te vind. Dis soos om goeie smaak te ontwikkel, en Randfontein was nie ’n gunstige omgewing daarvoor nie.

Sit dit af!

Die volgende jaar het ek my eerste kortverhaal, *Vergete herinneringe*, geskryf. Gelukkig het dit gou die doodskoot gekry in die vorm van ’n vriendelike brief van *Huisgenoot* (of *rooi rose*), wat my aangeraai het om liewer te skryf oor dit waarvan ek weet. *Vergete herinneringe* was oor ’n Arabiese vrou se ontberinge in ’n woestyn iewers. Ek het selfs ’n potloodskets saam gestuur. Waarom ek ’n Engelse skuilnaam (Catherine Winters) gebruik het, kan ek tot vandag toe nie kleinkry nie.

Snaaks genoeg, toe ek dekades later my meestersgraad in skeppende skryfkuns aan die Universiteit van Kaapstad voltooi, het my studieleier, Etienne van Heerden, my dieselfde raad gegee oor my manuskrip, wat grootliks oor die wedervaringe van die bemanning van ’n vlieënde piering handel het – skryf oor dit waarvan jy weet. My jeugreise saam met *Alpha 1999* se bemanning het duidelik nog iewers vasgesteek. Gelukkig het ek na hom geluister.

Ná skool het ten minste twee dekades verbygegaan waarin ek, sover ek kan onthou, geen Afrikaanse boeke gelees het nie. Net Engels – Graham Greene, Barbara Kingsolver, Tom Wolfe. Ek was gelukkig; my beste vriendin was ’n Engels-onderwyser en kranige leser met goeie smaak. Ek het baie by haar geleer. Ek het destyds in Melville gewoon en ons het gereeld boeke by ’n tweedehandseboekwinkel daar gekoop en uitgeruil.

In die 80’s het teater in Johannesburg, net soos Afrikaanse musiek, ’n bloeiperiode gehad. By die Markteater was *Woza Albert!* met Mbongeni Ngema and Percy Mtwa my eerste kennismaking met teater, en Kippiess se jazz-aande ’n verdere verrykende ervaring. Johannesburg was lewendig. Vol energie, boos en broeiend. Die Black Sun, Jamesons, Rumours; plekke waar Afrikaanse musiek oorlog teen die Nasionale Party-regering gevoer het. James Phillips, Koos Kombuis, Johannes Kerkorrel – sit dit af, sit dit af. En vir

jare, of liewer dekades, het ek Afrikaans vermy.

Omrede ek oor die jare baie Engels gelees en in Engels gewerk het, staan die Afrikaanse boeke uit wat wel daardie tyd ’n indruk op my gemaak het: Marita van der Vyver se *Griet skryf ’n sprokie*, Jeanne Goosen se *Ons is nie almal so nie* en Welma Odendaal se *Landskap met diere*. Afrikaanse vrouestemme. Hard, rou en eerlik. Sonder fieterjasies.

Die onopgesmukte

Weer was hierdie ontdekkinge in Afrikaans sporadies. Eers 35 jaar later, tydens my meestersgraadstudie, gooi Van Heerden water op die Afrikaanse plantjie wat Van den Berg destyds in my agterkop geplant het. En hy begin groei. Hy lewe steeds. Partykeer kry hy swaar; ek gee hom nie altyd water nie. Soms gee ek hom te veel, dan raak hy geel, maar hy groei.

Ná my kursus was ek opgewonde, ek wou inhaal. Ek het *Ons wag op die kaptein* in ’n boekwinkel opgespoor en weer gelees. Ek het alles begin lees, maar nie van alles gehou nie. Noem dit die oorblyfsels van ’n swak ontwikkelde literêre smaak, maar ek het iets anders gesoek. Iets onopgesmuk. Dit was skaars.

Maar in 2013, toe ek ’n joernalis by *Visi* is, kom Herman Lategan oor my pad. Die redakteur, Sumien Brink, het vir my ’n artikel van Herman gegee om te lees. Ek kan nie onthou waarom dit gegaan het nie, maar ek onthou hoe ek gevoel het. Of ek ’n skat ontdek het. Ek onthou hy het die artikel geëindig met “sies”.

Vandag inspireer Herman se skryfwerk my om opgesmuktheid, oneerlikheid en selfbewustheid in my skryfwerk met ’n “sies” uit te gooi. Ek kry dit nie altyd reg nie, maar ek probeer. Daar is min mense wat met ’n taal kan werk soos Herman. Dis of hy ’n intieme verhouding met Afrikaans het, of hy die taal se diepste plekke ken, haar swakhede, haar krag. En hy is nie skaam vir sy gevoelens nie. Hy wys alles: deernis, minagting, woede, liefde, passie, nydigheid, sensitiwiteit, *you name it*. Hy maak Afrikaans vry.

Ek mag dalk ’n Wes-Randse literêre smaak vol leemtes, stof en mense met *mullets* hê, maar groot name inspireer my. Daar’s ook nog Andries Buys, Dana Snyman, Azille Coetzee en Lien Botha. Wat van ’n ete ná *lockdown*? En natuurlik Elsa Joubert en Jeanne Goosen. Wat ek darem nie sou gee om saam met hulle om ’n tafel te kon sit en kuier nie. ♡

PEN Afrikaans bestaan ter wille van uitdrukkingsvryheid en die bevordering van die Afrikaanse woordkuns. Met die Boeke wat skrywers laat skryf-rubriekreeks nooi ons vooraanstaande skrywers om te vertel watter boeke hulle geïnspireer en as skrywer gevorm het.

pen
Afrikaans



DIE KAT KOM (MOS) WEER

SKRYWERS, EN DIE KARAKTERS WAT HULLE SKEP, BIED ONS DIKWELS DIE VERSEKERING AL IS SWAARKRY DALK 'N GEGEWE, IS DAAR ALTYD LIG AAN DIE EINDE VAN DIE TONNEL ...

“En wat ek so kjer toe loop, het ek nog met altwee oë gesien hoe heller die dag is en hoe skoon die son skyn. En die orrelis het sulke sawwe musiek gespeel – die hele kerk vol vrede ... Ek sit met ’n rustagge kerk-sit daar innie bank – met kalmte in my gemoed. En toe word dit skijerlik skjemer innie kerk.”

Jan Spies se komiese vertelling “Die antie met die pienk rok” is sekerlik een van die bekendste verhale in Afrikaans. Die verskyning van die lywige tante is ’n metafoor vir dié dinge wat ’n mens skielik kan oorval. Dit begin somer kleintyd al wanneer jy op jou lekkerste speel, en dan jou speelgoed moet oppak, en dit duur tot in jou grootmensdae, wanneer plig voor plesier moet kom.

Vriende skryf jou af, huweliksmaats skud jou af, siektes kry jou beet, ellendes takel jou en verweer gees en liggaam, die dood gryp waar en hoe hy wil. ’n Mens bly weerloos tot in die ouderdom, wanneer jy volgens die Bybelse belofte gevat sal word waarheen jy nie meer wil gaan nie. Die openingsvers van *Die kat kom kuier* (Dr. Seuss se verhaaltjie vir kinders en grootmense, briljant vertaal deur Leon Rousseau) lui soos volg:

“Teen die ruit met ons neuse
sit ek en sus Sannie.
Ons wens ons kan uit,
maar ons weet mos ons kan nie.”

Was die plesiervreter Covid-19 dalk ook op besoek by arme Boet en sy suster?

VRAE EN NOUE ONTKOMINGS

Maar nee, hierdie onplesierigheid van lewensituasies teister ’n mens tot in jou gryse ouderdom. Audrey Blignault het gewens sy kon ’n plesierboom plant sodat sy presente kon pluk volgens haar geliefdes se voorkeurvreugdes en blydschap. Dit sou darem ’n lekker vooruitsig wees!

Sy het ook ’n hele essay vol vrae geskep onder die titel “Het spoke nekke?”, waarin sy bespiegelend nadink oor kwessies wat jou medemens se walslyf in ’n kreeftegang kan verander: “Hoekom is jy so vet? Of so maer? Of so moeg?”

Of hoekom is jy so grys, so oud, so vol rumatiek en so sonder man?

"Hoe het jy dit reggekry om die bord te breek? Wat het jou makeer om met Flip te trou? Kan jy dan nie sien hoe jy die hek moet oopmaak nie?"

Nils Holgersson beland tydens een van sy wonderbaarlike reise in 'n konfrontasie met 'n yslike beer, wat eis dat hy help met die vernietiging van 'n waardevolle ysterfabriek. Nils moet takties dink, en dis nie maklik nie, want hy is maar nog 'n seuntjie. Hy moet kies tussen sy matelose vrees vir die beer en dit wat hy meen vir die gemeenskap nuttig is.

"Ek wil dit nie doen nie," sê hy uiteindelik. Dis nie wat die beer wil hoor nie, maar die koeëls wat skielik om hul kop fluit en waarteen Nils hom waarsku, laat hom vinnig van mening verander. Uiteindelik bedank hy Nils omdat dié sy lewe gered het, en: "Nils staan in die bos, vry en ongedeerd. En hy kan self amper nie verstaan hoe dit moontlik is nie."

LAG SAAM MET DIE TRAAAN

Daardie lig wat voor in die wapad brand, is vir ons 'n redding en 'n aansporing om kop te hou, en vreesloos te wees. En dit lyk of hierdie lig meestal saam met humor loop – daardie vermoë om te lag wanneer jy lus voel om te huil, soos Boerneef dit raak beskryf het.

Dis nie altyd 'n baie hartlike lag nie, want 'n mens moet leer om nie summier vir elke nar te lag nie. Daar is kennismakings met mense en vreemde, onverwagse ontmoetings (soos dié van Nils); daar is dinge wat 'n mens ontroer, ontstel, amuseer of besiel. Maar as jy bedag is op die wapadlig sal jy die son aanskou, selfs ná iets so ingrypend as die dood.

"DAARDIE LIG WAT VOOR IN DIE WAPAD BRAND, IS VIR ONS 'N REDDING EN 'N AANSPORING OM KOP TE HOU, EN VREESLOOS TE WEES."

"Hierdie dag met die lig oor die see en die uitwaaiende skuim oor een grys rots ... hierdie dag beleef ek omdat ek bewus is daarvan," skryf einste Blignault. En in 'n skitterende verhaal oor seeskulpe ("Weekdier die grote") skryf Jan Rabie, strandloper van formaat, " 'n (m)ens lag as jy weet jy speel". Dis 'n mondvul, maar dis ook 'n raak waarneming en gepaste lewensfilosofie.

Iewers het ek al die jare misgetas en "voor in die wapad brand 'n lig" aangesien vir 'n idiomatiese of vaste uitdrukking. Dit is toe in der waarheid die titel van 'n gedig wat A.G. Visser sowat 'n eeu gelede reeds oor president Paul Kruger geskryf het: "Voor in die wapad brand 'n lig: S.J.P. Kruger – 10 Okt. 1825."

Die sleutelwoorde in die vier strofes is merkers wat steeds geldig is: Vryheid, die jonkman, heldemoed en die "sware swarte onweerswolke" van die einde van 'n lewe. Die slotreël van elke strofe (strofe 2 uitgesonder) verseker die leser van die visie van lig. Jy staan dalk soms in jou eie lig en vat 'n agterpad, en dit is eenmaal só dat 'n mens se uithou in die nag op *reserve* loop (Mattewis se Eerste Wet, volgens P.G. du Plessis), maar die wapadlig is 'n gewewe. ♡

DEUR LEANA LATEGAN



OP SOEK NA 'N KOESTERKLIMAAT

IN SY NUWE BOEK PLEIT 'N KAAPSE PSIGIATER VIR 'N BETER BEGRIP VAN GEESTESPROBLEME EN GROTER BETROKKENHEID DEUR GEMEENSAPPE, WAT NOG ALTE MAKLIK STIGMATISEER ...

Die lewenskryt teen die 21ste eeu is ongenaakbaar en kan 'n brose siel blitsig planke toe stuur. Boonop klim 'n dodelike virus vanjaar ook in die kryt én die klok lui vir die moderne mens op pad Mars toe. Met die snelle samelewing eers in sy spore gestuit, gooi 'n Kapenaar 'n reddingsboei na gesonder menswees – 'n blink baken vir die saamsnoer van pelgrims wie se siel in nood verkeer.

Dr. Sean Baumann se boek *Madness: Stories of Uncertainty and Hope* is tydens die Covid-19-krisis vrygestel. In vars, vriendelike taal verken hy die mens se welstand te midde van vervaarde pogings om staande te bly. Sy aangrypende stories word treffend deur Fiona Moodie geïllustreer.

Die psigiater se pleidooi is vir groter begrip vir geestesprobleme en samewerking in die soeke na oplossings in 'n era waarin triomftogte en teleurstellings in ewemaat uitgestal word.

Sean bespreek nie net afwykings soos skisofrenie en bipolêre gemoedsversteuring nie, maar soem in op stres, depressie, angs, verwerping en selfdood. Hierdie kwellings is aan die toeneem, bevestig hy. Sosiale media het die doelpale verskuif – teen 'n duur prys.

“Dit vervaag die grens van in- en afkyk en verskaf 'n vrypas, want afloertoegang is bykans onbeperk,” sê hy. “Onrealistiese verwagtinge word geskep.”

VAT HANDE TEEN DIE PYN

Sean baklei al 35 jaar met oorgawe vir sy sienings. As spesialis in skisofrenie en chroniese pyn was hy 'n kwarteeu

deel van die helingspan by Valkenberg. Hy deel in sy boek op 'n deernisvolle manier skokstories oor pasiënte en span sy volle arsenaal kennis en insig in.

Die Kaapse kopdokter glo die gemeenskap moet hom onverwyld “aanmeld” omdat geestesiektes nie net die staat se verantwoordelikheid kan wees nie. “Geld en gebrekkige geriewe en sorg, tesame met te min mediese personeel, is hartseer; hedendaagse gegewes wat sal bly.”


Hy betoog vir 'n inklusiewer aanslag waarin alle betrokkenes hande vat. Dit moet tuis begin en gesetel wees. Eerste in sy visier is die wegdoen met skewe stigmas oor waansin. “Dis erg genoeg dat lyers weens geestesversteurings geknak leef. Kleinerig dryf 'n verdere wig in en verdiep 'n komplekse situasie.”

Hy stik aan die metafore vir “mal wees” in die media, wat vals vreesvermaak met verwronge beelde “verkoop”. 'n Samelewing gefikseer op sensasie slurp dit gulsig op. Dit lei tot nog groter skade vir lyers en hul naaste, want gesinne gaan saam gebuk onder spot en verwerping, sê Sean. Hy is onverbidlik oor die erns waarmee geestesprobleme bejeën moet word en beklemtoon die swaar las van sosiale media, veral tydens adolessensie, wanneer jong mense onseker is en aanvaarding begeer.

“Sosiale media impliseer sosiale samesyn en bied 'n ‘behoortbelofte’, maar die teenoorgestelde gebeur dikwels, met jong gebruikers wat sukkel om in te pas en eensaam voel.”

Hy meen mense bly blind vir die bedreiging wat sosiale media inhou. Volgens hom vlek dit menswees sonder ophou oop en dit, asook die samelewing se ingesteldheid op die





visuele, dikteer jou menswees en openbare beeld. “In hierdie stoompot kan emosies maklik aanbrand of oorkook en siele kry swaar en seer en ly skade.”

FAMILIES IN DIE VOORSTE LINIE

Jong mense, veral, is onkundig. In die brose adolessensiejaar voel geesteslyers uitgestoot en verwerp. Die ergste graad daarvan is selfdood. “Rooi ligte flikker wanneer ’n jong mens onttrek en afsydig, belangeloos en verwaarloos voorkom,” sê Sean. “Ouers moet dadelik hulp soek. Dreigemente is ’n roepkreet om hulp en moet só hanteer word.”

Volgens hom glo te veel mense nog dis bloot deel van grootword en van verbygaande aard, soos ’n bui wat sal oorwaai. Ouers moet bewus wees van die gevare en reëls neerlê, maan hy. “Dis gesond én hul verantwoordelikheid teenoor hul kind en die samelewing. Gesinne wat hulself respekteer en as eenheid funksioneer, is wenners.”

Probleme steek kop uit juis wanneer iemand nie gewaardeer en gelief voel nie. “Jy word kwesbaar en dit kraak jou skanse,” sê Sean en voeg by skole en onderwysers moet beter ingelig wees oor leerders se kwesbaarheid en let op die gevaartekens. Daarby moet volwassenes minder veroordelend wees en “sagter” met kinders omgaan, want die wêreld het ingrypend verander. “Dit stel volgehoue eise aan jong mense om hul plek te vind en tuis te voel.”

In die hantering van sielsmole kan die rol van ’n lyer se naasbestaandes nie onderskat word nie. “Hulle is soldate in die eerste aanvalslinie,” sê Sean. “Ongelukkig word gesinne se rol afgeskeep, terwyl hulle eintlik bemaagtig moet word met inligting, hulp en steun.”

Hy voel sterk oor ma’s wat gesinne soms in uiterste omstandighede bymekaarhou, maar “gou gekruisig [word] as dinge skeefloop”. Dit dateer van denkwyses van die 1950’s oor geslagsrolle. Mans was die broodwinner wat die buitewêreld aandurf om die rekeninge te kan betaal, terwyl ma’s die fort moes hou. As emosionele versorgers het hulle die blaam gedra wanneer gesinslede kleitrap.

Sean wys egter ook op mans se groter kwesbaarheid. “Werkloosheid heers en pa’s is dikwels afwesige figure. Dit bring bykomende spanning, wat vinnig kan toeneem. Die lewe is hard en onseker, wat verder kan lei tot vergrype aan alkohol en verslawing aan seks, pornografie, drank en geweld.”

Veral onder die middelklas kan mans met emosionele probleme hulle dikwels van hul tuisverplichtinge onttrek. Hulle kry skaam wanneer hulle as voorsieners faal en afhanklik van ’n ongeskiktheidstoelae is. Jong swart mense dra die bykomende las van hul voorvaders se verdoemende vloeke.

REIK UIT NA MEKAAR

Sean benadruk gemeenskappe se deurslaggewende rol in die regstel van wanbalanse. “Die sogenaamde donker sielsgeheime moet uit die skadu’s kom. Dis deel van die

“DIS ERG GENOEG DAT LYERS WEENS GEESTESVERSTEURINGS GEKNAK LEEF. KLEINERIG DRYF ’N VERDERE WIG IN EN VERDIEP ’N KOMPLEKSE SITUASIE.”

lewensprys. Gemeenskappe moet uitreik na mekaar en saamstaan om lewensprobleme te bestuur.”

Mense met geestesgestremdhede kan ingespan word om ’n bydrae te lewer en waardevol te voel, sê hy. “In kort, gesinne moet aktiviste word en hoorbaar standpunt inneem. Swaar stigmas doof die stemme van lyers met geestesongesteldhede uit.”

Só ’n verenigde front is ’n sterk wapen in die soeke na oplossings, asook na beter finansiering en geriewe. Sean sê Suid-Afrika het te min hospitale vir sielsiekes, vandaar die groot pasiëntomset, want waglyste is lank.

Gemeenskapsklinieke moet ook geestesprobleme kan behandel en daar moet oornagteriewe ingerig word vir lyers se waarneming. Dit sal omvattender gesondheidsorg verseker en duur hospitalisasie verlig.

Die gesin en familie bly die kern wanneer ’n samelewing se gesondheid bedreig word, meen Sean. “Dis waar menswees begin. Dit moet beskerming in ’n koesterklimaat bied.”

Hy beklemtoon die mens se behoefte aan ’n sinvolle bestaan – om van aanklank te vind by ander nie eens te praat nie – is groter as ooit. Kommunikasie en deernis staan sentraal daartoe en moet eerstens tuis geleer word. Die kuberruim is die laaste plek daarvoor.

Hoewel al afgetree, genees Sean steeds siele en hy is mentor vir nuwe generasies versorgers. Hy dra sy boodskap ook verder uit. Sy kantate *Madness: Songs of Hope and Despair* (<https://youtu.be/caCHBbLmAqA>) is in 2017 in die Baxter-teater uitgevoer. Hy glo verhoogbeelde en klassieke musiek is ’n kragkombo waarmee hy sy kennis van sielsiekwees respektvol, maar op ’n deurdringende manier kan oordra. Sy boodskap is supertydig. En dit kom van ’n deurwinterde heler en kalm kundige, wat ondanks sy eerstehandse saamreis deur menswees se donkerste valleie steeds na die mooi soek, dit sien en vier. Te midde van onsekerheid en wankelrigheid bied hy heilsame hoop. 🌱

DEUR SONNETTE LOMBAARD
ILLUSTRASIES: FIONA MOODIE

*Die skrywer van hierdie artikel het eerstehandse kennis van ’n brein in pyn. Sy herstel steeds van ’n breinbesering en gevolge ná ’n breinaneurisme en beroerte in April 2019.

Madness: Stories of Uncertainty and Hope word deur Jonathan Ball uitgegee. Die hardebandboek kos R280.



AL HET SY 'N BEKENDE PA EN OUPA
TRAP DIE SANGER EN MUSIKANT EMMA
VAN HEYN HAAR EIE PAADJIE IN DIE
VERMAAKWÊRELD OOP ...

MET SLENTERSLAG NA SUKSES

Die 25-jarige donkerkop op die rekenaarskerm lyk sorgeloos en ontspanne. Haar gesig straal en haar stem klink vrolik, ongeag die krisis waarin Suid-Afrika en die wêreld hom bevind. Sy is gemaklik aangetrek daar waar sy op haar bed sit en gesels. Dis eers wanneer jy haar indrukwekkende CV sien en haar op die verhoog beleef dat jy besef Emma van Heyn is nie jou tipiese buurnooi nie.

Dié musikant en sangeres bring die inperkingstyd by haar ouerhuis in Somerset-Wes deur, dié dat ons via die internet gesels.

“Ons was nog altyd ’n hegte gesin, so die inperking is nie vir my vreemd nie,” sê sy. “My huis is vir my soos ’n veilige kokon. Wat doen ek om die tyd om te kry? Wel, ek kook vir my gesin. Ek bak *brownies* en maak lysies,” sê sy al laggende. “Verder werk ek. Ek kan nie stilsit nie. Ek het my eie ateljee in ons kelder. Ek noem dit my *lady cave*.”

Emma lei ’n blitstoer in haar “grot” – ’n moderne vertrek met wit baksteenmure, rekenaars en allerlei toerusting, en kennissgewingborde vol notas.

“Ek neem al my musiek self op. Ek is juis nou besig om ’n album op te neem wat hopelik die einde van die jaar vrygestel sal word.”

HAAR EIE KOERS

Musiek was nog altyd deel van haar lewe, vertel sy. “Toe ek klein was, kon ek nie ’n ordentlike sin sê nie. As ek ontsteld was, kon ek dit nie in woorde kommunikeer nie. My ouers het musiek vir my aangesit om my rustig te maak. Ek kon nie glo hoe musiek my bui só kon verander nie. Musiek was, en is, my storieverteller, my emosieverteller.”

Hoe dan nou anders as jou pa die klassiekemusiek-impresario Charl van Heyningen is en jou oupa die akteur, sanger, skrywer en radio-omroeper Francois van Heyningen? Talent is in haar gene, maar Emma besef ook die waarde van harde werk en deursettingsvermoë. En sy skroom nie om kanse te waag nie. Dié dat sy haar van na “van Heyn” verkort het om haar eie identiteit te vestig.

“Ek het boonop gou besef mense sukkel in die algemeen om ‘Van Heyningen’ uit te spreek.”

Reeds op sewejarige ouderdom maak sy haar debuut in die Spier-amfiteater in Stellenbosch in die produksie *Movie’s Greatest Music*. Sy het in verskeie kore gesing, onder meer die Tygerbergkinderkoor, die Suid-Afrikaanse Jeugkoor en Stellenbosch se Universiteitskoor, asook in ’n musiekgroep of twee, voordat sy besluit het om ’n sololoopbaan aan te pak.

Haar eerste album, *Asylum*, is in 2016 vrygestel. Dit was ook die jaar dat sy haar dramagraad, met fisieke teater as fokus, aan die Universiteit Stellenbosch verwerf het. ’n Kursus in musiekproduksie het gevolg. In 2019 wys sy gesig in Londen en New York en ontvang positiewe resensies.

LESSE UIT SHANGHAI

Dit is veral oor haar eenvrouvertoning, *Met slenterslag na Shanghai*, dat sy onlangs weer in die nuus was. Dié produksie, waarvoor sy ’n Fiësta-benoeming vir beste opkomende kunstenaar ontvang het, was vir die tweede jaar op die Woordfees in Stellenbosch te sien.

“My pa het gesê hy gaan my inskryf vir ’n *one-woman*

show,” sê sy. “Ek is eintlik soms skaam om op te tree, maar hy is die een wat my aanmoedig.”

Die produksie handel oor haar jaar in Shanghai, China, waar sy as musikant by ’n spoggerige hotel gewerk het.

“Nadat ek my studies voltooi het, het ek eendag ’n boodskap van ’n Suid-Afrikaanse aanhanger uit China gekry wat wou hoor of ek gewillig sou wees om in China as musikant te werk. Ek het gehoor jy kan baie geld maak, so toe besluit ek *why not?* Ek was op ’n plek in my lewe waar ek gevoel het dis tyd om iets nuuts aan te pak.

“Hulle was op soek na professionele musikante. Ek doen toe ’n oudisie en vertel ’n witleuentjie en sê ek is wel ’n professionele musikant. En toe kry ek wragtig die werk! En binne drie weke moes ek oorsee gaan. Dit was onwerklik.

“Ek het nie een dag af gehad nie, geen vakansiedae of vakansie nie. Ek het die een dag voedselvergiftiging gekry en moes steeds optree. Toe gooi ek op in die voorportaal, so siek was ek, en hulle gee my net water en vra of ek reg is om op te tree. Daar was geen genade nie.”

Haar aanvanklike ooreenkoms met die hotel was dat sy slegs musiek sou maak en die gaste vermaak, maar dit het nie daarby gebly nie.

“Ek moes later basies ’n onwettige subkontrak teken om ’n soort *hostess* te wees. Daar was topsakemanne wat by die hotel kom bly het en daar is van my verwag om met hulle te *mingle* en geselsies aan te knoop sodat hulle langer sou bly, meer kos en drank sou bestel. Ek sou byvoorbeeld betaal word om te kyk hoe iemand sit en kreef eet! Dis waar die naam *Met slenterslag na Shanghai* vandaan kom. *Basically tricking people to get myself into and out of situations*.”

Een van die gaste was die Thaise sanger en akteur Mike Angelo (regte naam Mike Pirath Nitipaisankul), vir wie sy na geleenthede moes vergesel. Sy het eers besef hy is bekend toe jillende meisies met plakkaat buite die hotel saamdrom.

“Ek het nie eintlik ’n ‘stem’ gehad nie, want geen van die personeel het my verstaan nie,” sê Emma. “Ek kon nie uit my kontrak loskom sonder om ’n enorme boete te moes betaal nie, so ek was in hierdie hotel vasgevang. Dit het soms gevoel of ek mal gaan word.”

Hoewel sy nou daarvoor kan lag, erken sy die ervaring was traumaties. Sy het uitgebrand en sielkundig afgetakel teruggekeer en juis daarom wou sy haar wedervaringe deel.

Tog, erken sy, is sy nie spyt oor haar jaar in die Verre-Ooste nie. “*Met slenterslag na Shanghai* was my manier om sin te maak van alles en my verhaal te deel. Dis belangrik om die volle spektrum van ’n ervaring uit te stal – van die goed tot die sleg; die hartseer tot die ironie. Mense huil en lag in my *shows*. Daai jaar was ’n keerpunt in my lewe. Ek dink die heelal wou gehad het ek moes harde lesse leer! My ervaring het my sterker vir hierdie mededingende bedryf gemaak.”

En daarom voel Emma deesdae beter voorbereid vir enige geleentheid en uitdaging wat oor haar pad kom.

“Ek het geleer as jy iets wil doen, moet jy dit net aanpak as elke sel in jou lyf sê jy moet dit doen. Sit dan alles in. ’n Mens kort baie dryfkrag om dit te ‘maak’ in dié bedryf. Dis ’n besigheid, dis ’n *commitment*. Net jy kan jouself laat groei.” ♡

DEUR MARLI VAN EEDEN
FOTO: THIERRY BORNIER

DIE ONDRAAGLIKE SKOONHEID VAN BETOW

DAAR IS DIÉ MENSE WAT VINNIG IS OM AFRIKAANS 'AF TE SKRYF', MAAR 'N GROEPIE EUROPESE AKADEMICI EN SKRYWERS GLO DIE TAAL IS NOG AKTUEEL ÉN HOU HOM LEWENDIG ...

'NMens kan dié viertal Afrikaans se “ambassadeurs” in Europa noem. Dis soos die sêding lui: As jy sulke vriende het, kan die vyande maar kom!
Taalgenoot het by hulle gaan inloer.

'N POOL WAT DIG IN AFRIKAANS



JERZY KOCH is hoof van die departement Nederlandse en Suid-Afrikaanse studies aan die fakulteit Engelse studie van die Adam Mickiewicz-universiteit in Poznan, Pole, en hoofredakteur van die akademiese tydskrif *Werkwinkel*. Hy gee klas in Nederlandse en Suid-Afrikaanse literatuur en het pas as Afrikaanse digter met *Pleks*

van plaas gedebuteer.

Jy is die skrywer van *A History of South African*

Literature: Afrikaans literature, 17th–19th centuries. Jy glo dus in ons taal en ons letterkunde?

My literatuurgeskiedenis is 'n poging om die algemene siening van die literêr-historiese prosesse in Afrikaans reg te stel. Afrikaans het slegs 'n relatief kort tyd van sy algehele bestaan amptelike funksies vervul en politieke steun gehad. Moenie vergeet dat die *Patriot*-manne, wat van Hollands en Engels wou wegbeweeg, deur ander Afrikaners belaglik gemaak is nie.

Natuurlik is die weggewyn van Afrikaans as medium aan universiteite sleg, maar kyk watter moontlikhede daar deesdae vir kleiner tale bestaan danksy globalisasie – daár floreer Afrikaans. Ek kyk nou heeltemal anders na Afrikaans as in 1992, toe ek die eerste keer na Suid-Afrika gekom het. Toe het my drang as akademikus my aangevuur. Nou was ek al bykans 30 keer in Suid-Afrika en sien die konstante veranderinge.

Waarom het jy betrokke geraak by 'n Afrikaans-departement?

Ek het navorsing begin doen oor die Afrikaanse letterkunde en uiteindelik drie boeke in Pools en een in Nederlands daarvoor gepubliseer. Die sfeer van nuwe inisiatiewe aan die Adam Mickiewicz-universiteit is steeds baie gunstig.

Waar het jy Afrikaans geleer?

Veral tuis. Ek het na die bandjies uit die blindes se biblioteek geluister; ook opnames met Afrikaanse literêre werke. Dat ek sedert 2000 so gereeld na Suid-Afrika kom,

ERING

help my ook baie. Ek luister na vriende, leer by hulle en lees ... dit veral!

Staan die Afrikaanse letterkunde sy plek vol in die wêreldletterkunde?

Dis goed dat jy die term “wêreldletterkunde” gebruik. Elke literatuur wat vir die mens relevant is, is tegelyk lokaal en universeel. Dink aan Griekse tragedies, Shakespeare of Molière se toneelstukke; dink aan Eybers, Schoeman of Coetzee – hulle almal verwerk die plekgebonde gegewe met die universele blik op die mens. Ons moet plaaslik én globaal lees en dink.

Waarom het jy jou debuut as digter in Afrikaans gemaak? Waarom nie in Pools of Nederlands nie waar jy ’n groter leserstal sou hê?

Dit gaan nie om die getal lesers nie. Ek het begin besef dat ek ontvanklik vir Afrikaanse woorde geword het, dat hul samestelling my diep raak. ’n Paar jaar gelede het ek besef dat Afrikaans deel van my is terwyl ek in Pole met my hond gaan stap of aan die Oossee wandel of in Paternoster op die rotse na die see sit en kyk. Dis dalk betowering deur die ander bewoordinge, klanke, konstruksies.

Van watter belang is die Afrikaanse letterkunde en sy skrywers vir literatore in Europa?

Die name van Krog of Breytenbach is ’n baie goeie visitekaartjie vir die Afrikaanse literatuur. Maar dis die vraag of die uitgewers dit volg. Suid-Afrika het sy eie

wêreldfaam in die 90’s gehad. Nou werk die handelsmerk van die land nie meer nie – jy moet individueel werk. Die bekendste en herkenbaarste Afrikaanse outeurs in Pole is sekerlik André P. Brink en Deon Meyer. Albei word uit Engels vertaal, want daar is nouliks vertalers uit Afrikaans. ►

**“’N PAAR JAAR
GELEDE HET EK
BESEF DAT
AFRIKAANS DEEL
VAN MY IS TERWYL
EK IN POLE MET MY
HOND GAAN STAP OF
AAN DIE OOSSEE
WANDEL OF IN
PATERNOSTER OP
DIE ROTSE NA DIE
SEE SIT EN KYK.”**

DIÉ NEDERLANDER SKRYF VERGETE KHOI-STORIES LOS



BART DE GRAAFF van Middelburg (Nederland) is 'n historikus en joernalis wie se studieveld die Suid-Afrikaanse politiek en kultuur is. Hy praat vlot Afrikaans en besoek Suid-Afrika gereeld vir navorsingsdoeleindes. Hy is die skrywer van onder meer *Ik Yzerbek*, wat in Afrikaans vertaal is as *Ware mense*, en van *Barend*

Barendse: Die vergete kaptein van Danielskuil.

Hoekom het jy besluit om geskiedenis in Suid-Afrika te kom studeer?

In die laat 70's het ek geskiedenis aan die Universiteit van Utrecht gestudeer, 'n tyd toe Suid-Afrika gedurig in die nuus was. Een van ons politici het gesê hy's skaam omdat "apartheid" internasionaal die bekendste Nederlandse woord is. Dalk het dít my ge-trigger om op my eie 'n bietjie navorsing te gaan doen oor die woord se herkoms en apartheid se ideologiese wortels. Ek het 'n beurs gekry en voordat ek my oë kon uitvee, was ek in Suid-Afrika. Waar ek uitgevind het "apartheid" is die eerste keer in Kroonstad gebruik, in 1929, deur ds. J.C. du Plessis, as sinoniem vir "segregasie".

Hoe kry jy dit reg om jou Afrikaans so lewendig te hou?

Ek leer steeds nuwe woorde, uitdrukkings en gesegdes as ek in Suid-Afrika kom. En ek's dankbaar vir ou én vir nuwe vriende met wie ek Afrikaans praat. Ek lees en luister baie Afrikaans. Ek hou van gedigte en het 'n versameling Afrikaanse CD's.

Het jy van die begin belanggestel in die Khoi- en Griekwa-geskiedenis?

Dit het eers later gekom. Eintlik eers ná 1994, toe ek meer en meer bewus geword het van die feit dat die Nederlandse kulturele erfenis ook die erfenis van die Suid-Afrikaanse bruin mense is. Daar is baie stories, veral op die platteland, wat geskryf moet word. 'n Kultuur kan nie sonder kennis van die geskiedenis voortbestaan nie.

Twee van jou boeke oor hulle is in Afrikaans vertaal en nou het jy 'n werksessie-handboek saamgestel oor die mense en kulture in die noordelike grensgebied van die Kaap aan die begin van die 1800's.

Ja, ek is mal oor die Noord-Kaap. Oor die leegte, verskeidenheid kulture, die gasvryheid, die naghemel. As ek deur die Noord-Kaap ry, voel dit soos 'n tydreis. Ek verbeel my dat ek presies dieselfde landskap sien as wat die mense in hierdie stukkies wêreld 200 jaar of langer gelede gesien

het – Khoi-Khoi, koloniste, Xhosa, Tswana en San, of Boesmans, soos hulle vandag genoem wil word, die Griekwa en Koranna, die sendelinge ...

Wat is nog op jou navorsingslys?

Ek werk saam met Doreen Atkinson van die Karoo-ontwikkelingstigting aan die geskiedenis van Danielskuil, eens 'n Griekwa-dorp. Maar daar's nog baie wat ek graag wil doen.

AFRIKAANSE POËSIE AAN DIE NEDERLANDSE TAFEL

BENNO BARNARD se oeuvre sluit poësie, prosa, essays, toneeltekste en vertalings in. Hy is 'n belangrike stem in die literêre landskap van Nederlands en neem dikwels deel aan openbare debatte. Sy digbundel *Het trouwservies* is onlangs in Afrikaans vertaal as *Die trouerservies*, maar sy bande met Suid-Afrika strek ver terug. Hy is in Amsterdam gebore en het byna 40 jaar in België gewoon, maar woon sedert 2016 in Oos-Sussex, Engeland.



Jy het Afrikaanse digters deur jou pa, Willem Barnard, leer ken. Het hul werk dus dekades gelede al 'n indruk op jou gemaak?

My pa, 'n predikant maar ook 'n digter wat onder die skuilnaam Guillaume van der Graft gewerk het, het die gewoonte aan tafel gehad om ná aandete vir ons voor te lees. Soms uit die Statebybel, juis om die skoonheid van die 17de-eeuse Nederlands onder ons aandag te bring – die gemeenskaplike voorouer van moderne Nederlands en Afrikaans. Veral ook die gedigte van N.P. van Wyk Louw, Elisabeth Eybers en Ingrid Jonker. Dit het 'n groot indruk op my gemaak.

Ek het baie Engelse kinderboeke gelees, maar Afrikaans was 'n magiese taal, 'n soort betowerende Nederlands. Dit het nie saak gemaak dat ek nie altyd alles verstaan het nie, maar ek het geluister na gesegdes, liederes en inkantasies. Toe ek later self gedigte begin lees, het ek die Afrikaanse woordeskat outomaties aangeleer. Eybers het 'n sleutelrol gespeel, omdat haar Afrikaans as ingevoerde, Amsterdamse digter nader aan Nederlands is as dié van ander digters.

Wanneer het jy Suid-Afrika die eerste keer besoek?

Dit was in 2002, toe ek op uitnodiging van die Taalunie die Afrikaanse universiteite – Stellenbosch, Potchefstroom en Pretoria – saam met die skrywers Stefan Hertmans en Christine Otten besoek het. Ek onthou nog my gewaarwording met die eerste Afrikaanstalige met wie ek gekommunikeer het, só of ek iemand uit die 17de eeu bel.

Waarom jou belangstelling in die werk van juis Afrikaanse skrywers? Of onderskat ek nou my taal?

Jy onderskat vir seker die waarde van Afrikaans! Die kwaliteit van die literatuur wat geskryf word in 'n bepaalde taal hang nie af van die aansien van daardie taal in 'n wêreldkonteks nie. Ek ken byvoorbeeld skitterende poësie in Fries, 'n taal wat deur seker 20 maal minder mense as Afrikaans gepraat word. Julle het fantastiese digters. En wat die taal self betref – Afrikaans is beeldend, dis of jy die woorde as 't ware kan aanraak; ook vanweë al sy neologismes. Dis 'n minder abstrakte taal as Engels en Nederlands en dít is wonderlik vir 'n digter, wat met die taal kan speel soos 'n kind met klei.

Wat beteken dit vir jou dat jou gedigte in Afrikaans vertaal is?

Dis 'n eer. Die reaksie op *Die trouseservies* bewys dat daar wel 'n paar honderd mense bestaan wat van die Afrikaanse Benno, of van die hibried-Benno-Daniel, hou. Lekker!

HY BRING AFRIKAANS EN DIE LAE LANDE BYMEKAAR



PROF. YVES T'SJOEN is koördinator van die afdeling Nederlands van die vakgroep letterkunde aan die Universiteit Gent en buitengewone hoogleraar by die departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch. Hy werk ook deelyds aan die Karelsuniversiteit in Praag en spesialiseer in moderne poësie, edisiewetenskap en Afrikaanse literatuur.

Wat het jou belangstelling in die Afrikaanse letterkunde geprikkel?

My belangstelling in die Nederlandse letterkunde het outomaties na Suid-Afrika gelei. Dirk Coigneau, my oudkollega by die Universiteit Gent, het 'n seminar oor die Afrikaanse letterkunde gereël. Daarvoor het hy gasdosente, kollegas uit Suid-Afrika, genooi en hieruit het 'n samewerkingsooreenkoms in 1996 tussen Stellenbosch en Gent tot stand gekom. Aan die einde van die jare 90 was ek ses weke lank in Suid-Afrika vir navorsing en het algaande die lewenskragtigheid en dinamiek van die Afrikaanse letterkunde ontdek.

Jy is die dryfkrag agter gereelde besoeke daar deur Afrikaanse akademici en skrywers. Jy het ook help sorg vir die oprigting van die Gentse leerstoel Suid-Afrika: Tale, literature, kultuur en samelewing, dan nie?

Die leerstoel in Gent, wat in 2017 opgerig is, is die produk

van jare lange samewerking. In 2016 is die onderzoekgroep Gents Centrum voor het Afrikaans en de Studie van Zuid-Afrika ingestel. In 2014 het die universiteit 'n eredoktorsgraad aan Breyten Breytenbach toegeken. Sedertdien organiseer die Centrum jaarliks 'n simposium oor Afrikaans en sy literatuur wat druk bygewoon word. Van jaar tot jaar werk die Centrum saam met die Universiteit van Amsterdam en sy leerstoel Suid-Afrika: Geskiedenis, letterkunde en kultuur.

Jy is ook aan Unisa en die Universiteit Stellenbosch se departement Afrikaans en Nederlands verbonde. In watter hoedanigheid?

Ek was verlede jaar en begin vanjaar een maand lank 'n navorser en mentor in Pretoria vir 'n na-doktorale navorsingsprojek van dr. Alwyn Roux. Die projek fokus op die studie van Afrika-beelde in Breytenbach se gedigte. Ek is sedertdien, danksy Alwyn, betrokke by die departement Afrikaans en algemene literatuurwetenskap van Unisa. Hieruit vloei verdere projekte, soos die saamstel van 'n poësiebloemlesing uit Breytenbach se Afrika-gedigte en 'n simposium by die Gorée-instituut in Senegal waaraan Breytenbach al jare lank verbonde is.

Jy woon gereeld literatuurfeeste in Suid-Afrika by. Watter bydrae lewer hierdie feeste tot die bevordering van Afrikaans?

Ek hou daarvan om elke jaar die Tuin van Digters by die Breytenbach-sentrum in Wellington by te woon. By 'n paar geleenthede het ek daar aan gesprekke deelgeneem oor byvoorbeeld die Gentse leerstoel en die werk van Breytenbach. Ek was ook al 'n gas by die Vrystaatse Kunstefees in Bloemfontein waar ek onder andere met Daniel Hugo gesels het oor sy vertaling uit Nederlands van Benno Barnard se digbundel *Het trouwservies*. Suid-Afrika is 'n land met talle kuns- en literatuurfeeste. Sulke inisiatiewe is baie nodig vir die taal.

Dit beteken mos dat jy 'n toekoms vir Afrikaans as voer- en kultuurtaal sien, of hoe?

Natuurlik is daar 'n toekoms vir Afrikaans as kultuurtaal. Solank studente die kans kry om aan universiteite in Suid-Afrika taal- en letterkunde te bestudeer, is die navorsing oor Afrikaans en die akademiese onderrig van die taal gewaarborg. Dis waarom universiteitsbesture moet bly belê in Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal. Die Afrikaanse literatuur is besonder lewendig, met interessante stemme veral in die digkuns. Internasionaal word Afrikaanse skrywers hoog aangeslaan: Breytenbach, Brink, Krog en Marlene van Niekerk, maar ook die jonges soos Pieter Odendaal, Jolyn Phillips en Ronelda Kamfer. Hul werk word aan universiteite gedoseer. Ek glo in die toekoms van Afrikaans uit my posisie as “binnewaartse buitestaander”. ♡

STORIE EN FOTO'S DEUR MARLENE MALAN

GOGGAS IN JOU KRISTALBAL

DETTIG JAAR GELEDE SOU MIN
MENSE KON VOORSPEL 2020 GAAN
LYK SOOS HY LYK. EN TOG WAAG
HEELPARTY KENNER S DIT OM DIE
AARDE VAN 2050 TE "TEKEN" ...



“I’ve seen the future, brother, it is murder,” mymer Leonard Cohen reeds in 1992. Dit klink dalk na onlangs, maar dit is reeds bykans drie dekades gelede.

Die lewe op planeet aarde in 1992 was ingrypend anders. Bill Clinton is tot Amerikaanse president verkies en Nirvana se deurbraakalbum, *Smells Like Teen Spirit*, is bekendgestel. Op die silwerdoek was *Wayne’s World*, *A Few Good Men*, *Basic Instinct* en *The Bodyguard* treffers. Prins Charles en prinses Diana se paadjies skei en Microsoft stel Windows 3.1 bekend. In Suid-Afrika stem wit kiesers vir die laaste keer alleen in ’n referendum – vir die instel van ’n inklusiewe, demokratiese politieke stelsel. Shane Warne van Australië laat sy eerste toetspaaltjie kantel ...

Deesdae is dit ou nuus – ’n tyd wat deur nostalgie en ongeloof omhul word. My seun, drie jaar jonger as wat ek in dié jaar was, skud net sy kop as hy hoor met hoe “min” sy pa oor die weg moes kom. En dit voel soos net nou die dag.

Die toekoms was nog altyd iets wat die mensdom fassineer. Futuristiese artikels is al vir dekades gebruiklik in die populêre kultuur en media. Vlieënde motors en ruimterise is in die middel van die 20ste eeu vir die jaar 2000 voorspel. Ja, die jaar wat vir dekades die bakermat van tegnologiese vooruitgang sou wees en eindelik gekom en gegaan het, in die woorde van T.S. Eliot, “*not with a bang*

but with a whimper”.

Verandering en vooruitgang gebeur nie oornag nie, maar mettertyd. Ons telefone het plek gemaak vir slimfone: ’n rekenaar, internetblaaier, musiek-speler, kamera en TV-skerm in een. ’n Toestel waarop jy na die nuus kan kyk of lees, kitskos kan bestel, ’n rit iewers heen reël, stap-vir-stap padaanwysings kan kry, jou banksake afhandel, jou kitaar kan stem en ’n legio dinge doen. En dit is net één toestel.

Ons het motors wat sonder brandstof loop, ons beklank geldlose transaksies, ons lees boeke op ’n skerm en ons luister na die musiek wat ons wil, en kyk na die reekse en fliks wat ons wil, wanneër ons wil. Ons wek krag op met sonlig, ons woon vergaderings aanlyn by, ons koop ons kruidenierware, kitskos en klere op ’n skerm en ontvang dit by ons voordeur.

DIS VOORUITGANG, SWAER!

Die konsep “virtueel” het vir baie mense ’n daaglikse werklikheid geword in die Covid-19-grendeltydperk. Hoewel dit vele mense basiese hulpbronne en ’n inkomste ontnem het, het dit vir baie mense en maatskappye ’n tydperk ingelui waarin hulle nie meer op


kantoor hoef te wees om produktief te wees nie. Solank jy die nodige katoeters en ’n goeie internetverbinding het, kan jy onbepaald van enige plek werk.


Dit is reeds ’n reusesprong van waar ons 30 jaar of wat gelede was. Dan praat ’n mens nie eens van veranderinge in die filosofie, politiek, maatskaplike kwessies, moraliteit, geslagsrolle, ouerskap, wetstoepassing en omgewingskwessies nie. Tot onlangs was stamselnavorsing en kloning nog omstrede, asook gay-huwelike. Lyfstraf is nou onwettig. Herwinning is in en fossielbrandstof op pad uit. Jy mag maar ’n zol by jou huis rook, bra. Tieners is wêreldbekende aktiviste en vriendskappe en verhoudings word aanlyn gevorm en gekoester.

Waarheen is ons op pad? Waar is ons oor nóg 30 jaar, in 2050?

Al gehoor van die “vierde nywerheidsrevolusie”? Volgens die Wêreld- Ekonomiese Forum sal dit die manier waarop ons leef, werk en met mekaar kommunikeer fundamenteel verander. Dit is die “nuwe hoofstuk” in menslike ontwikkeling wat moontlik gemaak gaan word deur buitengewone vooruitgang in tegnologie.

Dit gaan na verwagting die grense tussen die fisieke, digitale en biologiese wêreld laat vervaag op maniere wat baie voordele inhou, maar ook gevaarlik kan wees. Diegene wat die Netflix-reeks *Black Mirror* ken, sal ►





bekend wees met die amper distopiese potensiaal wat tegnologie kan inhou, maar uiteindelik bied die vierde nywerheidsrevolusie 'n geleentheid aan mense uit alle inkomstegroepe om tegnologie te benut om 'n inklusiewe, mensgefokusde toekoms te skep.

JOU SLIMFOON DALK GISTER SE NUUS

Ons kan grootliks uitsien na verdere verbeterings in bestaande tegnologie en dié neiging sal, volgens die Brit Ian Pearson, 'n toekomskundige wat glo 85% van die tyd reg is, binne die volgende paar jaar al hoe meer toeneem.

Pearson het aan *Business Insider* 'n paar voorspellings gewaag. Hy meen daardie einste slimfoon, wat die

toonbeeld van tegnologiese vooruitgang is, gaan binne die volgende paar dekades uitgedien wees. Om die waarheid te sê, mense gaan vir jou lag as jy nog een rondkarwei. Ontwikkelings in “versterkte werklikheid”, of *augmented reality* (AR), gaan slimfone vervang, reken hy. Dit is allermens nuwe tegnologie. Baie van ons gebruik dit reeds daaglik. Dink maar aan die *Pokemon Go*-speletjie of wanneer die TV-skeidsregter bepaal of 'n kolwer been voor paaltjie betrap is.

Een van Pearson se voor die hand liggende voorspellings is ten volle outomatiese voertuie. Teen 2050 sal hulle alledaags wees, glo hy, terwyl vlieënde motors nie meer 'n lewensvatbare opsie sal wees nie. Dit is verstaanbaar; die meeste mense kan skaars 'n kar op die pad hou. Die Amerikaanse astrofisikus Neil deGrasse Tyson het hoeka gesê: “In die verlede het mense voorspel robotte

gaan jou motor bestuur. Nou weet ons die motor sêlf gaan 'n robot wees.”

Selfs ons woonplekke en ander geboue gaan deur kunsmatige intelligensie beheer word, voorspel Pearson. Jy sal met jou huis kan “praat” om, sê maar, die ligte aan te skakel of die binnetemperatuur te verstel. Hy meen ook 3D-drukkertegnologie kan binne 20 jaar soveel verbeter dat selfs huise vinniger en goedkoper opgerig kan word.

Die Amerikaanse uitvinder Ray Kurzweil, skrywer van *The Age of Spiritual Machines* en *How to Create a Mind*, se toekomsvisie is nog ingrypend. Volgens Apiumhub meen Kurzweil die mens se senuweestelsel sal via nanorobotte met die virtuele wêreld kan kommunikeer – amper soos om 'n slimfoon in jou brein te hê. Vergeetagtigheid sal iets van die verlede wees, want al jou herinneringe sal in die “wolk” gebêre word.

'n Nog meer omstrede voorspelling is dat dié tegnologie ingespan kan word om mense se bewussyn te omskep in 'n geloofwaardige virtuele weergawe van hul “persoonlikheid”, wat kan voortbestaan selfs nadat hulle dood is. Jy sal kan “voortleef”, al is dit bloot as ingewikkelde algoritme wat jou eintlik maar “naboots”. 'n Lomp weergawe van dié tegnologie word in 'n episode van einste *Black Mirror* verken – met katastrofiese gevolge.

Kurzweil stem saam met Pearson oor outomatiese voertuie en voeg by ruimtetoerisme sal 'n werklikheid wees. Daarby meen hy die helfte van hedendaagse beroepe sal teen 2050 nie meer bestaan nie.

DIE GOGGA OP JOU BORD


Die voorstelling van 'n bord vol pille is lank reeds clichématig. Die mensdom se manier van voeding gaan wesenlik verander, sê Vasambal Manikkam, wat 'n doktorsgraad in voeding- en voedselwetenskap aan die Victoria-universiteit in Australië

verwerf het.

Glo dit of nie, maar insekte gaan toenemend 'n groot bron van proteïene word. Goggas word reeds in baie lande geëet, maar blykbaar gaan jy nie 'n kokkerotsosatie op die kole hoef te gooi nie. Vir voedselbeveiligingsdoeleindes word insekboerdery beskou as 'n volhoubare manier om 'n ekologies lewensvatbare voedselbron te bied. Die gedagte is om wanvoeding in onderontwikkelde lande te bekamp en die omgewingsimpak van vleis aansienlik te verminder. Suid-Afrika is trouens die tuiste van AgriProtein, een van die voorste voedselvervaardigers wat van insekte gebruik maak. In Switserland kan jy reeds burgers eet wat van insekproteïene vervaardig is.

Manikkam sê vleis sal toenemend deur plantgebaseerde alternatiewe vervang word. Dit is ook reeds die geval. Dink maar aan die “Beyond Burger”, wat 'n gewilde dis by nuwerwetse restaurante is. Sy frikkadel smaak glo beter as die ware Jakob. Daarby ontwikkel wetenskaplikes reeds sedert 2013 sintetiese vleis van stamselle. Dit lyk, ruik en smaak blykbaar presies soos gemaalde beesvleis.

Al hoe meer genetiese gemanipuleerde (GM) kos sal beskikbaar word en landerye sal straks vervang word deur hoë geboue, waar gewasse vertikaal en met kunsmatige intelligensie gekweek word.



DIE POLITIEK VAN SKAARS HULPBRONNE

Teen 2050 gaan die wêreldbevolking raak-raak aan 10 miljard, aldus die Verenigde Nasies. Hoe die politieke bestel van die dag en wêreld-verhoudinge gaan lyk, is 'n moeilike voorspelling om te waag en

meningsvormers en futuriste het uiteenlopende idees daaroor. Min mense kon die politieke landskap van 2020 voorspel!

Die aanlyn publikasie Quartz het verskeie denkers gevra hoe die wêreld oor 50 jaar gaan lyk. Op die vraag, “Wie gaan die wêreld regeer?” het die meerderheid “vroue” geantwoord. 'n Paar het gesê groot maatskappye en sommige “robotte” of kunsmatige intelligensie, terwyl 'n paar steeds aan die konsep van supermoondhede kleef. Oor een ding stem die meeste saam: Die skaarsheid van natuurlike hulpbronne kan 'n groot twispunt raak en ongelukheid gaan verder toeneem. Klimaatverandering, en veral die tekort aan vars water, gaan problematies wees.

Laasgenoemde kan katastrofiese

gevolge hê indien daar nie dringend en wesenlik daaraan aandag geskenk word nie.

Volgens *The Guardian* gaan 70% van die wêreld se bevolking teen 2050 stedelinge wees. Om 'n algehele ramp te voorkom sal water ten alle koste bespaar, bome geplant en fossielbrandstowwe verbied moet word, die mens se dieet sal moet verander, boerderye sal moet aanpas en lugbesoedeling sal ingrypend moet verminder.

“Die aarde is afgep*,” het DeGrasse Tyson op die internetgeselsprogram HarryTV gesê. “Wat sê wetenskaplikes gedurig vir mense oor aardverwarming? Dit help nie jy ontken dit nie. Wetenskaplikes kyk na objektiewe feite in die natuur. Dit is wat ons doen – dit is al wat ons doen. En wanneer die oorgrote meerderheid van ons tot dieselfde gevolgtrekking kom, en dit word getoets en bevestig, dan word dit 'n onbetwisbare feit. En om dan na daardie feit te kyk en te sê, ‘Ek glo dit nie’ is jou nie beskore nie, al rym dit nie met jou politiek of geloof nie.”

Cohen was dalk reg: Die toekoms kan moorddadig wees. Dit hang van ons af. ♡

DEUR RIAAN GROBLER
ILLUSTRASIES: LOUIS VAN DEN
HEEVER

KAROO

VAN GEHEIMENIS



'N SELDSAME FOTO VAN HETTIE SMIT.

Hettie Smit het net een boek geskryf: *Sy kom met die sekelmaan*, wat in 1937 verskyn het. Dit bestaan uit dagboekinskrywings en briewe waarin sy vertel van haar onbeantwoorde liefde vir die jong digter W.E.G.

Louw.

Sy was 'n student aan die Universiteit van Kaapstad toe sy kennis gemaak het met die Louwbroers, W.E.G. en N.P. van Wyk, wat 'n vernuwing in die Afrikaanse letterkunde gebring het. Sy is in die

'N TOEVALLIGE ONTDEKKING HELP DANIEL HUGO OM 'N VOETNOOT TOT DIE AFRIKAANSE LITERATUURGESKIEDENIS BY TE VOEG. 'N PLATTELANDSE TREINSTASIE EN 'N PREDIKANTSDOGTER WAS DIE ONTBREKENDE STUKKE IN DIE LEGKAART ...

klein, maar lewendige Afrikaanse kultuurkring opgeneem wat in die dertigerjare in die Engelstalige Kaapstad floreer het.

Smit en Elisabeth Eybers is die enigste vroue wat deel was van die sogenaamde Dertigerbeweging en al het Smit net een boek op haar naam, word sy steeds as 'n baanbreker gereken. Haar liriese prosastyl met sy intieme ontboesemings was destyds iets nuut en opwindend, en haar boek is dekades lank op universiteit voorgeskryf.

Dit klink bekend

Die verhaal speel onder meer af in Kaapstad, waar sy studeer het, en op 'n plattelandse dorpie, Kruitfontein, waar sy skoolgehou het. Laasgenoemde is 'n fiktiewe naam en geen letterkundige het nog die moeite gedoen om die ware identiteit van die dorpie vas te stel nie. Dit is wel bekend dat Smit in Wellington, Prins Albert en Kimberley skoolgehou het voordat sy in 1940 met ene S.J. van Vuuren getroud is. Sy is op

12 September 1973 in Pretoria dood toe sy 68 jaar oud was.

Ek woon die afgelope sewe jaar in Prins Albert en het gou geleer daar is 'n stasietjie genaamd Kruitfontein ongeveer 50 km van die dorp en 10 km van Leeu-Gamka. Van Prins Albert is dit met 'n grondpad bereikbaar. Dit het my snuf in die neus gegee. Ek gaan lees toe weer *Sy kom met die sekelmaan* en die beskrywings van die Karoo-dorpie wat ek daarin teëkom, klink vir my baie bekend.

In die liefdadigheidswinkeltjie in Kerkstraat kom ek af op 'n "geskiedenis-kalender" van Prins Albert wat die tydperk 1762 tot 1995 bestryk. Die boekie is saamgestel deur Frieda Haak en gepubliseer deur die Fransie Pienaar-museum in die dorp. By die jaar 1937, die publikasiejaar van *Sy kom met die sekelmaan*, is daar 'n inskrywing oor Hettie Smit.

Dit bevat 'n aanhaling uit haar boek – 'n dagboekinskrywing van 1 November 1934: "Sondagmiddagse droefgeestigheid op die verlate strate van die ou Karoo-dorpie. Lang ylblou boomskaduwees oor die wit karspore op die harde pad; 'n paar hoendertjies in 'n tuintjie waar die wind mistroostig in die bome klake; verre gesanik van triestige Hawaiiese musiek op 'n gebarste grammofoonplaat; kaalvoetkindertjies met 'n tennisbal; 'n windpomp se wiel wat kraak en traag omdraai, en die gedribbel van 'n afloopvoortjie ..."

By Haak was daar geen twyfel dat Smit se Kruitfontein in der waarheid Prins Albert is nie. Die dorp is inderdaad bekend vir sy leivore, wat dwarsdeur die jaar loop. Daar is heelwat natuurbeskrywings in Smit se boek en dit klop volledig met die omgewing van Prins Albert, aan die voet van die Swartberg. Sy praat van die bergwind, die klowe, watervalle, proteas en aalwyne. Op 23 Januarie 1935 vertel sy van 'n uitstappie in die berg, waar sy saam met vriende gaan wors braai het.

Op die aand van 2 Augustus 1934 sit sy by kerslig 'n brief en skryf. Sy hoor "die geraas van die verre watermeulens wat in die sterlig buite draai en draai". In Haak se boekie word daar nie



HETTIE SMIT (HEEL LINKS. VOOR) SAAM MET DIE PERSONEEL VAN DIE HOËRSKOOLO ZWARTBERG, 1935.

minder nie as vyf meule gelys. Een van hulle, van die jaar 1850, bestaan vandag nog in 'n gerestoureerde staat.

Die skryfster is ná donker aangewese op kers- of lamplig omdat Prins Albert eers in 1936 'n kragstasie gekry het. Maar sy verkies dit só: "Die motte pla my erg by die lampie. Jy weet, ons dorpie is nog mooi outyds, sonder die nare ou straatligte en elektriese lampe wat die sterlig kan vertroebel."

'n Geleende naam

Haak teken ook in haar geskiedenis-kalender aan dat Smit die vakke Afrikaanse letterkunde en Duits onderrig het. Eintlik was dit die Hollandse letterkunde, lui 'n dagboekinskrywing gedateer Mei 1933. Sy het ook les gegee in Latyn vir die "sekondêre standers". Sy moedig die meisies in haar klas aan om ook dagboek te hou: "... daar's drie van hulle wat elke aand in hulle dagboekies die dag se kern-skoonheid vanself opskrywe. 'A thing of beauty is a joy for ever,' het Ella in hare geskryf."

Ds. H.S. Theron was die predikant by die NG gemeente en sy dogter, Maria, was in die Hoërskool Zwartberg. In 1933 kry die skool 'n nuwe kleurbaadjie en Maria se ontwerp van 'n skoolwapen word

aanvaar. Dit lees ek alles in daardie onvolprese geskiedenis-kalender. Toe tref dit my: Maria Theron is die fiktiewe naam wat Smit haarself in *Sy kom met die sekelmaan* gee. Dit was dus die naam van een van haar leerlinge!

Die dagboekinskrywing van 15 Maart 1935 lui só: "Ou dogtertjie wat so ywerig Duitse werkwoorde leer, met jou blink haarvlegsel en jou lang ooghare oor die rooi ronding van jou wange – eendag sal jy liefhê, en jou rustige bruin oë sal 'n donker droefnis dra." Kan dit Maria Theron wees wat hier beskryf word? Dis moontlik, want Smit projekteer haar eie liefdesleed op die meisie in so 'n mate dat sy haar naam aanneem.

Ds. Theron preek op 20 November 1934 oor die hiernamaalse stad Sion met sy pêrelpoort en goue strate. Maria Theron, alias Hettie Smit, se kommentaar daarop is: "Ag, meneer dominee, en sal dit dan maar ál wees ná ons hartseer? Dan bly ek maar liewer in my sonde alleen agter – hier op die armoedige wêreld by die vriendelike bome ... en by die helder bergwater ..."

Prins Albert het 'n onuitwisbare indruk op Hettie Smit gemaak en, gelukkig vir Afrikaanse lesers, het die onderwyseres dit in 'n unieke boek verwoord. ♡

DEUR DANIEL HUGO

DIE WÊRELD MOET WEE



DIE MISDAADSKRYWER
IRMA VENTER SE
LOOPBAAN HET 'N
NUWE RIGTING
INGESLAAN NOUDAT
HAAR EERSTE ROMAN IN
ENGELS VERTAAL IS ...

"Irma Venter is 'n skrywer wat spesialiseer in voortdurend uitdagende misdaadfiksie," skryf die LitNet-resensent Jonathan Amid.

In 2012 het Venter ons in *Skoenlapper* bekend gestel aan die enigmatiese Ranna, die lieflike fotograaf wat koppe laat draai waar sy ook gaan, maar vir wie dinge ook lelik skeefloop. Saam met Ranna leer ons vir Alex ken, die joernalis wat in Dar-es-Salaam na nuwe stories gaan soek.

Reeds met dié eerste boek in haar "S-reeks" (die Afrikaanse titels van al sewe haar gepubliseerde werke begin met dié letter) het Venter gewys sy is 'n formidabele storieverteller. Dit is dus geen wonder nie dat *Skoenlapper* in April ook internasionaal uitgegee is, as *Hard Rain*, deur Amazon Crossing. Die gebeure speel af tydens erge oorstromings in Tanzanië, vandaar die Engelse titel.

Die ritme van karakters

Irma (45), tans woonagtig in Pretoria, vertel dit was 'n uitdaging om te moes toekyk hoe die Engelse vertaling, 'n projek waaraan sy langer as 'n jaar gewerk het, nie op boekwinkels se rakke kon beland nie weens die impak van Covid-19. Omdat daar geen boekbekendstellings kon plaasvind nie en al die feeste uitgestel is, het dit die bemerking bemoeilik.

"Dalk verdwyn *Hard Rain* in die vergetelheid, maar dalk spoor mense dit later op," sê sy. "Net die tyd sal

“AS SKRYWER MOET JY OOK BAIE SEKER MAAK DAT JOU KARAKTERS MET VERSKILLEND STEMME GESELS. HULLE STEMTOON, RITME EN WOORDESKAT KAN NIE DIESELFDE WEES NIE.”

leer. Ons kan eintlik niks aan die situasie doen nie. Dis 'n tyd van enorme lewensverlies en werkverlies. 'n Mens moet dit respekteer en doodeenvoudig aanhou stories skryf.”

'n Interessante kenmerk van Irma se skryfstyl is haar afwisseling van vertellers. Hoewel dit altyd 'n ek-verteller is, wissel dit van Ranna en Alex tot Sarah, Adriana, AJ en later Jaap.

“Die voordeel daarvan is dat 'n mens die vrystelling van inligting mooi kan beheer en dat een karakter meer kan weet as die ander,” sê sy. “Dit help ook om spanning en 'n verrassingsmoment te skep. Perspektiefbeheer is ook makliker, want as skrywer kan jy dan net met hierdie een stem in hierdie hoofstuk praat. Niks of niemand kan inmeng nie. Die nadeel is dat ek-vertellers nie altyd so gewild is nie. As skrywer moet jy ook baie seker maak dat jou karakters met verskillende stemme gesels. Hul stemtoon, ritme en woordeskat kan nie dieselfde wees nie.”

Dit neem haar 18 tot 24 maande om 'n manuskrip te voltooi. Een manier waarop sy aan elke verteller 'n eie stem gee, is met musiek. Elkeen se musiekmaak verklarap veel van sy menswees, sê sy. Wanneer elke karakter eers sy eie “wysie” het, help

dit haar om hulle so vars moontlik te hou.

“Ek luister ontsaglik wyd en is lief vir musiek van oor die wêreld heen, al kan ek nie altyd die lirieke verstaan nie,” sê Irma. “Melissa Horn van Swede is een van my onlangse ontdekkings. Ek is mal oor enigiets – van jazz en blues tot country. Van Rachael Yamagata tot Alanis Morissette; van Nina Simone tot Rachmaninoff. Luna Paige se musiek is fantasties, veral ‘Juwel van jou oë’. Afrikaanse musiek word gelukkig al hoe ryker aan genres.”

Skryf in die tyd van korona

Hoe het dit gebeur dat 'n bedryfsjoernalis wat vir tydskrifte soos *Engineering News* en *Mining Weekly* skryf in 'n kwessie van net 'n paar jaar in 'n gerekende misdaadskrywer ontpop het?

Sy het reeds in matriek besluit sy wil eendag 'n boek skryf, sê Irma. Op 24-jarige ouderdom het sy aan haar eerste boek begin werk en moes uiteindelik sewe manuskripte voltooi voordat *Skoenlapper* vir publikasie aanvaar is. En nou mors die inperking met haar loopbaan én met boekverkope.

Boekwinkels was vir minstens vyf weke gesluit en nie almal hou van e-boeke nie. Al was daar meer tyd om te skryf, het dit hope energie en selfdisipline geveg om produktief te wees, vertel sy.

“Ek dink 'n mens se inspirasie is so halfafwesig. Ek ‘koop’ altyd karakters, dialoog en aksente in koffiewinkels, restaurante of op straat en in die inperkingstyd was dit net nie moontlik nie. Tog dink ek skrywers is nie noodwendig so erg benadeel nie soos die ander skeppende bedrywe, wat baie sleg deur die koronaviruspandemie geraak is.

“Hopelik sal mense nou die skeppende kunste in al sy vorme meer waardeer. Al daai Netflix-reekse en -rolprente wat mense so opgeslurp het

in die grendeltyd, al daardie luisterboeke is deur skeppende mense gemaak. Dit het skeppende mense geveg om dit te skryf, daarin te speel, op te voer, te verfilm en aanmekaar te sit. Ek wil graag sê: Wys 'n bietjie jou waardering. Sonder hulle sou jou hare al grys gewees het van bekommernis. Sonder hulle sou jy nooit vir 'n oomblik net agteroor kon sit en van al vergeet nie.”

Die vreugde van 'n binnewêreld

Vir die Alex-en-Ranna-aanhangers wat gehoop het om nog vanjaar 'n volgende episode in hul opwindende liefdesverhaal te lees, is daar 'n bietjie slegte nuus. Irma sê sy was hoofsaaklik doenig met *Hard Rain*, aangesien die teks bygewerk moes word vir 2020. Toe *Skoenlapper* in 2012 gepubliseer is, het sosiale media nog nie so 'n groot rol in die joernalistiek gespeel nie.

Die goeie nuus is dat sy reeds 'n hele ent aan 'n nuwe boek geskryf het. Sy is nog nie seker of dit noodwendig 'n boek in die S-reeks gaan wees nie, aangesien 'n nuwe karakter met 'n nuwe storielyn haar kom “aanmeld” het.

Irma is een van daardie skrywers wat jou vasgenael hou tot die laaste bladsy. Haar sterk vrouekarakters maak misdaadfiksie juis opwindend omdat dit nie in die stereotipe van die vleklose mansheld verval nie. Maar wat is dit van skryf wat haar so bekoor?

“Die grootste bevrediging lê vir my in die skep van 'n wêreld en 'n storie en sy karakters binne hierdie wêreld, bloot met behulp van woorde. Is dit nie ongelooflik nie? En dan, binne hierdie raamwerk is daar die skep van 'n amper perfekte sin, 'n elegante storielyn, 'n uitdagende raaisel wat die leser sal boei en 'n fassinerende karakter of twee. Dit is waarna ek streef en hopelik kry ek dit soms reg.” ♡

DEUR ALITA STEENKAMP
FOTO: HANNERI DE WET

RUSBANK

FLIEKTEATERS IS VIR EERS NOG BUITE ONS BEREIK, MAAR MET 'N BAK SPRINGMIELIES EN JOU EIE STROOMDIENS KAN JY (AMPER) NET SO LEKKER ONTSNAP ...

Teen dié tyd sit ons dalk steeds in isolasie in ons blyplekke. Of, as ons dit al buite mag waag, word ons dalk deur 'n haas onherkenbare wêreld begroet. Gaan die uitreiking van fliëks, tydskrifte en boeke as 'n noodsaaklike diens beskou word? Wat hou 'n mens in hierdie tyd nog nugter (behalwe *Taalgenoot*, Netflix en jou gunstelingskrywer)?

Waarskynlik is dit hierdie bizarre situasie wat inmeng in my keuse van die fliëks of reekse waarna ek wil kyk en oor skryf. Komedie of drama, rom-kom of kunsfliëk, epos of dokumentêr, ek is op soek na 'n storie met hart en siel.

Ek wil my in 2020 nie verder met die semels van *Tiger King* meng nie. Die skokwaarde van hierdie reeks – die laakbare (tandlose en af-arm) karakters, die ooglopende narciste, die verniel van diere, die moordkomplot – is nie meer genoeg om my aandag te hou nie. Intendeel, dit laat 'n slegte smaak in die mond. Ek weet daardie wêreld bestaan en is dalk ingewikkelder as hoe dit uitgebeeld word; ek kies bloot om nie verder daardeur vermaak te word nie.

As jy ook meer menslikheid verwag, maar terselfdertyd vermaak wil word, kan ek twee voorstelle doen. Die eerste is *Giri/Haji* (*Duty/Shame*), 'n fenomenale, kruiskontinentale speurverhaal met hope hart en 'n onstuitbare sin vir humor.

Hierdie Netflix-BBC One-produksie handel op die oppervlak oor 'n Tokio-speurder, Kenzo Mori, wat Londen toe gestuur word om sy broer, Yuto, op te spoor. Kleinboet word daarvan verdink dat hy 'n jakoeza-familielid vermoor het. Die bende-oorlog wat dreig, kan die hele Tokio in chaos dompel. Daar is ook Eiko en haar dogtertjie wat uit die kloue van haar pa, die grootste bendeleier, probeer ontsnap. Wat doen Kenzo met sy kleinboet wanneer hy hom vind? Kies hy plig

of skande? Gaan die jakoeza sy gesin seermaak om by hom uit te kom? Die oomblik dat jy jou verbeel jy weet waarheen die storie jou vat, swaai dit links. Dit is heerlik.

Die reeks bied morsige en gebrekkige, dog dapper karakters. Jy hou vrek baie van hulle; jy voel vir hulle, maar jy vloek hulle soms binnensmonds. Jy sien nie vir Yuto uitkomstans nie en dit pas jou, want die arrogante mannetjie maak moeilikheid waar hy ook gaan. In die terugflitse leer jy egter 'n onskuldige, eerlike Yuto ken en jy twyfel in jou mening van hom. Of dit nie genoeg is nie, kan Abbott, die komieklike Britse bendeleier, se dialoog, maniërismes en gomgathouding 'n volwaardige splinterreeks wees.

GIRI/HAJI



RESENSIES

Die donker, moeilike oomblikke word uitstekend deur daardie wonderlike, droë Britse humor afgewissel. Kenzo se kollega word erg aangerand. Hy strompel ure later, bloederig en deurmekaar, by 'n restaurant in en eis 'n telefoon by die kelner. Hy praat egter Japannees en die kelner is Engelssprekend. Sy frustrasie borrel oor en al wat hy kan sê, is: "Phone! Phone!" Die kelner gee in met: "OK, Chinese E.T.!" Een, hy is Japannees. Twee, E.T. se woorde was "Phone home, phone home". Drie, die kollega trek nogal na E.T.

Wat die moeilike oomblikke omvou, is die ingewikkelde persoonlike verhoudinge en die empatie wat die karakters met mekaar het. Kenzo en Yuto is uiteenlopende mans wat tog ooreenkomste deel. Kollegas wat aanvanklik vassit, help mekaar op verrassende maniere. 'n Koppige skoonma red haar rebelse skoondogter. Die kosbaarste verhouding is egter dié tussen Kenzo en sy tienerdogter, Taki.

Giri/Haji bevat ook elemente wat tuishoort in 'n kunsflik; sonder dat dit die reeks ontoeganklik maak. Die kamerawerk is besonders, die formaat wissel tussen wyehoek en 3:4 en daar is anime-styl insetsels. Die beste toneel in die agt episodes is 'n swart-wit-danstoneel wat die hele reeks se kompleksiteit, patos en hartseer netjies saamvat.



CRIP CAMP

gestremdes. Ja, die sin vir humor in hierdie Netflix-flik is reeds van die begin duidelik. En daar is dialoog soos: "I was hit by a bus." "Congratulations."

Camp Jened, 'n vakansiekamp gestig in die 1950's, gee aan 'n klomp gefrustreerde tieners 'n hele somer lank 'n voorsmakie van 'n onafhanklike lewe in die hoofstroom. Hulle besluit een somer is nie genoeg nie en sê die regering die stryd aan. En wen.

Baie mense voel maar ongemaklik wanneer hulle na gestremdes moet

kyk. Met groot sukses vermy ek *My Left Foot* al vir 31 jaar. Tog het ek *Crip Camp* gekies. Daar is trane, ek moet eerlik wees. Die swaarkry word nie weggesteek nie. Dit dien wel as inspirasie. Hierdie groep mense het erger dinge oorgekom as om 'n masker en handskoene te dra en by die huis te bly.

Hul daaglikse lewe is 'n stryd. Om by 'n gebou in te kom is 'n stryd. Hulle verloor nie moed nie; hulle kla nie. Hulle leef medemenslikheid uit. ♡

DEUR RENEY WARRINGTON



90 JAAR JONK!

HULLE HET PROJEKTE EN INISIATIEWE BEGIN EN GEDRYF, GESIEN HOE DIE ORGANISASIE OOR DIE JARE GEGROEI EN VERANDER HET. NOU HET HULLE DIE VOORREG OM DIE ATKV MET 'N GROOT MYLPAAL GELUK TE WENS ...

Wanneer 'n organisasie 90 jaar vier, kan jy maar weet daar lê baie jare van swoeg en sweet daaragter. 'n Organisasie kan nie vanself die mas opkom nie – hiervoor is goeie leiers nodig.

Toe die ATKV in 1930 begin is, het die wêreld baie anders as vandag gelyk. Gelukkig was die ATKV bevoorreg om uitsonderlike leierskap te hê – voorlopers wat die tekens van die tyd kon lees en planne kon maak om die organisasie in die regte rigting te stuur.

Wie beter om die ATKV geluk te wens as van die voormalige besturende direkteure en ons huidige besturende direkteur. Niemand ken immers die ATKV so goed soos hulle nie ...

GELUK AAN DIE TOEKOMSBOUER!

Tydens die jubileumjaar 1980 was die leuse “ATKV – monument van lewende diensbaarheid”.

In 'n SAUK-program wat indertyd gehandel het oor die ATKV het die programaanbieder, Nic de Jager, ter afsluiting opgemerk: “Klein was die begin. Gering die krag wat gemonster kon word. Monumentaal die bouwerke wat opgerig is.”

Ná 90 jaar word die kernwaardes van die ATKV steeds met onverdunde ywer aktief en doelgerig gehandhaaf en in praktyk gestel in belang van sy lede, en die breër gemeenskap.

Die talle verrykende projekte, sowel

as die ontspanningsbydrae van die uitmuntende vakansieoorde, en die leesgenot van *Taalgenoot*, definieer die omvang van die kultuurakker wat steeds deur die ATKV met sorg bewerk word.

Reeds in 1980 het die besturende direkteur die mening uitgespreek dat dit in ons land nodig geword het vir volwaardige kultuurgroepe om hande te vat, en onderling brûe te bou.


Crescendo was die eerste projek om aan hierdie gedagte gestalte te gee, en sedertdien word hierdie oortuiging, na gelang van behoefte, steeds in die praktyk gestel.

Die uitvoerende raad en personeel van die ATKV verdien die hoogste lof vir hul volgehoue bydrae en leiding. Mag u op die pad vorentoe steeds die geleentheid gebied word om met ywer en toewyding te onderhou, te bou en te verbreed aan hierdie monument van lewende diensbaarheid.

Victor Horne was besturende direkteur van die ATKV van 1967 tot 1981. ►

“NÁ 90 JAAR WORD DIE KERNWAARDES VAN DIE ATKV STEEDS MET ONVERDUNDE YWER AKTIEF EN DOELGERIG GEHANDHAAF EN IN PRAKTYK GESTEL IN BELANG VAN SY LEDE, EN DIE BREËR GEMEENSAP.”

– VICTOR HORNE



GELUK AAN DIE DOENER!

Daar word vertel van ’n baie beroemde persoon wat tydens ’n onderhoud op die vraag “Waaraan skryf u u beroemdheid toe?” baie kort gereageer het met een woord: “Kyk.”

Dit som ook die groei en prestasies van die ATKV oor die afgelope 90 genadejare raak op. Die ATKV was nog altyd baie meer ’n doen-organisasie as ’n praat-organisasie – kyk maar net na die werksaamhede en prestasies.

Sedert sy ontstaan grond die ATKV sy werksaamhede en optrede op Christelik-Bybelse waardes en

uitgangspunte. Die gesindheid waarmee die ATKV sy aktiwiteite bedryf, word reeds raak vergestalt in die woorde van A. van der Spuy tydens die stigtingsvergadering, toe hy as een van die doelwitte stel dat die lede “... ook hul Engelse vriende in die Spoorwegdiens help om Afrikaans te leer” soos wat hulle Engels moes aanleer. Nie konfronterend nie, maar akkommodierend.

Die doel om Afrikaans te bevorder en om te sien na die kulturele en intellektuele welsyn van die lede lei onder meer tot die daarstelling van ’n assuranceskema, ’n Wesefonds, ’n Sterftfonds, ’n Studieleningfonds en die aankoop van Hartenbos as

vakansieoord.

Met die leuse “Handhaaf en bou” as uitgangspunt begin *Die Taalgenoot* (1931) as kommunikasie-middel en stig die ATKV die Spoorbond, ’n Afrikaanse personeelvereniging, asook die Suid-Afrikaanse Noodhulpplig.

Ander hoogtepunte sluit in die reël van die Simboliese Ossewatrek ter herdenking van die Groot Trek (1938), die stig van die Vrou-en-Moederbeweging (1943) en die Rapportryersfees (1949), wat oor 15 roetes boodskappe bring na die voltooië Voortrekkermonument.

In die vyftigerjare verskuif die fokus al hoe meer na “bou” en kom die Volkskultuurstigting vir die Afrikaanse Volkskunde (1964) by die ATKV tot stand en word ’n groot bedrag vir die totstandkoming van die leerstoel vir Afrikaanse kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch (1966) geskenk.

Aktiewe kultuurbevordering word ook al hoe meer aangepak in die sestigerjare in die vorm van projekte soos Amateurtoneel en die Jeugleierskursus. In die sewentigs volg Crescendo (ligte musiek) en Forte (klassieke musiek). Dié wyse van kultuurbevordering blom in die tagtigerjare tot vandag.

Dit sluit in projekte op die terrein van musiek (Crescendo, Forte, Prelude, Lier), toneel (Amateur-, Tiener-, Kampustoneel, ATO – vir Afrikataalsprekers), werksessies en kursusse (Jeugberaad, VMB-Feminaar, Ligteliedjiewerkskool), redevoering (redenaarskompetisie vir moedertaalsprekers, asook vir niemoedertaalsprekers), asook pryse (ATKV-Prosaprys, Kinderboekprys, ATKV-Veertjies en Pendoring – saam met ander vennote).

Met die ATKV en sy lede wat deel van die groter Suid-Afrikaanse geheel vorm, word aktief begin om “onbekend maak onbemand” om te skep na “bekend maak bemand” deur deelname aan alle ATKV-projekte oop te stel vir almal wat wil deelneem en spesifieke uitreik- en bekendstellingsprojekte aan te bied. Dit sluit in gesamentlike Jeugdagvierings op die oorde, die borg van die Gebruiks-



“DIE ATKV WAS NOG ALTYD BAIE MEER ’N DOEN-ORGANISASIE AS ’N PRAAT-ORGANISASIE — KÝK MAAR NET NA DIE WERKSAAMHEDE EN PRESTASIES.”

– DR. FRITS KOK

Afrikaans-olimpiade vir kinders wie se moedertaal nie Afrikaans is nie, die vertaling en verspreiding met bladmusiek van “Nkosi Sikelel’ iAfrika” as “Seën ons Here God, seën Afrika” na skole, Ubuntu-kursusse (die bymekaarbring van kinders uit verskillende kultuuragtergronde) en openingsprekers by die ATKV-kongres soos presidente Mandela en Mbeki.

As ledevoordele word die oorde Natalia, Klein-Kariba, Goudini, Buffelspoort, Drakensville en Die Eiland bygevoeg en ter bevordering van die Afrikaanse boek word LAPA gekoop. As vennote in die kultuurbevorderingstaak finansier die ATKV ook die totstandkoming van die ATKV-Skryfskool (1989, Noordwes-Universiteit) en die leerstoel in tolgang (1999, UV). Die ATKV is ook aktief betrokke by die

kunsteeste en doen as aktiewe deelnemer aan die groter Suid-Afrikaanse bestel voorleggings, byvoorbeeld oor die nuwe taalklousule in die Grondwet en die nuwe volkslied en vlag.

Uiteraard het talle van die inisiatiewe oor tyd opgehou, is in ander opgeneem of nuwes is begin. Geen organisasie kan 90 jaar oud word as dit nie suksesvol aanpas by omstandighede nie. Dat die ATKV dit kon regkry, is genade en ook op menslike vlak ’n veertjie in die organisasie se hoed. Dit kon die ATKV net bereik deur uit te gaan van sy Christelik-Bybelse grondslag en deur die betrokkenheid van sy duisende getroue lede, sy talentvolle medewerkers en sy hardwerkende en entoesiastiese personeel.

Op die pad vorentoe sal die ATKV

moet voortgaan om die Afrikaanse kultuur, en daarmee saam Afrikaans, te laat uitpresteer op grond van die dinamiek wat daarin opgesluit is en nie te konsentreer om op ’n negatiewe wyse regte af te dwing deur byvoorbeeld wetgewing en hofgedinge nie.

Dus moet die klem val op prestasie veel meer as op konfrontasie. Op dié wyse kan die ATKV homself, soos in die verlede, onmisbaar deel van die toekoms maak en só aansluit by die pragtige gebed van NP van Wyk Louw:

“Heer, gee ons reg, ons eis met diep ontsag ... dat ons daad in hierdie land moet bly ’n lig wat wink, ’n vlam wat skroei.”

Dr. Frits Kok was besturende direkteur van die ATKV van 1981 tot 2006.

GELUK AAN DIE BRUGBOUER!

Die Verenigde Nasies se opvoedkundige, wetenskaplike en kultuurorganisasie (Unesco), beskou kultuur as die geestelike, materiële, intellektuele en emosionele kenmerke van ’n samelewing of ’n sosiale groep. Dit sluit, bykomend tot kuns en literatuur, ook lewenstyle, maniere van saamwoon, waardestelsels, tradisies en oortuigings in.

Die ATKV is vanjaar 90 jaar gelede gestig, juis met die doel om die Afrikaanse taal en kultuur te bemark en te steun. Die eerste vakansieoord is ses jaar daarna aangekoop en só het die belange en bedrywighede van die ATKV gegroei tot die grootste taal-en-kultuurorganisasie in Suid-Afrika.

Dit is veral die laaste dekade of twee dat die ATKV as die mees inklusiewe en verteenwoordigende kultuurorganisasie gevestig is. Nie net saakmakend ten opsigte van Afrikaanse belange nie, maar ook ten opsigte van maatskaplike samehorigheid tussen alle Suid-Afrikaners.

Die feit dat die ATKV by jonk en oud aanklank vind, hetsy met die verskeidenheid van taal- en kultuurprojekte, óf by die vakansieoorde, spreek boekdele dat ►

die ATKV oor jare relevant gebly het. Die ATKV het daarin geslaag om 'n brugbouer te word tussen die verskeidenheid van Afrikaanses wat lede van die organisasie word of aan die taal- en kultuuraktiwiteite deelneem, sowel as met die ander taalsprekers en kultuurgroepe in Suid-Afrika.

Die Unesco-definisie verwys na tradisies en oortuigings as deel van die kultuur van 'n samelewing. Die Afrikaanse erfenis is ryk aan stories en oorlewings en baie daarvan is goed gedokumenteer. Dit is egter die baie onvertelde verhale en geskiedenis wat ontgin moet word.

Die ATKV speel 'n belangrike rol om dit te bewerkstellig.

Afrikaans is een van die jongste tale ter wêreld. Dit het ontwikkel tot 'n volwaardige en ryk taal wat nog voortdurend groei en ontwikkel. Afrikaans ervaar druk uit verskeie oorde, maar die ATKV, saam met ander organisasies en individue, bly aan die voorpunt om Afrikaans modern en relevant te hou. Die erkenning van die baie variëteite van Afrikaans en die insluiting daarvan op vele gebiede veroorsaak dat die basis waarvandaan Afrikaans funksioneer, stewiger en meer inklusief word. Dit is goed vir Afrikaans. Afrikaans is nie net die moeder- en vaders taal van baie nie, maar ook een van die belangrikste addisionele tale wat deur Suid-Afrikaners gebruik word om mee te kommunikeer. Dit skep 'n waardevolle grondslag vir versoening en die groei van Afrikaans.

Baie geluk aan die ATKV met julle 90ste verjaardag.

Dankie aan die stigterslede en die lede, direkteur en personeel oor die afgelope 90 jaar vir die lojaliteit en ywer waarmee julle die ATKV gedien het en steeds dien. Mag die volgende dekade tot by die eerste eeu van die ATKV, en al die dekades daarna, geseënd wees. Mag die ATKV die belangrike baken van hoop en uitnemendheid bly en selfs nog groter hoogtes bereik.

Japie Gouws was besturende direkteur van die ATKV van 2009 tot 2017.



“DIE FEIT DAT DIE ATKV BY JONK EN OUD AANKLANK VIND, HETSY MET DIE VERSKEIDENHEID VAN TAAL- EN KULTUURPROJEKTE, ÒF BY DIE VAKANSIEOORDE, SPREEK BOEKDELE DAT DIE ATKV OOR JARE RELEVANT GEBLY HET.”

– JAPIE GOUWS

GELUK AAN DIE PASAANGEËR!

Die ATKV is vir 90 jaar deel van die Suid-Afrikaanse kultuurlandskap.

Ek lees met 'n dankbare hart aan die gelukwensings ontvang van my voorgangers. Mense wat op verskillende stadia in die organisasie se bestaan aan die stuur van sake gestaan het en wat opvallend steeds 'n groot passie vir die organisasie het. Hierin lê die verklaring vir 90 onvergeetlike jare. 'n Diepe geloof in ons Skepper. 'n Strewe na uitnemendheid. Die vermoë om aan te pas en die bereidwilligheid om te leer.

Die jaar 2020 het inderdaad nuwe eise gestel en ons is deel van die lewende geskiedenis wat hom uitspeel en in jare vorentoe opgeteken sal word as 'n gebeurtenis wat die wêreld verander het. In die geskiedenis van die ATKV was daar ook verskeie draaipunte wat verandering geïnspireer het en die veerkragtigheid van die organisasie demonstreer.

Die kritiese rol wat taal en kultuur speel in 'n samelewing en sy gemeenskappe staan sentraal tot die psigiese verryking van 'n land se bevolking en die bevordering van wedersydse respek vir individue.

Die 1930's was nie 'n maklike

tydvak in Suid-Afrika se geskiedenis nie. Tog word die ATKV gebore uit 'n passie vir taal en die samebindende krag van kultuur. Later beywer die Vrou-en-Moederbeweging hulself vir die aanpak van sosiaal-maatskaplike uitdagings in hul gemeenskappe. Vroue wat op hul stil manier dit reggekry het om groot verandering mee te bring. Post-'94 verander die rol van die ATKV na dié van 'n brugbouer – en wat 'n voorreg om 'n ieder en 'n elk wat lief is vir Afrikaans in te nooi.

Nou kyk 'n mens terug oor 90 jaar en jy besef kontekste het verander en sal verander en die ATKV kon en sal aanpas. Eng definisies het verander in pas met die gees van die tyd en horisonne is verruim.

In die ATKV se 90ste jaar staan ons voor een van die grootste uitdagings van ons tyd. 'n Vyand, kan jy hom seker noem – een wat jy nie kan sien nie, maar wie se impak oor die wêreld heen gevoel word. Dis egter in die donkerste tye wat jou lig die helderste kan skyn en die “nuwe normaal” (wat niemand werklik nog vaspen nie) stel ook nou aan ons uitdagings.

Sosiale afstand was nog nooit 'n term wat ons sou gebruik om die ATKV se projekte te beskryf nie. Ek dink aan verhoë vol singende Applous-deelnemers, jong akteurs en aktrises wat hul slag op die verhoog wys en werkswinkels en feeste waar ons kon skouers skuur.

Met die koms van Covid-19 moes ons dus ons projekte anders verpak en aan “afleweringsmeganismes” skaaf. En het ons nie geskaaf nie! ATKV-DigiProjekte is gebore en noudat plek nie meer 'n faktor is nie, kan Afrikaanssprekendes oorsee ook deelneem. Nie net skep DigiProjekte geleentheid vir dié in ander lande nie, maar ook vir studente, volwassenes en senior burgers. Of jy dus agt of 80 is, ons het iets vir jou.

Covid-19 het weer bewys dat ons die vermoë het om in 'n korter tydperk produkte van gehalte in die mark te kan posisioneer. Die reaksie van mense was tot dusver baie positief, wat die waarde van ons produkte beklemtoon. Vaardigheidsontwikkeling lê ons nog

altyd na aan die hart. Met DigiProjekte skep ons geleenthede vir 'n verskeidenheid van mense om te bou aan hul toekoms. Net daar waar hulle nou is. Dit geld ook Afrikaans se tweedetaalsprekers.

Dit is die ATKV se visie om die Afrikaanse taal, kultuur, kennis en kreatiwiteit onmisbaar deel te maak van nasiebou, versoening en 'n suksesvolle Suid-Afrika. Ek vertrou dat ons dit reeds doen en dat ons in die jare wat kom, sal voortbou op die werk wat reeds gedoen is.

As ek maar net kyk na wat ATKV-takke in hul gemeenskappe regkry ... Elke tak is 'n brugbouer wat deur Afrikaans nuwe wêreld open (en vriendskappe vestig).

Ja, ons weet nie hoe die post-Covid-19-wêreld gaan lyk nie, maar die rol

van kubergemeenskappe moet beslis nie onderskat word nie. Die mens het nog altyd 'n plek gesoek waar hy kan behoort en die ATKV stel hom ten doel om 'n kultuurtuiste te skep. Ons werk dus hard daaraan om tegnologie en innovasie te omarm sodat ons mense van oor die wêreld heen met ope arms kan verwelkom.

Tog bly die kernwaardes die ankers waaraan alles verbind word. Gemeenskappe bly die spil waarom die ATKV se doen en late draai. Mag die volgende 90 jaar gevul wees met sielsverrykende ervarings, vele geleenthede om Afrikaans uit te bou en te bemark en om saam 'n verskil in die wêreld om ons te maak.

Sonél Brits is die ATKV se besturende direkteur sedert 2018. 🌸

“NOU KYK 'N MENS TERUG OOR 90 JAAR EN JY BESEF KONTEKSTE HET VERANDER EN SAL VERANDER EN DIE ATKV KON EN SAL AANPAS. ENG DEFINISIES HET VERANDER IN PAS MET DIE GEES VAN DIE TYD EN HORISONNE IS VERRUIM.”

– SONÉL BRITS



ONS LEER NOU E-LEER



ALMAL VAN

DIE LANDWYE INPERKING HET
TRADISIONELE SKOOL- EN
WERKOMGEWINGS TYDELIK OMVER
GEWERP, MET DIE GEVOLG DAT BAIE
MENSE MET NUWE OË NA ONDERRIG-
GELEENTHEDE AANLYN KYK ...

Die nuwe millennium, om van Covid-19 nie eens te praat nie, het nie net die werkplek, ekonomie en gesondheidsbedryf uitgedaag nie, maar ook die manier waarop onderwys en opleiding benader word.

Tini Visser, voorligtingsielkundige van die Strand, vertel die onafhanklike eksamenraad (IEB) het skole in hul omgewing twee dae voor die inperking in kennis gestel die leerders moet touwys gemaak word in die gebruik van Google Classroom. “My dogter is in ’n KABV-skool [Caps-kurrikulum] en baie studente het nie toegang tot internetplatforms nie.”

Ook by universiteite is daar aanpassings gemaak. Dr. Amanda Lourens, dosent in taalpraktyk aan die Universiteit Stellenbosch, sê vir voorgraadse studente maak hulle gebruik van hul aanlyn leerplatform SUNLearn. “Vir ons nagraadse klasse sal ons van Microsoft Teams gebruik maak om lesings so normaal moontlik te laat voortgaan, en die studente se aanbiedings kan ook só hanteer word.”

E-LEER AL INGEBURGER

Hoewel die inperkingsregulasies mense meer bewus gemaak het van die voordele van aanlyn leer, is dit nie ’n nuwe konsep nie. Tini sê daar is voor die pandemie reeds baie kursusse op skoolvlak aanlyn beskikbaar gestel.

“In Suid-Afrika is Impaq (KABV) en die Cambridge-stelsel baie gewild. Take word volgens sperdatums ingehandig en gemerk. Tutors se dienste is ook aanlyn beskikbaar. Gewoonlik moet leerders hul eksamens by geregisteerde skole skryf wat eksamens aanbied.

“Die tweede opsie is tuisonderriggroepe. Dié leerders skryf steeds in by die program soos aangebied op die webtuiste, maar hulle deel ’n spasie met ander leerders en ►

“DIE WÊRELD VAN WERK VERANDER VINNIG EN E-LEERPLATFORMS KAN DAARBY AANPAS. IN DIE NUWE MILLENNIUM GAAN ALLES OOR LEWENSLANGE LEER SODAT WERKNEMERS KAN BYBLY EN HULSELF BEMAGTIG VIR DIE WERKSMARK.”

daar is gewoonlik ’n sentrumbestuurder, wat ook lesplanne verduidelik en sorg dat leerders by die sperdatums hou. Dié sentrums kan ook registreer sodat leerders by hul lokaal kan eksamen skryf.”

Op universiteitsvlak is afstandsonderrig allermins ’n nuutjie; dis bloot die tegnologie wat verander het. “Baie studente het toegang tot die instelling se intranet, waarop lesmateriaal beskikbaar is en lesings aanlyn bygewoon kan word,” sê Tini.

“Verder word alle lesings vir afstandsonderrig opgeneem en beskikbaar gestel.

“Universiteite doen afstandsonderrig vir grade en diplomas en baie bied ook korter kursusse aanlyn aan vir mense wat hulle verder in ’n sekere veld wil bekwaam.”

Aanlyn opleiding vind ook algemeen in die werkplek plaas. Die bedryfsielkundige Tanya du Plessis van Pretoria sê maatskappye gebruik e-leer om “opleidingsintervensies” aan hul werknemers te bied.

“E-leer stel werknemers in staat om op die hoogte te bly met die nuutste neigings in die industrie. Die wêreld van werk verander vinnig en e-leerplatforms kan daarby aanpas. In die nuwe millennium gaan alles oor lewenslange leer sodat werknemers kan bybly en hulself bemagtig vir die werksmark. Hierdie konsep gaan nóg belangriker raak vir indiensneembaarheid ná die pandemie. Daarom moet werknemers eienaarskap neem en hul vaardighede verbeter,” sê Tanya.

“E-leer is ook ’n nuttige hulpmiddel om te eksperimenteer as iemand onseker is oor watter loopbaan om te volg. Dit kombineer aspekte soos die visuele, teks, assessering en praktiese oefeninge. Sommige van die e-leerplatforms inkorporeer metodes soos simulaties en speletjies.”

MEER AS EEN PAD NA Matriek

Tini sê aanlyn platforms stel kinders in staat om die opsie te kies om nie ’n skool by te woon nie en steeds matriek te slaag. “Baie skole maak nou voorsiening vir ‘buite-studente’, wat net by hulle registreer vir sport maar vir ’n

onderwysstelsel van hul keuse kwalifiseer. Dit is baie meer bekostigbaar as om ’n private skool by te woon indien ’n leerder die IEB-opsie verkies.”

Coleen Cronjé, uitvoerende hoof van die aanlyn skool Breinlyn, sê leerders kan deur die skoolstelsel “ingesluk” word. “Baie van hulle kry swaar onder die werkdruk en gebrek aan individuele aandag en bereik nie hul potensiaal nie. Dan is daar ook die druk om aan buitemuurse aktiwiteite deel te neem en ouers bekommer hulle ook oor boeliery.

“Tuisonderrig het in die verlede ’n baie negatiewe beeld gehad. Prentjies is geskets van ’n ma wat by die huis onderrig gee, terwyl die kind alleen by ’n tafeltjie sit sonder om met maats te sosialiseer. Die 21ste eeu het egter plek gemaak vir ’n alternatiewe vorm van onderwys wat op die nuutste tegnologie geskoei is.”

By Breinlyn “skryf kandidate wat voldoen aan die voorwaardes van die Nasionale Senior Sertifikaat hul finale eksamen op ons persele, omdat ons ’n erkende eksamensentrum is vir die onafhanklike eksamenraad,” sê Coleen. “Kwalifiserende kandidate verwerf só hul amptelike Suid-Afrikaanse matrieksertifikaat, soos uitgereik deur Umalusi.”

VOORDELE EN SLAGGATE

Nog ’n groot voordeel van aanlyn leer, veral tydens ’n krisis, is leerders raak nie agter met hul skoolwerk nie, sê Tini. “Gr. R, gr. 9 en gr. 12 is sekerlik van die belangrikste grade waar skool móét voortgaan. Kinders sal ook baie sukkel as hulle ’n agterstand ontwikkel in wiskunde en tale omdat elke jaar se kurrikulum bou op die vorige jaar se werk.”

Daarby, sê sy, bevoordeel aanlyn leer veral dié leerders wat sukkel om by die hoofstroom aan te pas. “Dit is ook meer bekostigbaar as om eksklusief privateskool-onderrig te kry. Leerders kan ook teen hul eie pas werk. Hulle kan selfs matriek oor twee jaar doen as daar erge leerprobleme ter sprake is.

“Daar is wel nadele soos dat die studente nie genoeg kans

kry om te sosialiseer nie. Hulle mag sukkel om by die werkplek aan te pas omdat hulle nooit moes inpas by die kultuur van skool soos uniforms, dissipline en dies meer nie,” sê Tini.

Tanya meen e-leerplatforms bied voordele soos veerkragtigheid, beheer en outonomie. “Boonop is dit toeganklik vir almal om nuwe vaardighede aan te leer of bestaande vaardighede op te knap waar en wanneer hulle verkies. Sommige kursusse is meer gestruktureerd as ander, so daar is verskillende opsies. Daar is selfs gratis kursusse beskikbaar.”

’n Nadeel, veral in Suid-Afrika, is beurtkrag, wat tuisleerders se internettoegang oonvoorspelbaar maak, sê Tini. Daarby het nie elkeen toegang tot die internet nie. “En nie almal is bewus van die akkreditasiestatus van kursusse nie. Só is die General Education Diploma van Amerika aangebied as ’n kwalifikasie gelykstaande aan die matrieksertifikaat, maar dié kursus word nie meer deur die meeste universiteite aanvaar nie.”

Tini en Tanya waarsku ouers moet deeglik navorsing doen voordat hulle finaal oor ’n tuisonderrigkursus besluit. “Indien daar nie tutor-steun beskikbaar is nie, en jy as ouer het nie die nodige vakkennis om jou kind te kan help nie, kan dit ’n baie frustrerende opsie wees,” sê Tini.

“Vind uit of die kursus ’n geakkrediteerde matrieksertifikaat toeken soos uitgereik deur Umalusi. Dit is ’n liggaam wat die Nasionale Senior Sertifikaat standardiseer, akkrediteer en uitreik. Dis gelykstaande aan ’n NQF 4-kwalifikasie, so maak seker dat die kursus dieselfde status geniet, anders sal jou kind nie verder in Suid-Afrika kan studeer nie.”

Tanya sê dis belangrik om te besef nie alle e-leerinhoud is op peil nie. “Evalueer jou behoeftes, watter vaardighede jy wil opskerp en of jy akkreditasie vir die kursus wil hê of nie. Ondersoek verskillende opsies en vergelyk dit in terme van die onderwerp, kursusinhoud en aanbieding.”

Nog aanlyn opsies

**JANIE OOSTHUYSEN, OPLEIER BY
DIE SKRYFGEHEIME-SKRYFSKOOLO, SÊ:**

“Dis ’n onafhanklike skryfskool wat ’n kursus in tydskrifjoernalistiek aanbied, asook vier kreatieweskryfskorsusse in kortverhale en romans, kinder- en jeugboeke en prenteboeke. Studente werk tuis en ontvang al hul materiaal per e-pos. Ons werk die gevoel van isolasie teë deur onmiddellik op e-posse te reageer en deur alle terugvoering binne sewe dae aan die student te stuur sodat hul idees en motivering vars bly.”

**NICHOLA TURENHOUT VAN DIE
SA WRITERS COLLEGE SÊ:**

“Ons lei skrywers al die afgelope 15 jaar op. Dit sluit in joernaliste, kreatiewe skrywers, besigheidskrywers, kopieskrywers en proefesers. Ons aanlyn kursusse is baie prakties georiënteerd. Studente lewer werkstukke in. Ons tutors is professionele skrywers en die onderrig vind op ’n een-tot-een-basis plaas. Aanlyn leer werk goed vir skryfskorsusse. Ons kan skrywers oor die land heen bereik.”

**ZERELDE UYS, BESTURENDE DIREKTEUR
VAN KALEIDOPRAX, SÊ:**



“Kaleidoprax bepaal die effektiwiteit van die kommunikasie in Engelse omgewings. Ons verskaf gestandaardiseerde toetsing van individuele vaardighede, ons evalueer geskrewe boodskappe en bepaal die mees effektiewe oplossings vir ontwikkeling. Ons hou al vir ’n hele paar jaar die ontwikkeling van e-leer dop en het dit drie jaar gelede goedgegedink om dit self te begin ontwikkel omdat die gereedskap (internettoegang, slimfone en tablette) meer algemeen geraak het. Aanlyn opleiding is ’n besonder waardevolle hulpmiddel vir meer effektiewe leer in ’n era waar daar nie genoeg vaardige leerkragte is wat moderne en relevante leer kan bewerkstellig nie.” 🌱

DEUR ANNE MARAIS
ILLUSTRASIE: CHRIS VALENTINE

NOG NUTTIGE SKAKELS

www.udemy.com
www.sawriterscollege.co.za
www.skryfgeheime.com
www.kaleidoprax.co.za
www.brainline.com
www.digitalschoolofmarketing.co.za
<https://digitalphotographycourses.co.za>
www.shawacademy.com
<https://alison.com>
www.skillshare.com
www.getsmarter.com





MANS, VROUW EN

#METOO WOED VOORT EN SUID-AFRIKA SE GRONDWET WAARBORG AL 26 JAAR GELYKE REGTE VIR MANS EN VROUE, MAAR HOE VASGEVANG IS ONS DENKE, HOUDING EN OPTREDE NOG IN DIE PATRIARGIE?

NMan word gedefinieer as 'n mens en 'n vrou as 'n vrou, maar wanneer sy soos 'n mens optree, word daar dikwels gesê sy gedra haar soos 'n man, het Simone de Beauvoir, Franse feminis, skrywer en filosoof gesê. Soos Fanny Mendelssohn se klavieronderwyser haar in die vroeë 19de eeu gekomplimenteer het: “Sy speel soos 'n man!”

Patriargie is die sosiale stelsel gekenmerk deur die oppergesag van die vaderfiguur in die samelewing en familie, die wetlike afhanklikheid van vroue en kinders en die voortsetting van die familielyn deur die seuns.

Gerda Lerner betoog in haar klassieke werk *The Creation of Patriarchy* dit word nie biologies bepaal nie. Dis eerder 'n instelling wat van die Bronstyd dateer toe mans gaan jag het terwyl vroue om die blyplek doenig was en 'n oë op die kinders gehou het. Dit het dalk in die oertyd gegeld, maar hoort allermens tuis in die Westerse beskawing, meen sy.

Nog 'n voorbeeld is dié van die profeet Mohammed, wat in die sewende eeu met 'n sesjarige getrou en net drie jaar gewag het om die huwelik te voltrek. Sy jong bruid het dié eer met nog 12 vroue gedeel. Meer hedendaags is daar die hardnekkige praktyk in Mauritanië en omstreke waarin sesjarige meisies gedwing word om baie te eet om hulle vet en dus seksueel aantreklik te maak om so gou moontlik 'n man te kry.

IN ONS ONDERBEWUSTE VASGELÊ

Die patriargie is nog so 'n groot deel van die samelewing dat die Jungiaanse etnoloog Clarissa Pinkola Estés in die mens se kollektiewe onderbewussyn daarna soek. Sy het

“onbewuste simbole” gevind wat vroue in hul ondergeskikte rol hou.


Elke volksgroep het sy eie kosmologie, verduidelik prof. Amanda Gouws, wat 'n leerstoel van die Nasionale Navorsingstigting in genderpolitiek aan die Universiteit Stellenbosch beklee. Dit beteken elke groep het sy eie simbole, wat van geslag tot geslag in fabels, mites en ander verhale oorgedra word. Dit bepaal wat as aanvaarbaar en onaanvaarbaar beskou word, sê sy.

Estés redeneer vroue se ware natuur is eeue lank deur 'n patriargale waardestelsel onderdruk wat hul emosionele eiesoortigheid, intuitiewe wysheid en instinktiewe selfvertroue misverstaan, onderskat of selfs geminag het. Deur die eeue heen is die fynere kunste vir mans gereserveer, so of talent die domein van die “superieure geslag” was, en omdat dit sou bots met vroue se primêre rol as versorger. Fanny Mendelssohn het meer as 460 musiekstukke gekomponeer; tog het haar pa gesê musiek sal eerder haar broer se beroep wees. Vir haar kon dit as “ornament” dien.

Dan was daar Sonya Tolstoj, wat haar man se roman *War and Peace* agt keer oorgeskryf het. Dit was nou nadat sy saans vir Leo vegetariese disse gekook en hul kinders versorg het. Daar was uiteindelik 13 van hulle kort op mekaar wat sy almal gesoog het. Die Amerikaanse skrywer F. Scott Fitzgerald weer het in die 1930's sy vrou, Zelda, se dagboekinskrywings net so vir sy vrouekarakters gebruik. Hy het sy naam by haar skryfwerk gevoeg om meer geld te verdien omdat hy die bekende skrywer was.

Onder die vroue wat buite hul “voorgeskrewe rol” kuns beoefen het, was daar volgens Estés kunstenaars soos Janice Joplin, Anne Sexton, Sylvia Plath en selfs Marilyn Monroe, wat hulself “te buite gegaan het” aan die selfverdelende misbruik van drank, dwelms, seks en selfs werk. Sy verduidelik dit aan die hand van die volksverhaal *Die rooi* ►

DIE P-WOORD



skoene. Daarin word die hoofkarakter 'n paar mooi, rooi skoene verbied. Wanneer sy hulle eindelijk aantrek, dans sy haarself ten gronde.

TE MAKLIK OORGESIEN ...

Genderdiskriminasie in die Weste het oor die laaste twee eeue afgeneem vanweë druk deur veral feministe, maar daar is soveel subtiele teenwigte dat dit meermale twee treë vorentoe en anderhalf een agteruit is. Behalwe vir gelyke geleenthede in die werkplek is daar glibberige kwessies soos glasplafonne en seksuele teistering.

In die #MeToo-beweging val die hoë bome soos vuurhoutjies. Daar is die voormalige Hollywood-swaargewig Harvey Weinstein, die sanger Rolf Harris, die televisiester Bill Cosby, die finansier Jeffrey Epstein wat met prins Andrew van Brittanje bevriend was, en vanjaar die gerekende Franse skrywer Gabriel Matzneff.

Die publikasie van die memoir *Le Consentement* (Instemming) vroeg vanjaar deur Vanessa Springora, hoof van Julliard, 'n Franse uitgewer, het 'n bom om die 83-jarige Matzneff se kop laat bars.

Daarin beskuldig sy hom van seksuele uitbuiting sedert sy maar 'n 13-jarige tiener in die 1980's was. Eintlik staan die hele Franse intelligentsia skuldig, want Matzneff se voorliefde vir minderjarige meisies én seuns was bekend en is oorgesien.

Springora se verhaal oor die sielkundige skade wat dit haar berokken het, het die kollig laat val op die wanfunksionering van Franse instellings en die kondonering van die seksuele misbruik van kinders.

Dis juis in Parys dat die erotiese roman *Lolita* deur die Russies-Amerikaanse skrywer Vladimir Nabokov in

1953 gepubliseer is nadat 'n handvol bekende uitgewers in Amerika die boek van die hand gewys het. Dit handel oor 'n akademikus wat met 'n vrou trou net om sy seksuele fantasieë oor haar 12-jarige dogter te kan bevredig. Die verhaal het so bekend geword dat die naam *Lolita* 'n metafoor vir 'n vroeg ontwikkelde meisie in prepuberteit geword het.

Springora het gesê as haar boek drie jaar vroeër gepubliseer is, sou dit nie dieselfde impak gemaak het nie, aangesien Matzneff nog in 2013 met die gesogte Renaudot-prys bekroon is.

Sy skryf die verandering in die Franse openbare mening toe aan die #MeToo-beweging.

Net soos met Matzneff was Epstein, die Amerikaner wat verlede jaar in die tronk dood is, se misbruik van meisies 'n ope geheim. Die finansier se private straler is selfs die "Lolita Express" genoem. (Sy huishouer het in die hofsak getuig hy het vermoed Epstein se gaste is minderjarig, want hulle het ontbytgraan verorber.)

OOR KULTURE HEEN

In Suid-Afrika het talle kulture nog 'n patriargale houding gemeen. Paternalistiese genderrolle bots meermale met bepalinge in die Grondwet, wat gelykheid waarborg. Thuli Madonsela, voormalige openbare beskermmer, bevraagteken byvoorbeeld in *City Press* die wysheid van die wettiging van poligamie, omdat dit tot ongelikheid bydra en aan vroue die boodskap stuur dat hul wense steeds aan dié van mans ondergeskik is.

Dan is daar die afgesonderde Mosuo-stam in die suidweste van China wat hoog in die Himalajas woon. Hulle leef al eeue lank op 'n anachronistiese manier wat hipermodern klink.

Die kerngesin soos ons dit ken, bestaan nie; dit is 'n gemeenskap van enkelma's wat nie noodwendig weet wie die pa van hul kinders is nie.

In die Mosuo se *running marriages* kan 'n vrou enige man as seksmaat kies en die verbintenis kan kort of lank duur. Pa's is nie by hul eie kinders betrokke nie, maar help om hul susters se kinders groot te maak.

Die familie bly onbetrokke by 'n paartjie wat nie saam woon of eiendomsreg deel nie en kinders verlaat nooit hul gesin nie. Vroue organiseer die werk en neem besluite oor geld, terwyl mans werk doen wat krag vereis, soos ploeg, bouwerk en die instandhouding van geboue. Hulle deel wel in die politieke mag en groot familiebesluite en sorg vir kos op die tafel, maar vroue besit en erf die eiendom en dra die bloedlyn verder.

Bygesê, dié gebruik kan aan die uitsterf wees, want daar is toenemend vroue wat 'n ander "loopbaan" as moederskap verkies en dit, asook tradisionele huwelike, in die buitewêreld gaan vind. ♡

DEUR ELKARIEN FOURIE
ILLUSTRASIES: OCTAVIA ROODT

Bronnelys: <https://www.theguardian.com/lifeandstyle/2017/apr/01/the-kingdom-of-women-the-tibetan-tribe-where-a-man-is-never-the-boss>, *Women Who Run With the Wolves* deur Clarissa Pinkola Estés, Rider (duksaam van Random House) 1992, <https://www.news24.com/Columists/GuestColumn/how-many-wives-does-one-need-20180720>, <https://www.heartland.com/entertainment/archive/2019/08/jeffrey-epstein-and-the-myth-of-the-underage-woman/596140/>, <https://twitter.com/InsideArabian/status/1113438830416269313>, <https://www.muslim.org/islam/aisha-age.htm>, <https://www.nytimes.com/1981/04/19/books/the-wife-of-the-genius.html>, <https://scotfzgeraldsociety.org/about-us-2/biography-zelda-fitzgerald/>, https://en.wikipedia.org/wiki/Funny_Mendelssohn



“DEUR DIE EEUE HEEN IS DIE FYNER KUNSTE VIR MANS GERESERVEER, SO OF TALENT DIE DOMEIN VAN DIE ‘SUPERIEURE GESLAG’ WAS, EN OMDAT DIT SOU BOTS MET VROUE SE PRIMÊRE ROL AS VERSORGER.”

WIE'S DAAI OU BY JOCK?

HY IS SEKERLIK DIE BEKENDSTE HOND IN SUID-AFRIKA SE GESKIEDENIS, MAAR MET PERCY FITZPATRICK SE GESKIEDENIS IS 'N MENS DALK MINDER BEKEND ...

Wat weet ons van sir Percy FitzPatrick? Ja, hy was delwer, transportryer, koerantman en skrywer, maar ook politikus, landsverraaier, mynfinansier en pionier van die sitrusvrugtebedryf in Suid-Afrika.

Percy is op 24 Julie 1862 gebore. Sy pa, die Ier James Coleman FitzPatrick, was 'n regter in die hooggeregshof van die destydse Kaapkolonie. Toe dié in 1880 dood is, skop die jongman net

daar sy studies op en begin na sy ma en die res van die gesin omsien.

Sy eie trektog


Avontuurlus en dalk 'n soeke na rykdom lok hom na die goudneerslae van die Laeveld. In die lente van 1884 daag hy in Pelgrimsrus op en kry dadelik werk as delwer, maar veel

goud was daar nie meer nie. Kort voor lank word Percy transportryer.

Die belangrike mark in daardie jare was in Lydenburg (deesdae Mashishing). Van daar is goedere na al die delwerse vervoer. Sommige goed moes egter in die ou Delagoabaai, vandag Maputo, gaan haal word. Teen die tyd dat Percy transport begin ry het, was die roete na Delagoabaai lank reeds 'n gevestigde transportroete.

Die Voortrekker-leiers Louis Trichardt en Andries Hendrik Potgieter het albei 'n roete na die see gesoek en uiteindelik in Delagoabaai uitgekom. 'n Groot deel van daardie roete loop deur die hedendaagse Krugerwildtuin en staan ook as die "Voortrekkerpad" bekend. Dit het verby Pretoriuskop geloop tot by Afsaal, die piekniekplek op die pad tussen die Malelane-hek en Skukuza, en van daar oor Nelmapiusdrijf in die Krokodilrivier.

Dis dieselfde roete wat Percy in 1885 op sy "Jock-trek" gevolg en waarvan 'n mens in sy kinderverhaal *Jock of the Bushveld* lees. Hy beskryf onder



**“SELS PRES. THEODORE ROOSEVELT VAN DIE VSA
HET DIE BOEK LOF TOEGESWAAI EN GESÊ DIT IS DIE
‘WAARSTE STORIE OOR ’N HOND WAT EK NOG OOI
GELEES HET, EN EK HET ALMAL GELEES’.”**



meer Jock se geboorte by hul uitspanplek naby die Samarhole-spruit in die omgewing van Skipberg. Hy vertel ook hoe die Duitser Adolph Soltke daar dood is nadat hy homself per abuis in die voet geskiet het. Hy is

daar begrawe en die graf is deesdae ’n gemerkte besoekpunt in die wildtuin.

Percy sou uiteindelik al sy trekosse en transportwaens verloor toe hy dit buite die “veilige” wintermaande na Delagoabaai gewaag het. Weens die

bedreiging van tsetsevlieë en malaria kon daar net in die droë wintermaande daarheen gery word. Tog was daar ’n dringende behoefte aan goed soos pikke, skopgrawe, masjinerie, blikkieskos en kaste jenewer, whisky, brandewyn en bier.

Op sy laaste, futiele tog het Percy met net drie osse teruggekeer na Barberton en dié drie het dae later gevrek.

Sonder werk en sonder ’n inkomste het hy hom na die *Gold Fields News*, die plaaslike koerant, gewend en hy sou hom mettertyd tot die pos van redakteur opwerk. In 1892 word hy as “hoof van intelligensie” by die Johannesburgse kantoor van Hermann Eckstein en Vennote aangestel. Hulle was deel van die Londense firma Wernher-Beit en Vennote, wat met mynbougrond handel gedryf en geld voorgeskiet het. In 1897 verskyn Percy se eerste boek, *The Outspan* – *Tales of South Africa*, en in 1899, kort voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, *The Transvaal from Within*, wat ’n sterk politieke geur gehad het.

“Waarste” storie oor ’n hond

Percy het hom met oorgawe tot die politiek gewend. Hy was een van die leiers van die Reform Committee, wat Paul Kruger se regering omver wou werp. Vir sy aandeel in die mislukte Jameson-inval van 29 Desember 1895 is hy van hoogverraad aangekla. Hy is

beboet en vir twee jaar tronk toe gestuur, maar het net 'n jaar daarvan uitgedien.

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het Percy se swak gesondheid weens diabetes hom daarvan weerhou om aktief deel te neem. Hy het wel opgetree as raadgewer vir die Britse regering en in 1902 is hy tot ridder geslaan.

In die tyd dat hy by Eckstein en Vennote gewerk het, het Percy en sy gesin in 'n herehuis, Hohenheim, in Johannesburg gewoon. Hy is in 1889 met Elizabeth Lillian Cubitt, oorspronklik van Potchefstroom, getroud en hulle het vier kinders, Percy Nugent, Alan, Oliver en Cecily, gehad. Hy sou saans om die kaggelvuur aan sy kinders stories van sy transportryerdae vertel. Een van die gesin se gaste was 'n Engelse skrywer, Rudyard Kipling ...

“Skryf hierdie stories neer! Dit moenie verlore gaan nie,” het die outeur van *The Jungle Book* gesê. Terwyl Percy by 'n sanatorium in Duitsland behandel is, het hy daad by die woord gevoeg. Met sy terugkeer na Suid-Afrika in 1905 het die manuskrip, wat aanvanklik *The Life, the Man and the Dog* geheet het, stadig maar seker vorm aangeneem.

Hy het Londen deurkruis op soek na 'n illustreerder vir sy boek en uiteindelik besluit op Edmund Caldwell. Percy was onwrikbaar: Caldwell moes die sketse in die Afrika-landskap kom maak. Sy hele gesin is uiteindelik saam, op vier waens wat deur muile getrek is. Hulle het die hele roete gevolg soos Percy dit twee dekades vroeër gery het. In September 1907 verskyn *Jock of the Bushveld*.

Die boek se sukses was verstommend. Dit is binne twee maande herdruk en selfs pres. Theodore Roosevelt van die VSA was lirieks daaroor.

Hy het gesê dit is die “waarste storie oor 'n hond wat ek nog gelees het, en ek het almal gelees”.

Volg in Jock se spore

Sir Percy FitzPatrick is in 1931 in die ouderdom van 68 op sy sitrusplaas in die Uitenhage-distrik dood. Drie van sy vier kinders en ook sy vrou is voor hom dood en dit was sy dogter, Cecily, wat uiteindelik vir haar pa se nalatenskap geveg het. Sy was onwrikbaar in haar geloof dat die boek feitlik én van groot historiese belang is. Een van haar idees was om 'n kaart uit te gee met die roete wat Jock in 1885 saam met haar pa gevolg het. Die destydse Transvaalse Provinsiale Administrasie het uiteindelik ingestem en in 1949 is daar ses roetermakers opgerig. Elk het gespog met 'n afbeelding van Jock, gegrond op een van Caldwell se sketse, en die woorde “Jock: Trek 1885”. Twee van die oorspronklike merkers staan nog – die een langs die pad net buite die Numbihek en die ander op private eiendom, waar Bill Sanderson se winkel was, in die Witrivier-omgewing.

In die 1980's, met die eeufeesviering van Percy en Jock se trek, het die

Laeveldse Delwers-en-Transportryersvereniging besluit om die idee uit te brei. Oral waar die Jock-roete bestaande paaie kruis, selfs in die wildtuin, is roetermakers opgerig. Nie een van dié merkers se koperplaatjies is nog daar nie. Tussen 2016 en 2018 het Mpumalanga Erfenis die projek opnuut getakel.

In sy boek *Forgotten Tracks and Trails of the Escarpment and the Lowveld* verskaf dr. Gerrit Haarhoff die GPS-koördinate van al 36 hierdie merkers en dié roete kan as 'n avontuurrit aangepak word.

Het Jock regtig gelewe en al die dapper dinge gedoen waarvan Percy in die boek skryf? Ongetwyfeld, sê die romantiese siele vir wie die verhaal 'n kosbare kultuurerfenis verteenwoordig. Tog is daar mense soos Gerrit wat meen die staaltjies is bloot dít – 'n versameling kampvuurstories oor dapper honde wat Percy in sy dae as transportryer gehoor het.

Hoe ook, Jock lewe voort, en enigeen kan in sy en sy baas se spore volg.

HET JY GEWEET?

Sir Percy FitzPatrick het met die idee vorendag gekom van 'n stilte van twee minute op Wapenstilstandsdag. Die idee is deur koning George V van Engeland goedgekeur en tot vandag toe op 11 November, op die 11de uur, word 'n stilte gehandhaaf.

Sy oudste seun, Percy Nugent, het in 1917 in 'n veldslag in Vlaandere gesterf. Hy het 'n belangrike rol in die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika gespeel.

Hy en genl. J.B.M. Hertzog het saamgewerk aan die ooreenkoms dat Nederlands en Engels as amptelike tale van die unie sou dien.

In die eerste uitgawe van *Jock of the Bushveld* is daar drie sketse van 'n miskruier wat die misbolletjie met sy voorpote stoot. Percy het die fout opgelet, maar 'n paar boeke was reeds gedruk. Daardie uitgawes is kosbare versamelstukke.

Outspan, die handelsnaam waaronder Suid-Afrikaanse lemoene vroeër jare uitgevoer is, was ook Percy se idee. Hy was voorsitter van die raad wat die uitvoer van sitrusvrugte beheer het en het self 'n lemoenplaas in die Sondagsriviervallei besit. Outspan verwys na 'n uitspanplek op die plaas Roodekrantz, in die Lydenburg-omgewing, waar die boere hul lemoene aan die transportryers gelever het. ♡

DEUR ALITA STEENKAMP
ILLUSTRASIE: LEIGH LE ROUX



AS JY

IN DIE GESKIEDENIS VAN DIE MENSDOM
WAS DAAR AL VELE KLUISENAARS
WAT OM VERSKEIE REDES HUL EIE
GESELSKAP VERKIES HET ...

KIES

OM ALLEEN TE WEES

Die Sweedse aktrise Greta Garbo se beroemde versugting was 'n verwerping van die ongenooide aandag wat sterstatus en wêreldroem meebring: "Ek wil alleen wees."

Sy was die eerste glanspersoon wat die kalklig, joernaliste en aanhangers willens en wetens vermy het. In 1955 sê sy aan die tydskrif *Life* sy is verkeerd aangehaal. "Ek het net gesê: 'Ek wil alleen gelâat word.' Daar's 'n groot verskil."

Die media het haar die "Sweedse Sfinks" gedoop omdat sy so ontwykend was. Garbo het haar privaatheid gekoester en kon nooit vrede maak met die volgehoue bespiegeling oor haar persoonlike lewe nie. "Om al die absurditeite te kroon

het hulle my vir die 759ste keer laat trou!" het sy in 1939 in 'n brief gekla.

Alleenwees is nie meer 'n keuse nie. Wêreldwyd is afsondering en kwarantyn die nuwe normaal. Vir vele kom dit gevaarlik naby aan huisarres en magsmisbruik. Oortree die inperkings en tronkstraf ('n minder gemaklike soort afsondering) is jou voorland.

Geestelike alleenlopers

Die woord hermiet kom van die Latyns *ĕrēmīta* en die Grieks *erēmītēs* – "van die woestyn", 'n woestynbewoner. 'n Hermiet, ofte wel *eremite*, kies om in afsondering te leef, weg van ander mense. Die dryfveer is godsdienstig. Hoewel hermiëte 'n Christelike

verskynsel is gegrond op die "woestynteologie" van die Ou Testament – Israel se 40 jaar ballingskap in die woestyn wat 'n hartsverandering teweeg moes bring – kom hulle ook in ander godsdienste voor.


Vir millennia was daar mense wat hulle gewilliglik van die samelewing onttrek het. Die woestynprofeet Johannes die Doper, met sy dieet van sprinkane en wilde heuning, het die weg berei vir die Messias én generasies geestelike alleenlopers. Oor eeue heen is godsdienshermiëte as heiliges beskou. Johannes, skrywer van Openbaring, het sy toekomsvisioene in afsondering op die eiland Patmos geopen.

Daardie soort eenselwigheid is 'n vorm van asketiese geroepenheid ►

waarin wêreldse behepthede en plesiere afgelê word. Die hermiet leef toegewy aan 'n hoër orde en aan God. In die geval van Oosterse godsdienste soos Hindoeïsme, Boeddhisme, Taoïsme en Soefisme word die hermiet se energie gefokus op die selfbevryding van *Samsāra* (Sanskrit vir onder meer die wêreld en 'n doellose bestaan). Meditasie, oorpeinsing, gebed, selfbewussyn en persoonlike ontwikkeling op fisieke en spirituele vlakke word beoefen. Daar word afstand gedoen van sosiale aktiwiteite, seks en gemeenskaplike standaarde van kleredrag, kommunikasie en sindelikeid. Die asketiese dissipline sluit 'n eenvoudige dieet en hande-arbeid vir selfonderhoud in.

In dié tradisie woon Maxime Qavtaradze, 'n Georgiëse monnik in sy sestigs, reeds sedert 1993 stoksielalleen op die Katsjki-kalksteenpilaar in Georgië. Christen-askete bekend as pilaarheiliges (of *Stylites*) het hierdie pilaar gebruik om hulle van die wêreld af te sonder – totdat die Ottoman-inval in die 15de eeu die gebruik stopgesit het.

Vir die eerste twee jaar het Qavtaradze in 'n yskas geslaap wat hom teen wind en weer beskut het.



Deesdae leef hy in 'n hut, wat hy saam met plaaslike Christene gebou het. Een of twee keer per week klim hy van die rotspilaar af. Dit neem hom sowat 20 minute om met 'n leer langs sy weg na benede te vind, na die godsdienstige gemeenskap aan die voet van die rots.

Piedro Angelerio, die “kluisenaar” Celestinus V, het die amp vir vyf maande in 1294 opgeneem. Hy was 'n monnik en hermiet, stigter van die orde van die Celestyners as tak van die Benediktynorde. Ná sy bedanking wou hy terugkeer tot 'n nederige bestaan. Sy opvolger, pous Bonifatius VIII, het hom egter in die Fumone-kasteel in Lazio, Italië, laat toesluit om te keer dat hy as “antipous” opgestel word. Celestinus is op 81 in die tronk dood. In 1313 is hy deur pous Klemens V gekanoniseer.

In die geestelike tradisie het vroue hulle eweneens in kloosters teruggetrek as nonne, of dan “bruide van Christus”. Hoewel dit aanvaarbaar en toelaatbaar was dat mans hulself van die mensdom afskei, is vrouekluisenaars grotendeels met agterdog bejeën en as hekse beskou. Tydens die Inkwisisie is hulle vervolg, gemartel en verbrand.

Maria van Egipte, die beskermheilige van boetelinge (344-421 n.C.), was die eerste bekende vrouehermiet. Sy was 'n prostituut wat op 29-jarige ouderdom, met net drie broede, die woestyn ingevlug het. Dit is waar Zosimas van Palestina haar 47 jaar later gevind het, toe sy al 'n bejaarde van 76 was. Sy het hom vertel van haar stryd teen wilde diere en haar dieet van wilde kruie.

Man as eiland

Afsondering lok nie net geestelikes nie. Sommige wil nader aan die natuur leef, soos die Amerikaanse jagter Jeremiah Johnson en ons eie Ben Dekker. “Eksentriekes” en geestelik versteurdes verkies hul eie geselskap en ongebondenheid. Op 'n klein eiland in Japan se Okinawa-prefektuur het die 82-jarige Masafoemi Nagasaki van 1989 tot 2018 kaal gewoon. Hy het oorleef op ryskoek en vars water van die omringende

eilande.

Tom Leppard, die “luiperdman van Skye”, was eers 'n Engelse soldaat genaamd Tom Wooldridge wat 'n tyd lank deur Guinness World Records aangewys is as die wêreld se mees getatoeëerde man. Hy het sowat R123 676 bestee om sy hele lyf te laat ink, wat hom soos 'n luiperd laat lyk het. Ná 28 jaar in die Britse weermag en vloot het hy van Londen na 'n hut sonder geriewe op die eiland Skye, aan die kus van Skotland, verhuis waar hy die laaste 20 jaar van sy lewe deurgebring het. Een keer 'n week het hy in 'n kajak na die vasteland geroei om voorraad en sy pensioengeld te kry. Later het hy na 'n groter woning op die eiland verhuis.

James Lucas, die “hermiet van Hertfordshire”, was 'n gemoedelike, eksentrieke landeienaar wat medies gestudeer het. Ná die dood van sy ma in 1849 het hy 'n kluisenaar geword. Hy het haar begrafnis drie maande lank uitgestel en geweier om haar testament, waarin die familielandgoed aan hom bemaak word, in werking te stel. Lucas het 'n paranoïese vrees vir sy naasbestaandes ontwikkel. Hy het hom in sy herehuis toegesluit en niemand toegelaat om aan enigets te raak nie.

Lucas het net in die kombuis gewoon waar hy op 'n “bed” van as en roet geslaap het. Soms het hy in die vensters verskyn, kaal en net in 'n kombers toegewikkel. Hy het nooit gewas nie en sy hare heuplengte laat groei. Sy dieet was brood, eiers, kaas, rooi haring en jenewer.

Rotte het die huis oorgeneem en hy het sy kos in mandjies van die dak gehang om dit te beskerm.

Hy het net deur 'n ysterrooster met die buitewêreld gekommunikeer en twee gewapende wagte het sy eiendom beskerm. Tog was hy gewillig om besoekers te ontvang, meestal boemelaars en kinders, maar soms ook gegoede mense wat 'n geselsie wou aanknoop.

Hy is in 1878 aan 'n beroerte dood en in 'n familiegraf in Londen begrawe. 'n Groot bedrag geld is in sy leefkamer gevind en 17 wavrage grond en as is uit die huis verwyder.

Die jagter Noah John Rondeau was

'n ware Robinson Crusoe-figuur. As tiener het hy 'n paar maande ná sy ma se dood weggehol en gaan woon in Coreys, New York, op die oewer van die Raquette-rivier in die westelike Adirondacks, waar hy 15 jaar as nutsman, opsigter en gids gewerk het. Hy het 'n paar keer weens veediefstal agter tralies beland. Sy kennis van die woud het hy deels gekry by Dan Emmett, 'n Abenaki-inboorling van Kanada.

In 1929 het Rondeau, toe 46, in 'n afgeleë woud op sy eie begin leef, want hy "was nie tevrede met die wêreld en sy neigings nie". Sy daaglikse oorlewing en jagtogte word in joernale beskryf wat hy oor dekades gehou het. Die meeste daarvan is in sy eie skrif geskryf wat eers in 1992 ontsyfer kon word. Die Adirondacks-hermiet het wel besoekers ontvang en hulle met sy vioolspel vermaak.

Soms gevaarlik

Al onttrek kluisenaars hulle van die samelewing en sy reëls omdat hulle misantropiese vrydenkers is, word hulle nie gewoonlik as gevaarlik beskou nie. 'n Uitsondering is Theodore "Ted" John Kaczynski, 'n wiskundeprofessor met diep gesetelde griewe teen kapitalisme en die Westerse beskawing.

In 1969 het hy sy akademiese loopbaan laat vaar om 'n primitiewe bestaan, sonder water en elektrisiteit, in 'n hut in Lincoln, Montana, te voer. Hy was erg omgekrap oor die wildernis wat vir vooruitgang verwoes word. Vir 17 jaar, van 1978 tot 1995, het hy 'n skrikbewind in die VSA gevoer met briefbomme waarmee hy drie lewens geëis en 23 mense vermink het.

Die soektog na die "Unabomber" (University and Airline Bomber) – soos die media hom gedoop het – was die langste en duurste in die geskiedenis van die FBI. In 1995 stuur Kaczynski 'n brief aan *The New York Times* waarin hy belowe dat hy hom van terrorisme sou weerhou as sy politieke essay *Industrial Society and its Future*, waarin hy sy dade regverdig, volledig in die *Times of The Washington Post* gepubliseer word. Sy broer David



het die skryfstyl herken en die owerheid verwittig.

In 1996 is Kaczynski gearresteer en sy hut – kompleet met al die bommaak-bestanddele – net so gekonfiskeer en na 'n federale skuur verskuif. Die hofsak was voorbladnuus. Kaczynski het geweier om sy advokate se raad te volg en kranksinnig te pleit om die doodstraf vry te spring. Ingevolge 'n spesiale pleitooreenkoms het hy skuld op alle aanklagte beken en hy is tot lewenslank gevonnis sonder die moontlikheid van parool. Sy straf? Afsondering sonder voordele.

Sielkundig neig hermiete na die D-tipe persoonlikheid. Dié profiel verwys na mense wat inkennig, geïnhibeerd en asosiaal is: Hulle raak gespanne en ongemaklik tussen mense en vermy groepe. Sulke teruggetrokkenheid weerhou hulle daarvan om na hulp te soek. Die "D" staan vir "distressed" – angs en benoudheid. Die D-tipe persoon is negatief en pessimisties, steek emosies weg en vrees verwerping, bekommer hom oor rampspoed en sien die glas as halfleeg. Hulle kan somber en geïrriteerd raak en gaan mank aan

selfvertroue.

Hulle worstel met gevoelens van hopeloosheid. Dié negatiewe instelling kan tot swak gesondheid en hartprobleme lei.

Voor Covid-19 was eensaamheid endemies in baie Westerse lande. Enkelinge leer dit nou intiem ken. Maar is daar voordele aan afsondering?

Ja, virusse versprei vinnig in groepe. Afsonderdes is outomaties minder blootgestel aan respiratoriese siektes, wat deur die lug en met aanraking versprei word. Omdat kluisenaars dikwels hul eie kos plant en jag, is hulle minder uitgelewer aan besmette voedselprodukte. Die keersy is dat hulle nie toegang het tot dokters, medisyne en die sorg van geliefdes nie.

Die buiteliglewe en sonlig kan wel helend wees, terwyl die vreedzaamheid van afsondering hulle meer in beheer van hul lewe laat voel.

Tydens die inperking kan enigeen die waarde van 'n eenvoudiger leefwyse ontdek, volgens die wysheid van hermiete. ♡

DEUR: SCHALK SCHOOMBIE
ILLUSTRASIES:
LOUIS VAN DEN HEEVER



AS 'N STREEPSAK 'N ROK WORD

VEEL WORD VAN DIE GRUWELS EN HARTSEER VAN DIE ANGLO-BOEREOORLOG SE KONSENTRASIEKAMPE VERTEL, MAAR TE MIDDE VAN HUL ELLENDE HET DIE BOERVROUE SE INNERLIKE KRAG EN DURF DEURGESKYN ...

Die Boervroue wat tydens die Anglo-Boereoorlog saam met hul kinders in konsentrasiekampe gedwing is, was nie nét slagoffers nie. Hulle het slim planne beraam om te oorleef en items uit “niks” te maak, of om die Britte te uitoorlê.

In die Anglo-Boereoorlog-museum in Bloemfontein se stoor, netjies tussen papier verpak, lê een van die

aangrypendse items uit die oorlog. Die produk van 'n ma se plan en deursettingsvermoë om vir haar kleuterdogter 'n rokkie te maak. Sy het tientalle stukkies materiaal met die hand aan mekaar gewerk. Verskillende soorte, kleure en grotes. Die steke is pynlik netjies gedoen. Dié rokkie is gedrá. Geleef.

Nou, 120 jaar nadat die eerste konsentrasiekampe in ►

Suid-Afrika opgerig is, staan die veerkragtigheid van vroue en kinders tydens oorlog steeds uit. Gooi hulle lig soos onblusbare lanterns op 'n donker pad.

IETS UIT NIETS

Dr. Vicky Heunis, versamelingsbestuurder by die museum, vertel daar word baie geskryf oor hoe swaar die vroue gekry het, wat waar is, maar min oor hoe hulle planne onder moeilike omstandighede beraam het. Haar gunsteling-klerestuk is 'n romp wat van goiingsak gemaak is, deur ene mev. Fourie van die Bethlehem-distrik. Haar huis is afgebrand voordat sy enigiets kon red en sy moes die romp maak om iets te hê om te dra. Toe sy later hoor haar man is dood, het sy dit met swart band omsoom.

Die gevangenes het blikkiesvleis en gekondenseerde melk ontvang en dié houers het nuttig te pas gekom. “Ons het pragtige voorbeelde van koppies en selfs melkbekers wat hulle hieruit gemaak het,” sê Vicky. Die kloktente waarin hulle gebly het, het nie grondseile gehad nie en om 'n vloer van hout te maak was onmoontlik, want die hout moes vir die kosvure gebruik word.

Baie vroue het die blikkies platgekap en ten minste by hul tent se ingang 'n vloer gemaak, veral om die modder te keer.

Duisende items van die kampe waarheen die mans gestuur is, het behoue gebly omdat dit gemaak is om in veral Nederland verkoop te word vir 'n inkomste. Items uit die konsentrasiekampe is egter uiters skaars.

Annemarie Carelsen, 'n kultuurhistorikus, vertel die vroue het “letterlik op ashoep gaan kyk wat hulle kon kry en dan iets uit niks gemaak”.

“Hulle het klere uit meel- en suikersakkies gemaak. Hul innerlike krag was ongelooflik. Ek dink die Engelse het later besef hulle veg nie net teen die kommando's nie, maar ook teen die vroue se innerlike krag. Die vroue het hul bes probeer in die kampe. Dink jou in hoe dit was,” sê sy.

Daar was gemeenskaplike toilette, basies planke wat oor gate in die grond opgerig is. Die rye en rye tente was snikwarm in die dag en bitter koud in die nag.

Die meeste kampe is in die middel van nêrens opgerig; sonder lopende, vars water. Gesinne is beperk tot twee emmers water per dag om mee te was, te kook en te drink. Soms kon hulle klere was, indien daar 'n dam of spruit naby was.

“Daar was talle vroue wat die meeste van of ál hul kinders verloor het,” sê Annemarie. “Ek weet nie hoe hulle dit gedoen het nie, maar hulle het aangegaan. Hulle het klere vir hul kinders gemaak en mooi probeer aantrek

vir foto's sodat hulle dit vir die mans kon stuur.”

Sy het 'n studie gedoen van die kledingstukke wat behoue gebly het. Daar is selfs klere vir kinders van pienk flennies gemaak; broeke vir die seuns van leer en meelsakkies. Eintlik maar enigiets waarop die vroue hul hande kon lê. “Jy kan sien hoe die vrou gesukkel het om daai rokkie te maak, met elke steek, maar sy hê. Sy het aangegaan.”

'n Mate van verligting het gekom toe Emily Hobhouse in Januarie 1901 – vier maande ná die oprigting van die konsentrasiekampe in Bloemfontein – daar opgedaag het met 6 ton kos en 6 ton klere. Sy is deur 'n komitee in England en 'n groep invloedryke vroue in Kaapstad gesteun wat die kos en klere ingesamel en dit per trein vir haar aangestuur het.

Dit was besonder moeilik om kos in die kampe gekook te kry. Die rantsoene het eers net bestaan uit meliemeel of broodmeel, gekondenseerde melk, gevriesde of blikkiesvleis (want die vars vleis was meestal oneetbaar) en soms groente. Die kos het eers in Januarie 1902 verbeter, veral vir kinders.

“Die vroue het paraffienblikke soos konkas gebruik om mee te kook. Daar was heeltemal te min hout, so hulle moes die kole só spaar. Almal het saam hul kos gekook sodat hulle minder hout gebruik. Later het hulle self bakoende gebou,” sê Annemarie.

TER WILLE VAN OORLEWING

Dané van Wyk, opvoedkundige amptenaar by die Anglo-Boereoorlog-museum, vertel daar word steeds baie op die mans in dié oorlog gefokus, maar die vroue en kinders het 'n besonderse bydrae gelewer.

Talle vroue het geldbande gemaak wat hulle onder hul klere gedra het.

“Hulle was aan die een kant bang dit word gesteel, en aan die ander kant het hulle glad nie die Britte vertrou nie en was bang hul geld word afgevat,” sê sy. Soms kon van die meer welvarende vroue kos koop.

Kinders het wel skoolgegaan en gespeel. Die gewildste speletjie was albasters. “Pitte” was bruin of vaalkleurige albasters, “lemmies” was dié wat in lemonade-bottels gekry is en “glasies” dié in sodawater- en gemmerbierbottels. Dié albasters het gekeer dat die koeldrank gas verloor. As jy al jou albasters verloor, kon jy darem weer speel. Dan moes jy jou hand in 'n vuus maak en dit op die grond hou. Skiet jou maat jou met 'n albaster op die kneukels “verdien” jy weer een.

Net een of twee poppe het die oorlog oorleef. Daar is maar enkele foto's van meisies met dié speelgoed in hul arms.

Die verskroeide-aarde-beleid is in Maart 1900 op bevel

“HUL INNERLIKE KRAG WAS ONGELOOFLIK. EK DINK DIE ENGELSE HET LATER BESEF HULLE VEG NIE NET TEEN DIE KOMMANDO’S NIE, MAAR OOK TEEN DIE VROUE SE INNERLIKE KRAG.”

van lord Frederick Roberts ingestel. Plaashuise met al hul inhoud, asook skure en buitegeboue, is afgebrand. Lewende hawe is vrekgemaak en landerye en die veld is aan die brand gestee. Soms het hele dorpe in die slag gebly. ’n Totaal van 30 000 plase is uiteindelik in puin gelê nadat Horatio Herbert Kitchener in November van daardie jaar die bevel oorgeneem het.

Van die vroue kon hul kosbaarste huisraad red, want teen dié tyd was die mans reeds weg. “Baie het veral hul breekware en eetgerei in kiste gepak en begrawe, of dié kiste in damme gegooi. Hulle het dit in grotte en gate gaan wegsteek. Enigiets waaraan hulle kon dink,” sê Annemarie.

Daar is ook ’n paar voorbeelde van mense wat hul meubels in hoë bome opgehys het, sê Dané. Ander het vals mure in hul huis gebou. Die museum spog met ’n koffië-en-teestel wat in ’n klipmuur ingebou was.

Teen die einde van die oorlog in 1902 het sowat 12 000 vroue en kinders van die Boererepublieke in die veld oorleef. Hulle het gevlug toe hulle van die kampe hoor.

“Hulle het presies geweet wat om op die wa te pak om te oorleef,” sê Annemarie. “Praktiese items. Dié vroue en jong kinders kon nou vir jou in die veld oorleef, hoor. Hulle het elke rantjie, grot, holte en gat geken om in weg te kruip.”

Baie het ’n klompie skape en melkkoeie saamgeneem, maar teen die einde was daar by die meeste niks oor nie. Dit was ’n swaar lewe, maar hul vryheid was vir hulle belangriker. In die algemeen was die vroue en kinders wat in die veld oorleef het, baie gesonder en beter daaraan toe as dié in die kampe.

Die seuns sou voëls gejaag en strikke gestel het en hulle het geweet hoe om veldkos te versamel, sê sy.

Dané vertel die verhaal van die vyfjarige Jurgens Nieman. Hy was een van vyf kinders wat saam met sy ma, Elizabeth, en ’n swart werker na die veld in Wes-Transvaal gevlug het.

Hulle is egter gevang en op pad na die kamp het hulle gehoor die “Engelse skiet in die verte”. Sy ma wou gaan kennis maak met van die ander gevangenes en sy het Jurgens opgetel. Terwyl sy nader gestap het, het sy agtergekom daar loop bloed oor haar hande. ’n Dwaalkoeël

het Jurgens in die kop getref, maar hy is eers daardie aand dood.

Jurgens het ’n kappie en rokkie gedra wat van een van sy susters se klere gemaak is. Dit was nie vreemd om jong seuns só aan te trek nie, sê Dané, want die seuns het nie so vinnig uit dié wye rokkies gegroei as uit ’n broek en hemp nie. Die koeëlgat in Jurgens se kappie kan nog duidelik gesien word.

EMILY SE BLINK PLOEGPLAN

Prof. Fransjohan Pretorius, geskiedkundige, sê die vroue se ysere wil het baie gedoen om die mans aan te vuur, hoewel talle redelik vroeg al die wapen neergelê het. “As vroue toe politieke seggenskap gehad het, sou hulle die mans in die bek geruk en oortuig het om nie tóé die wapen neer te lê nie, of daar sou veel minder gewees het wat dit doen.

“In die Bloemfonteinse kamp was daar vroue wat vlae geswaai het. Hulle is na die dorp se tronk geneem waar hulle in eensame aanhouding in die sogenaamde *birdcage* opgesluit is,” sê Fransjohan. Hier en daar het van die vroue ontsnap en hulle by die kommando’s aangesluit. Dié het maar gesukkel om vir hulle te sorg. “Dit was egter die flegmatiese aard van die vroue wat hulle gedra het deur die dinge wat met hulle gebeur het.”

Ná die oorlog was derduisende mense uitgelewer aan een van die ergste droogtes tot nog toe, asook hongersnood. Daar was niks op die plase nie. Weer het die vindingryke Hobhouse tot die redding gekom.

Sy het £10 000 vir ’n plant-en-ploegplan ingesamel. Spanne osse en selfs donkies is vir elke distrik aangeskaf, asook saad en ploë, en werkers is betaal om van plaas tot plaas te reis om te ploeg en te plant. Die dominee van elke distrik is in beheer daarvan geplaas, want hulle was gerekende gesagsfigure. Hobhouse het selfs osse op ’n vendusie in die Kaap aangeskaf. Die plan het so goed gewerk dat dit nog tot 1908 in werking was.

“Alles was verwoes,” sê Annemarie. “Daar was ’n doodsheid in die natuur, saam met die droogte. Daarom was Emily se ploegplan so fantasties. Sy het hom strategies uitgewerk, presies hóé en wáár. Dit is briljant gedoen. Dit was sy wat mense van hongersnood gered het.”

In oorlogstyd is dit dikwels die vroue en kinders wat die ergste geraak word, soos Hobhouse tereg opgemerk het. Maar selfs te midde van geweldige ellende brand die vlam van hul durf en daad helder. ♡

DEUR ELSABÉ BRITS
ILLUSTRASIE: OCTAVIA ROODT

DIE KLOOF TUSSEN 'MAGIC' EN OORLEWING

TALLE AFGETREDE
MENSE IN DIE
KUNSTEBEDRYF, ASOOK
DIÉ WAT WEENS DIE
INPERKINGSREGULASIES
NIE KAN WERK NIE,
SUKKEL OM 'N BESTAAN
TE MAAK. GELUKKIG IS
DAAR 'N SPAN
VRYWILLIGERS WAT
ALTYD BYDERHAND IS ...

'N Legende in die
kunstebedryf wat in groot
Afrikaanse *movies* gespeel
het, het as bejaarde as 'n
veiligheidswag by die Mimosa Mall in
Bloemfontein gewerk. Vyfuur die
middag het hy van sy huis gestap (hy
het nie 'n motor besit nie) en van 18:00
tot die volgende oggend 06:00 het hy
by die winkelsentrum patrolliediens
gedoen om liggaam en siel aanmekaar
te hou.

Swaarkry is dalk 'n relatiewe
konsep, maar die aktrise Lizz Meiring
kan talle sulke stories vertel om 'n
mens diep onder die indruk van
daárdie soort lyding te bring.

Hulp aan bejaarde kunstenaars

"Dit is diegene wat hul lewe opgeoffer
het om ons voor en agter die skerms te
vermaak, maar van die hand tot die
mond geleef het," sê Lizz, wat nie net
aktrise is nie, maar ook regisseur en
vervaardiger. " 'n Staatspensioen is hul
dikwels weens verskeie redes nie
beskore nie, of gans te min om van te
leef. Ons was al by mense; dan kry ons
net 'n blikkie hondekos in die kas – en
dan het die mense nie honde nie ..."

Lizz is een van die raadslede van die ►



LIZZ MEIRING IS EEN VAN DIE
RAADSLEDE VAN DIE
TEATERBYSTANDFONDS.
FOTO: JACO BOTHA.

“EEN VAN DIE VOLK SE GROOTSTE ROLPRENT-EN-SANGLIEFLINGE HET OP 84-JARIGE OUDERDOM OP 'N PLOT BY HAAR SUSTER IN 'N BUITEKAMERTJIE TUSSEN TUINGEREEDSKAP GEBLY TOTDAT ONS HAAR GEHELP HET.”

Teaterbystandsfonds (TBF), wat na behoeftige kunstenaars omsien. Dié fonds sorg heeltyds vir 'n groot getal behoeftige, bejaarde kunstenaars wat andersins geen heenkome sou gehad het nie. Lizz, bekend om haar borrelende en “besige” geaardheid, praat met nadruk wanneer sy vertel dié bejaardes is te oud of te siek om nog te kan werk. Tydens hul beroepslewe het hulle bloot te min verdien om nog te kon spaar ook en hulle kry geen familie- of gemeenskapsteun nie.

“Een van die volk se grootste rolprent-en-sangliëflinge het op 84-jarige ouderdom op 'n plot by haar suster in 'n buitekamertjie tussen tuingereedskap gebly totdat ons haar gehelp het,” sê Lizz. “Ons moes vir haar nuwe tande laat maak; sy het niks gehad nie. En dis nie mense wat hul geld uitgedrink of uitgedobbel het nie, hulle het hul lewe lank hard gewerk.”

Die TBF bestaan reeds sedert 1962 en is die kunstebedryf se enigste, en ten volle gratis, hulpfonds. Dit is destyds gestig nadat Robert “Bobby”

HUGO THEART, ARTISTIEKE
DIREKTEUR VAN KUNSTE
ONBEPERK EN TBF-
VERTEENWOORDIGER.
FOTO: NINA SWART.

Lang 'n galakonsert aangebied het om geld in te samel vir die akteur David Beattie, wat aan kanker gely het. Beattie is egter kort daarna dood en die balans van die geld wat ingesamel is, is gebruik om die fonds te stig. Behoeftiges in die teater-, rolprent-, televisie- en radiobedryf, asook kunsjoernalistiek, word gehelp en dit sluit geldelike en mediese hulp in, asook gesinsorg en begrafnishulp.

“Elke bedryf het sy probleme en ek gee nie voor dat dit net ons is nie,” sê Lizz. “Al ding is, ons verkoop glans en *magic*, so dit wat ons wil hê mense moet gló en wat die wêrklikheid is, is twee verskillende dinge. Mense dink, ‘Hollywood’ en dat sogenaamde glanspersoonlikhede skatryk is, en dis die *nature of the beast*.”

“Nou is daar 'n dubbelbladsy-artikel in die een of ander tydskrif oor die première van 'n *movie* en daar staan ons almal verskriklik opge-*dress*. Maar mense besef nie van daai rokke in my kas is 30 jaar oud nie. Mense besef nie van daai rokke word by mense of ontwerpers geleen nie. Die *glitz* en *glam* is bloot 'n illusie.

“Nou kyk, daar is mense wat sinies is omdat dit te goed klink om waar te wees. Ek word partykeer trompoppeloop deur mense wat sê, ‘Wat is hierdie nonsens van die Teaterbystandsfonds, wat is dit?’ En dan sê ek: ‘Kom, kom kyk. Ons boeke is oop. Jy is welkom om alles te sien.’

Die kunste-en-vermaakbedryf in Suid-Afrika was nog nooit 'n bedryf waaruit beroepsmense kon ryk word nie.”

Die nood is groot

Al die TBF se bestuurslede is vrywilligers in die kunste en ontvang geen vergoeding nie, verduidelik Barry Snow, voorsitter van die fonds. Dit word boonop van die bestuurslede se huis bedryf – daar is geen kantore, motors of maatskappytoerusting en -tegnologie nie.

“Daar is tye dat ons besef om die fonds te bedryf raak ál meer soos 'n heeltydse werk, met ál meer mense afhanklik van die fonds,” vertel Barry. “Aangesien ek al afgetree is en van die huis af werk, het ek meer tyd om aandag aan die fonds te skenk. Daarom kan ek meer vergaderings met potensiële ondersteuners reël en belê in verhoudings met organisasies wat miskien bereid is om geld te skenk.”

Die TBF ontvang geen steun van die regering of ander instellings nie en is in sy geheel van skenkings afhanklik. Daar word ook insamelingsgeleenthede gehou en soms bemaak mense in hul testament geld aan die fonds.

Volgens Lizz is sy al baie keer gevra

hoekom hef hulle nie ledegeld of 'n aansluitingsbedrag nie, waarop sy bloot antwoord: "Ons kan nie ledegeld vra nie, want dan sluit ons die armste van die armes uit.

"Ons het al akteurs in vervalle fabriek gekry waar hulle *illegally squat*. En dis nie net akteurs nie, dis topbeligtingsontwerpers, -choreografe en -stelontwerpers wat ons in kamertjies in Hillbrow gaan haal, kamertjies wat so klein is dat 'n enkelbedspoonsmatrasse se rante omkrul omdat dit nie in die vertrek pas nie. Die sirkusmense, weet jy hoe swaar kry hulle? Ledegeld is eenvoudig nie 'n opsie nie."

Lizz is veral betrokke by die bemaking van die fonds en by geldinsamelingsprojekte, soos stalletjies by kunstefeeste. Sy het al geleer dis belangrik om innoverend te dink.

"Ek is 36 jaar in die bedryf en basies al deel van die *furniture*. Mense ly aan donasie-uitputting, daarom het ek geleer jy moet op 'n slim manier te werk gaan om die fonds te bemark en bewusmaking te skep; sonder dat ons soos bedelaars lyk. Ons moet kreatief te werk gaan om geld in te samel. Ek wil nie bakhand staan of iets in iemand se keel afdruk nie.

"As almal anders skree, moet jy fluister. Ons staan nie net daar met 'n stalletjie en vra vir geld nie, ons wil vir die mense *added value* gee. Ek kry straatkultunstenaars om te kom toertjies doen of sê, 'Kom kry liedjieskryfwenke by Jak de Priester', 'Kom vertel jou snaakste storie vir Marion Holm', 'Kom leer om *cocktails* te maak by Rocco de Villiers'. Dit skep 'n *buzz* sodat mense wonder wat aangaan. As mense dan vra of hulle 'n donasie moet maak, dan sê ek hulle hoef nie, net as hulle wil."

Hugo Theart, artistieke direkteur van Kunste Onbeperk en TBF-vertegenwoordiger, sê die stalletjies by kunstefeeste is normaalweg 'n groot bron van inkomste vir die fonds. Weens die Covid-19-pandemie en feeste wat gevolglik gekanselleer is, beteken dit die fonds is daardie

inkomste kwyt. "Geld is altyd skaars en natuurlik maak die huidige situasie dit nie maklik nie. Die nood is groot."

Hulp tydens die pandemie

Die TBF, in samewerking met die Suid-Afrikaanse akteursgilde en die agente-vereniging PMA, het besluit om in dié desperate tyd 'n fonds te stig om geld in te samel sodat kos in die vorm van koepens aan kunstenaars gelewer kan word.

Gert van Niekerk is die dryfkrag agter dié projek en sê: "Die meeste kunstenaars sal maande lank niks kan verdien nie, selfs nadat ons hierdie virus verslaan het. Dit is waarskynlik dat hulle eers oor maande weer 'n inkomste sal hê."

Kunstenaars vul bloot 'n aansoekvorm in en indien hul motivering daarvoor aanvaar word, word die koepoon direk na hul selfoon gestuur.

Benewens sy insamelingsprojekte en bystand hou die TBF hom op ander maniere besig. Gratis werksessies word vir skoolkinders, studente en persone in die bedryf aangebied. Kundiges op verskeie gebiede sal aan kunstenaars en voornemende kunstenaars leiding gee oor hoe om geldelik voorsorg te tref, die belangrikheid van 'n mediese fonds en aftreepolis, hoe belastingpligtigheid in die bedryf werk, hoe kontrakte werk en hoe om jou eie werk te skep.

"Hierdie werksessies is oop vir almal," sê Lizz. "Ek het al met skoolkinders, studente en mense van oor die 70 jaar oud gewerk. Ja, dit gaan swaar, maar ons moet ook verantwoordelikheid en inisiatief neem en self geleenthede skep. Jy kan nie dinge op 'n skinkbord verwag nie. Entrepreneurskap is belangrik. Ons moet vir mense, jonk en oud, leer om hul eie werk te kan skep. Ons moet probeer voorkom dat ál meer mense finansiële uitgeput is en ál minder mense hê wat nie werk nie.

"Ek het Pieter-Dirk Uys as 'n mentor gehad en hy het vir my gesê: 'Darling, jy moet jou eie werk skep, dan sal jy nooit afhanklik van enige persoon wees nie.' En weet jy, dit sal die beste dag wees as niemand meer afhanklik is van ons nie, wanneer niemand meer die Teaterbystandsfonds nodig het nie." ♡

DEUR MARLI VAN EEDEN

JY KAN HELP

Besoek die Teaterbystandsfonds se webwerf by <http://tbfsa.co.za/> of op sosiale media. Stuur 'n e-pos na tbf@live.co.za.

Vir skenkings: SMS "TBF" na 49701 om R30 te skenk. Die SMS-lyn word deur Die Boer-teater geborg.

Bankoordragte kan by die volgende banke gedoen word: ENB: Theatre Benevolent Fund (PBO-no. 9300 000 322) Lopende rekening: 202 439 8671 Takkode: 250 117

Absa: Theatre Benevolent Fund (PBO-no. 9300 000 322) Spaarrekening: 9305 193 377 Takkode: 632 005

A photograph of two women and a white horse. One woman is leaning over the horse's back, hugging it, while the other woman stands behind her, also smiling. The horse is white with a blue halter. They are in an outdoor setting with green trees and a green fence in the background.

EMMA WIJNBERG
(LINKS) EN HELEN
FITSCHEN IS
GEKWALIFISEERDE
ARBEIDS- EN
HIPPOTERAPEUTE.

HELING

SPRAAK-, ARBEIDS- EN
FISIOTERAPIE OP 'N PERD SE RUG?
DIT KLINK DALK VREEMD, MAAR
DIE RESULTATE SPREEK VANSELF ...

IN DIE HOEFSLAG

NJong seun sit agterstevoor op 'n ponie en trek 'n oneindig-simbool na op die dier se boud. Later bou hy 'n karretjie van speelgoedblokkies terwyl die ponie rustig stap. Nog later lê hy plat op die ponie se rug terwyl dié 'n stewige galoppie insit.

Die vrou wat die leisels neem, is Emma Wijnberg, 'n arbeidsterapeut van Hilton in KwaZulu-Natal met spesiale opleiding in hippoterapie. Die naam kom van die Griekse woord *hippos* (perd) en die benadering berus op die dier se beweging.

“Die rug van die perd is die platform vir ons terapie,” sê Emma. “Die tegnieke wat ons gebruik, sal bekend wees aan arbeids-, spraak- en selfs fisioterapeute. Die enigste verskil – ek sê die enigste, maar dit maak 'n gróóte verskil – is dat ons al hierdie tegnieke op 'n perd toepas. Die driedimensionele bewegingspatrone van die perd neem die terapiessessies na hoogtes wat ons nie in die spreekkamer kan bereik nie.”

DEEL VAN DIE GEREEDSKAPSKIS

Emma is 'n geregistreerde perdekenner en ry al van kindsbeen af. Sy het vroeg reeds die magiese energie van perde ervaar. Haar suster het “ontwikkelingsuitdagings” en Emma sê die uitwerking wat perde op háár gehad het, het 'n blywende indruk gelaat.

Sy wou met kinders met spesiale behoeftes werk en arbeidsterapie was 'n maklike keuse. Hippoterapie het die ideale manier gebied om dié voorliefdes te kombineer. “Kinders by wie enige ontwikkelingsuitdagings gediagnoseer word wat arbeidsterapie, fisioterapie of spraakterapie voorskryf, sal by hippoterapie baat vind. Dis 'n verlenging van daardie dissiplines om terapeutiese doelwitte te bereik,” sê Emma.

Hippoterapie word deur die Raad op Gesondheidsberoepes erken. Om te kwalifiseer as terapeut moet kandidate reeds hul arbeids-, spraak- of fisioterapiegraad verwerf het. 'n Nagraadse kursus in hippoterapie volg vir diene wat met perde en perdry vertroud is.

MEER EMPATIE EN WAAGMOED

Ouers klop veral by Emma aan vir hulp met sensoriese verwerking, aandagafleibaarheid-hiperaktiwiteitsindroom (ADHD), outismespektrumafwyking, serebrale verlamming, spraakprobleme en motoriese ontwikkeling.

“Terwyl ons terapie op die perd doen, dink die kind dat ons net lekker speletjies speel,” sê sy. “Hy of sy geniet die ongewoonheid van die terapiessessies en die pret van die uitstappie. In der waarheid is die ritmiese herhaling van die perd se beweging eintlik besig om dele van die brein te stimuleer wat andersins nie moontlik sou wees nie.

“In die terapiekamer sien ek en my span dikwels dat die ►



DIE RUG VAN DIE PERD BIED DIE PLATFORM VIR TERAPIE, MAAR HIPPOTERAPIE IS NIE 'N PERDRYLES NIE.



HIPPOTERAPIE-TEGNIKE STIMULEER DIE KIND SE PROPRIOSEPTIEWE VERMOË (BEGRIIP EN AANVOELING VIR SY LIGGAAM SE POSISIE), EN HELP OM 'N GOEIE POSTUUR TE ONTWIKKEL.

kinders sukkel om te fokus vir die tydperk wat dit verg om terapeutiese doelwitte te bereik. Wanneer ons egter dieselfde soort terapeutiese tegnieke op die ponie gebruik, verleen die beweging van die perd die sensoriese stimulasie wat nodig is sodat die kind vir 'n langer tyd op een taak kan fokus.”

Tradisionele arbeidsterapie maak 'n merkbare verskil, sê Emma, maar dit neem gewoonlik twee tot drie maande voordat 'n mens resultate sien. Hippoterapie kan binne twee tot drie sessies 'n verskil maak.

Carien du Toit, 'n voorligtingsielkundige in private praktyk in Hilton, stem saam. ADHD is twee jaar gelede by haar sewejarige seun, Dante, gediagnoseer en hy het ook hulp met sensoriese verwerking nodig. Deesdae het hy elke Woensdag 'n afspraak met die ponie Razzle.

Carien is in haar noppies met die hippoterapie.

“Ek kon sommer binne die eerste week 'n verskil in Dante sien,” sê sy. “Hy is baie kalmer! Die interaksie met perde leer hom geduld en insig, en om sy verbale en nie-verbale kommunikasie by 'n ander lewende wese aan te pas.

“Kinders met ontwikkelingsuitdagings het nie altyd die vermoë om ander mense se liggaamstaal te lees nie. Dis nie omdat hulle nie omgee nie; hulle het gewoon nie die vaardigheid om die nodige stimuli te verwerk wat empatie tot gevolg het nie.”

Maar hippoterapie bied veel meer, sê Helen Fitschen, 'n arbeids-en-hippoterapeut en Emma se vennoot. “Kinders met ontwikkelings- en fisieke uitdagings word dikwels beskut teen ‘gevaar’. Perdry verskaf risiko, 'n berekende risiko, binne 'n veilige omgewing. Die kind leer waagmoed en selfvertroue en ervaar 'n sin van beheer en prestasie.”

SIGBARE RESULTATE

Emma verduidelik die ritmiese beweging van die perd se rug stimuleer dié neurologiese paaie wat spraak aanhelp. Kinders met apraksie en dié wat glad nie praat nie, begin gewoonlik binne drie tot vier maande van hul eerste hippoterapiesessie praat.

“Dit bied 'n meervoudige benadering tot terapie,” sê Emma. “Vir elke tree wat die perd gee, moet die kind sy balans agt keer aanpas. In 'n enkele terapisessie gee die perd tussen tweeduisend en drieduisend treë! Terselfdertyd stimuleer die beweging die pelvis se mobiliteit en dit boots die dinamika van 'n mens se stapbewegings na. Dit oefen die spiere van die pelvis en stimuleer die vestibulêre stelsel in die binne-oor. 'n Kind wat nie kan loop nie, maar die potensiaal het, vind ongeëwenaarde baat by hippoterapie.”

Sommige jong ruiters het 'n ekstra hupstoot nodig om hul stabiliserende spiere te versterk, terwyl dié met serebrale verlamming weer hul motoriese vermoëns verbeter omdat hul spiere ontspan. Afhangende van die tempo waarin die perd beweeg en die tegnieke wat die terapeut gebruik, word óf die pasiënt se spiertonus bevorder óf spastiese spiere

“IN DER WAARHEID IS DIE RITMIESE HERHALING VAN DIE PERD SE BEWEGING EINTLIK BESIG OM DELE VAN DIE BREIN TE STIMULEER WAT ANDERSINS NIE MOONTLIK SOU WEES NIE.”

ontspan.

Hippoterapie verrig ook wonderde vir kinders wat sukkel met propriosepsie. Dit verwys na 'n mens se sin van die ruimte wat sy lyf opneem, boodskappe wat hy van sy spiere en gewrigte ontvang en die vermoë om daardie inligting te verwerk.

In haar 1998-boek *The Out-of-Sync Child* verwys Carol Kranowitz na propriosepsie as die “posisie-sintuig”. Sy verduidelik dit as die sin van waar 'n mens se liggaamsdele ten opsigte van mekaar is en wat aandui hoe 'n mens daardie liggaamsdele moet beweeg om 'n taak te kan verrig. Propriosepsie stel 'n mens in staat om 'n voorwerp raak te vat selfs al kyk jy nie daarna nie. Sonder dat jy noodwendig jou hand dophou, weet jy presies waar dit is en wat dit doen. Vir 'n kind wat daarmee sukkel, kan “ontwikkelingsstake” soos loop, kruip, teken en motoriese beplanning baie frusterend wees.

“Die beweging van die perd dra deurlopend proprioseptiewe stimuli na die kind oor – hy is dus die hele tyd bewus van sy arms, bene, hande, bolyf en onderlyf,” sê Emma. “Dit bevorder weer kleinmotoriese en grootmotoriese koördinasie, wat die kind help met fisieke beweging en skoolse prestasie.”

DIE PERD, JOU BESTE VRIEND

Dit is verstommend presies hoe doeltreffend die perde in hierdie behandeling is, sê die kenners. “Die perd voel die kind se vermoëns aan en sal ná 'n paar sessies sommer uit sy eie die staptempo aanpas om die kind te akkommodeer,” sê Emma.

“Ons moet hulle soms selfs aanpor om vinniger te loop en die kind 'n bietjie uit te daag omdat hulle soveel empatie met die pasiënte het. Die ponies het selfs voorkeure vir sekere kinders! Dis natuurlik subtiel – die kind sal dit nie weet nie – maar ek kan sien as 'n ponie opgewonde raak wanneer 'n spesifieke pasiëntjie daar aankom.”

Die keuse van perd word bepaal deur die behandelingsplan en terapeutiese doelwitte. Spesifieke



eienskappe van die dier soos die muskuloskeletale stelsel, fiksheid en ervaring met pasiënte word in ag geneem. “Hierdie is nie ’n komplekse perdryles nie,” sê Emma. “Die perd is die balansbord waarop ons terapeutiese tegnieke toepas. Die terapeut loop altyd langs die perd; ’n derde persoon lei die perd. Daar is nooit ’n geval tydens die sessie dat die kind die perd hoef te beheer of aanwysings gee nie.”

Die kinders word wel aangemoedig om liefde en toenadering aan die perde te wys. Hulle begin en eindig elke sessie met ’n “hallo”, ’n “dankie” en ’n vryfie.

“Deel van die perde se opleiding is om hulle te desensitiseer teen die skok van skielike geluide of harde gille – tipiese gedrag van kinders wat nie noodwendig bewus is van ’n perd se sensitiwiteit nie. Ons maak die diere ‘bombestand’ teen kinders se onvoorspelbaarheid,” vertel Emma al laggende.

Die intensiewe opleiding ten spyt hou Emma en haar span die perde fyn dop vir “emosionele uitbranding” en fisieke uitputting. Soos enige terapeut wat oor ’n lang tydperk na verskeie pasiënte moet omsien, raak die terapieperde ook uitgeput.

“Die perd deel in die frustrasie as die kind gefrustreerd voel en in die vreugde as die kind ’n moeilike taak regkry,” sê sy. “Ek ag die perde se welstand as net so belangrik as dié van my menskollegas.” ♡

DEUR ANJA VAN DEN BERG
FOTO'S: CGSCREATIVE

SÊ ‘AAH’ VIR DIE STAAT SE HOESPLAN

DIE REGERING SE BEOOGDE NASIONALE GESONDHEIDS-
VERSEKERING MOET GROOT VERANDERING NA 'N ONGELYKE
STELSEL BRING, MAAR MEDIESE FONDSE ÉN DOKTERS IS IN DIE
ALGEMEEN BEKOMMERD OOR DIE HAALBAARHEID DAARVAN ...

Die regering se voorgestelde plan om mediese sorg vir 'n ieder en 'n elk bekostigbaar te maak – amptelik bekend as Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) – is 'n brandpunt wat belastingbetalers vroeër vanjaar nog die harnas in gejaag het, maar minderbevoorregtes hoop gegee het. Dis nou voordat 'n griepvirus van China die hooftrekke geannekseer het.

Menseregte-aktiviste reken die NGV kan uitkoms bied vir die land se oorgrote meerderheid mense, wat geen tot swak toegang tot goeie en bekostigbare mediese sorg het. Skeptici waarsku weer die bedelbakkie sal deur Jan Taks volgemaak moet word,

aangesien net sowat 10% van die land se vermoënde verdieners reeds vir die hulpbehoewende massa moet pa staan.

En maak nie saak aan watter kant van die heining jy staan nie, een ding is seker: Niemand vertrou die korrupsiegeteisterde regering met geld nie, veral nie wanneer dit 'n nuwe skema is wat basies soos 'n beleggingsfonds bestuur sal word nie.


Reg tot toegang

Hoewel Covid-19 en die

daaropvolgende inperkingsmaatreëls transformasieskete en -kwale aanvanklik oorskadu het, het die skielike vereistes wat die pandemie aan plaaslike owerhede gestel het die kwessies om die NGV opnuut beklemtoon.

Volgens die gesondheidsekonoom Diana McIntyre is daar “'n verstaanbare afwesigheid van vertroue in die regering wanneer dit kom by bestuur en legitieme regeringsaspekte, gegewe die vorige dekade se uitgebreide wangebruik van openbare geld”.

Maar, sê dié afgetrede professor in openbare sorg, dit moet allermins ►



“pogings keer om vooruitgang te maak en te voorsien in die konstitusionele verpligting dat elke mens die reg het om toegang tot mediese dienste te hê.”

Diana se altruïstiese siening, aangevuur deur die terugskouende perspektief van 'n lewe as gesondheidsorgspesialis, word deur talle in die mediese bedryf gedeel. Een van hulle is Sarie Botha*, 'n dokter in haar middel-20's wat verlede jaar as algemene praktisyn begin werk het nadat sy haar mediese studie aan die Universiteit van Pretoria (UP) voltooi het.

Daardie eerste tentatiewe treë, sê sy, hou nou verband met die voor- en nadele van die NGV. “Een van die pluspunte is dat ons gelyke gesondheidsorg sal hê en 'n bevolking wat in die algemeen meer gesond sal wees.”

Volgens Sarie behoort oorwerkte mediese personeel ook daarby baat te vind, veral dié by staatsgeriewe, waar die werklading meer eweredig versprei kan word. Die druk op pas afgestudeerde dokters soos Sarie, wat verlede jaar haar verpligte “staatsjaar” voltooi het, behoort dus aansienlik minder te wees. Dit kan op die duur dalk keer dat meer van hulle die land verlaat.

Sal dit geplunder word?

Kostebesparing vanweë die aankoop van noodsaaklike mediese dienste uitsluitlik vir die breër publiek sal een van die primêre doelwitte van die NGV wees, sê Nicholas Crisp, die departement van gesondheid se ontwikkelaar van die fonds.

Volgens hom kan fondsydraes as 'n soort gesondheidsbelasting op beroepslui se maandelikse salaris gehef word.

Dis egter die feit dat die NGV as 'n

soort batefonds bestuur sal word – nes die dikwels geplunderde staatspensioenfonds, wat 'n kapitaalbedrag van meer as R1 triljoen bestuur – wat rolspeleers soos Sarie bekommer. “Staatsbeheerde maatskappye is berug om wanbestuur, word blootgestel aan korrupsie en slegs sommige individue vind baat daarby, met slegte gevolge vir die res van die land.”

Hoewel 'n ligter werklading danksy die NGV die breindrein kan vertraag, kan bogenoemde kwelling ook die teenoorgestelde uitwerking hê. Boonop, sê Sarie, “sal gesondheidsorgwerkers wat voorheen aan die private sektor verbonde was, heel moontlik minder onder die NGV verdien”. Dis waarom die gesondheidsbedryf, veral die private sektor, daarop aandring dat die fonds in sy voorgestelde vorm herskik word.

“Dit was te verwagte,” meen Aidan Knoop, 'n studentevriend van Sarie wie se mediese studie aan die UP einde se kant toe staan. “Mediese skemas gaan beslis aan die kortste entrek en daar is 'n beduidende vrees dat daar 'n verlies van verdienste gaan wees.”

Nicholas verduidelik wanneer die NGV in werking gestel word, moontlik in 2026, sal mediese fondse nie dekking mag bemark vir dienste wat deur die NGV gedek word nie. Die fondse sal wel dekking mag verskaf vir dienste wat nie deur die staat gedek word nie, soos kosmetiese operasies.

Dié kwessie – die feit dat die NGV nie die hele spektrum mediese dienste sal dek nie – maak 'n bespotting van die gedagte van “gesondheidsorg vir almal”, meen kritici. Dit is een van die hoofredes waarom private mediese fondse hulle vir die NGV se herskikking bearbei. Op Discovery se webwerf word onder meer aangevoer “om die rol van mediese fondse te beperk sal teenproduktief wees vir die NGV, want daar is eenvoudig nie voldoende bronne beskikbaar om in die behoeftes van alle Suid-Afrikaners

te voorsien nie”.

Daarby, sê dié fonds, is dit allermens in almal se belang wanneer pasiënte gedwing word om sekere dienste, soos tandheelkunde, deur die NGV te bekom omdat dit slegs daár beskikbaar sal wees.

Laer koste?

Ironies genoeg word die noodsaaklikheid van herskikking ook deur die NGV se voorstanders bepleit. Volgens Diana lei die bestaande, wye netwerk van fondse wat elk individueel optree tot 'n fragmentasie van gesondheidsorg.

“Wanneer geld op dié wyse verdeel word in kleiner poele, en mediese fondse is slegs beskikbaar vir 'n begunstigde minderheid, beperk dit die vermoë van enige skema om kruissubsidiëring gegrond op inkomste en risiko van stapel te stuur.”

Sy wys daarop in lande waar beginsels van universele dienslewering toegepas word om gesondheidsorg vir die breë publiek te waarborg, is mediese onkoste in die algemeen veel laer.

In Suid-Korea, byvoorbeeld, beloop administrasiekoste slegs 3,6% van die algehele bedrag wat jaarliks aan mediese dienslewering bestee word. In Thailand is dit maar 1,8%.

Volgens navorsing deur Mia Malan, joernalis by die gesondheidssektor-organisasie Bhekisisa, word tot 8,5% van Suid-Afrika se bruto binnelandse produk jaarliks aan gesondheidsorg bestee.

“Omtrent die helfte daarvan is wat 16% van die bevolking aan private sorg bestee, waarvan die meeste vir maandelikse mediese premies uitbetaal word,” sê sy.

'n Aspirant- algemene praktisyn soos Aidan slaan die spyker dus op die kop as hy die toekoms van gesondheidsorg opsom as 'n stelsel waaronder mediese fondse, én dokters, minder gaan

“DIT SAL MEDIESE PERSONEEL UIT DIE PRIVATE BEDRYF BLOOTSTELLING GEE AAN DIE NAAKTE WAARHEID VAN DIE OPENBARE SEKTOR, EN BEHOORT TERSELTERTYD ANDER OPSIES VAN TOEGANG TOT SPESIALISBEHANDELING AAN PASIËNTE BESKIKBAAR TE STEL.”



verdien. Dit is een van die redes, sê Sarie, waarom mediese studente oorwegend negatief is oor die NGV.

Aidan glo wel die versekering kan voordele vir die hele sektor inhou. “Dit sal mediese personeel in die private bedryf blootstelling gee aan die naakte waarheid van die openbare sektor, en behoort terselfertyd ander opsies vir toegang tot spesialis-behandeling aan pasiënte beskikbaar te stel.”

Nicholas wys egter daarop dieselfde basiese prosedures sal onder die NGV geld. Pasiënte sal byvoorbeeld steeds nie direk vir spesialisorg kan vra om ’n huisdokter se konsultasietarief te ontleed nie. Algemene praktisyns sal steeds ’n aanvanklike konsultasie moet doen.

Sulke wanindrukke, sê Diana, wat aan sommige dokters die idee gee dat die NGV hulle gaan uitskakel of hul inkomstevermoë belemmer, moet daadwerklik hanteer word. Dit val saam met die beswaar dat ’n klein minderheid vir die meerderheid se gesondheidsorg moet betaal. “Ja, belasting sal opgaan, maar dit wat mense uit hul eie sak sal moet bestee aan mediese dienste sal heel moontlik afneem.”


Boonop, sê sy, sal daardie soort bydraes geleidelik ingefaseer word om die impak op belastingbetalers so klein moontlik te maak.

Om die verwagte ontwigting en koste-effek van die NGV te absorbeer, veral as ’n mens in ag neem dat die ekonomie reeds voor die Covid-19

pandemie in ’n doodloopstraat was, is dit belangrik om seker te maak ’n mediese skema vir Jan Publiek is uiteindelik die moeite werd.

“As die NGV wêrk behoort ons bevolking op meer as een manier daarby baat te vind,” sê Sarie. “Nie net sal ons gesonder wees nie, maar wanneer die lewenskwaliteit van ’n land se mense styg, styg die ekonomiese potensiaal. Die NGV is daarom nie net ’n kans vir minder bevoorregte mense om beter toegang tot beter en meer mediese dienste te bekom nie. dis ’n kans op groei vir die hele land.” ♡

DEUR EUGENE GODDARD
ILLUSTRASIE: CARLOS AMATO
★ Skuilnaam



DIE SKAKELAAR VIR BETERSKAP

LIG, SIMBOLIES VAN HOOP EN REDDING, WORD LANK REEDS AS 'N GESONDHEIDSRON ERKEN. DIT KAN SELFS JOU ISOLASIE-BLUES VERLIG ...

“Duisternis kan nie duisternis verdryf nie; net lig kan dit doen,” het Martin Luther King Jr. in een van sy toesprake gesê. Die krag van lig om positiewe verandering teweeg te bring, is meer as 'n opswepende metafoor vir pastore en politici. In Genesis begin die skepping met die bevel: “Laat daar lig wees.”

Bioloë weet sonder lig kan daar geen lewe, groei of ontwikkeling wees nie. As lig soveel positiewe invloed uitoefen, is dit vanselfsprekend dit sal ook 'n helende uitwerking hê.

“Mense besef nie aldag dat lig 'n dwelm is nie. Net soos dwelms kan lig die tydsberekening en oorfloed van chemikalieë, hormone en neurosenders in jou lyf beïnvloed. Dis presies wat dwelms doen,” skryf Travis Longcore in *Daily Camera* (20 Junie 2016).

Bedwelmd of nie, lig word in talle soorte terapie as geneesmiddel vir 'n groot verskeidenheid ongesteldhede ingespan.

SONAANBIDDERS

Sedert die vroegste tye is sonlig as bekostigbare, vrylik bekombare medisyne benut. Antieke kulture van

Griekeland, Egipte en Rome het allerlei vorms van helioterapie beoefen.

Volgens antieke Egiptenare het Ra, die songod, oor die son, die hemelruim en konings geheers. Die Inkas, Assiriërs en vroeë Duitse setlaars het die son as 'n god van gesondheid aanbid.

In Indiese mediese geskrifte van 1 500 v.C. word 'n kombinasie van kruie en sonlig beskryf waarmee pigmentlose dele van die vel behandel kan word. Boeddhistiese geskrifte van 200 n.C. en Chinese dokumente van die tiende eeu n.C. bevat soortgelyke aanbevelings.

Niels Finsen van die Faroëreilande word beskou as die vader van moderne fototerapie. Hy het die eerste kunsmatige ligbron ontwikkel en lig met 'n kort golflengte gebruik om *lupus vulgaris*, 'n velinfeksie, te behandel.

Finsen het geglo ultravioletlig vernietig bakterieë, maar onlangse studies toon sy lens-en-filterstelsel kon nie golflengtes deurlaat wat kort genoeg daarvoor is nie. Daaruit spruit die afleiding dat lig van 400 nanometer (nm) reaktiewe suurstof genereer wat die bakterieë doodmaak. Finsen het rooi lig gebruik om pokletsels te genees. In 1903 is hy met die Nobelprys vir medisyne vereer. ►

“LIGTERAPIE IS VEILIG, MAKLIK EN PYNLOOS, EN ANDERS AS MET ANTIDEPRESSANTE IS DAAR MIN TOT GEEN NEWE-EFFEKTE.”

Van die laat 19de eeu tot die vroeë 1930's is ligterapie in Engeland beskou as 'n wonderkuur vir allerlei kwale, van spatarsere tot olike kinders. Die mediese navorsingsraad daar het later tot die slotsom gekom ligterapie werk nie vir ál die kwale nie.

WINTER-BLUES

Dit word deesdae gebruik om seisoenale gemoedsteuring (SAD) en ander toestande te behandel in veral Skandinawiese lande, waar sonlig skaars is. SAD, 'n gepaste akroniem, is 'n vorm van depressie wat in die herfs en winter voorkom. Ligterapie, ook bekend as helderligterapie, helioterapie of fototerapie, word gedoen met 'n ligboks, wat helder lig uitstraal wat sonlig naboots.

'n Tekort aan sonlig raak die breinchemikalieë wat jou gemoedstoestand en slaappatroon beïnvloed. Ligterapie verlig die simptome van SAD, depressie, bipolariteit, slaapafwykings, vlugflouheid, velaandoenings en demensie.

SAD-lyers verloor stoom wanneer dae korter, kouer en gryser raak en die nagte langer. Simptome sluit in 'n verlies van plesier, gevoelens van waardeloosheid, 'n gebrek aan konsentrasie en 'n drang om te veel suiker en kos met baie koolhidrate te verorber.

Hoewel dit met die koms van lente afneem, kan dit jou oorgewig en ongesond laat, met persoonlike verhoudings wat tot die uiterste beproef is.

Kenner meen ligterapie help omdat dit die verlore blootstelling aan sonlig vervang en die lyf se interne horlosie regstel. Studies bevestig dit help om

die aftakeling meegebring deur SAD te verminder – knaende slaperigheid, moegheid en 'n verandering in eetgewoontes. Die resultate hou minstens 'n maand. Daarby is ligterapie veilig, maklik en pynloos en, anders as die geval met antidepressante, is daar min tot geen newe-effekte.

Die behandeling help ook wanneer jy jou werkroetine moet aanpas na die nagtelike ure. Boonop verhoog dit die effektiwiteit van antidepressante en psigoterapie en laat lyers toe om 'n laer dosis van eersgenoemde te neem. Verallydens swangerskap en borsvoeding is dit 'n veiliger opsie as antidepressante. Cochrane, 'n internasionale liefdadigheidsorganisasie wat hom met mediese navorsing bemoei, het ligterapie ook aanbeveel as 'n “beskeie, dog belowende behandeling” vir nie-seisoenale depressie en ander psigiatriese gemoedsversteurings soos bipolêre ongesteldheid en nageboorte-depressie.

HOE WERK DIT?

Die waarde van lig vir 'n gebalanseerde lewenswyse en algemene gesondheid kan nie onderskat word nie. Helder lig stimuleer selle in die retina, wat verbind is aan die hipotalamus, 'n deel van die brein wat sirkadiëse ritmes beheer. Die aktivering van die hipotalamus op 'n spesifieke tyd elke dag kan die normale sirkadiëse ritme herstel en simptome van SAD opklaar.

Ligterapie behels om vir 'n halfuur naby 'n ligboks te sit, gewoonlik nadat jy wakker geword het. Die bokse lewer sowat 10 000 lux ('n maatstaf van ligintensiteit), wat sowat 100 keer helderder as binnebeligting is. Op 'n

helder, sonnige dag is die lig 50 000 lux of meer “sterk”.

Mense gebruik ligterapiesessies om te lees, werk in te haal of 'n oefenprogram te doen. Die vel word blootgestel aan spesifieke golflengtes polichromatiese, gepolariseerde lig.

Sommige het meer nodig as ander en dit werk ook nie vir almal nie. Ligsensitiewe mense vind helder lig onhoudbaar, terwyl dit by bipolêre mense hipomanie kan veroorsaak. Diabete en mense met onderliggende siektes moet eers 'n dokter raadpleeg.

Behandeling vir velprobleme behels blootstelling aan ultravioletlig. Die mees algemene behandelings word met nouband-UVB, met 'n golflengte van 311 nm tot 313 nm, gedoen. Dit val binne die ligsppektrum waar UV-lig vitamien D in jou lyf genereer. Sommige dokters bied vollyf-fototerapie in hul spreekkamer, maar dit kan ook tuis, met 'n groot, hoëkrag-UVB-kraampie gedoen word.

Sonbeddens genereer meestal UVA-lig en net 4% tot 10% van sonbeddens val in die UVB-spektrum. Dit kan gevaarlik wees en selfs velkanker veroorsaak.

Volgens die Amerikaanse Kankervereniging is daar aanduidings dat ultravioletligterapie effektief kan wees om sekere soorte velkanker te behandel. Fotodinamiese terapie (dikwels met rooi lig) word gebruik vir sekere oppervlakkige, nie-melanomiese velkankers. Kraaminrigtings gebruik ligterapie om neonatale geelsug te behandel. Die opbou van bilirubien, 'n geel pigment wat in die lewer vorm, word deur blou lig in die spektrum tussen 460 nm en 490 nm geïsoomeriseer in stowwe wat die pasgebore baba dan normaalweg uitskei.

KLEUR MAAK SAAK

Die Duitse filosoof Johann Wolfgang von Goethe het kleur besing as “*the deeds and sufferings of light*”. Verskillende kleure lig het inderdaad uiteenlopende terapeutiese waarde en uitwerkings op die lyf.

Een studie, van 1995, toon groenligterapie teen dosisse van 350 lux kan melatonienvlakke gelykstaande aan 10 000 lux wit lig onderdruk. ’n Studie van 2010 suggereer weer dat blou lig, wat dikwels in die behandeling van SAD gebruik word, dalk vervang moet word deur groen of wit lig weens die risiko van bestraling en melatonien-onderdrukking.

Laserbehandeling word geruime tyd al wêreldwyd in ’n wye verskeidenheid mediese en kosmetiese behandelings gebruik – van velprosedures tot dieperliggende probleme.

Dit bevorder herstel ná spier- en beenbeserings en perifere senueskade, met min tot geen letsels nie, terwyl dit ook die regenerasie van selle ’n hupstoot gee. Klinici gebruik laserterapie deesdae meer as ooit om pyn en inflammasie te verminder.

LED-ligterapie word toenemend as alternatief vir laserterapie in die genesing van wonde gebruik. Nasa het gevind LED’s (Light Emitting Diodes), wat vir plantgroei-eksperimente ontwikkel is, werk ook goed in wondgenesing. Golf lengtes van 680 nm tot 880 nm kan deur vel- en spierweefsel dring om diepwondgenesing te stimuleer.

Nasa-studies toon verder infrarooi LED’s in die spektrum 630 nm tot 880 nm bevorder selgroei en help in die herstel van brandwonde, frakture en radioaktiewe weefselskade, asook in die behandeling van spier- en beenatrofie.

Dis ’n toestand wat onder meer tydens lang ruimtesendings by ruimtevaarders voorkom weens die gewigloosheid. Klein beserings soos snye en skrape genees nie sommer nie, maar dit geld ook duikbote, waar daar

min suurstof en lig is, maar heelwat koolstofdiksied.

Die Ludwig Boltzmann-instituut vir eksperimentele en kliniese traumatologie in Wene, Oostenryk, het voortgebou op Nasa se navorsing en bevind blou lig het ’n positiewe invloed op biologiese stelsels. Vergelykings tussen rooi en blou lig toon albei help aansienlik in wondgenesing. Mediese navorsers het ook bevind LED-tegnologie versnel die herstelproses ná veloorplantings en kosmetiese chirurgie. Dit geld ook diabetiese swere en mondsere, wat die gevolg van chemoterapie en bestraling is.

Verdere gespesialiseerde navorsing word gedoen na die effektiwiteit van spesifieke golflengte LED-lig in die behandeling van oogprobleme soos “lui oog”, diabetiese makulêre degenerasie en retinopatie. Nasa en ander navorsers het rooi LED-peilstiffies al suksesvol ingespan om breingewasse te behandel. Dit sluit aan by die deurlopende navorsing na die effektiwiteit van diep penetrerende golflengtes in die behandeling van skedeltrauma, wat hulp aan demensielyers kan bied.

Vanjaar het ons hiperbewus geraak van die voordelige invloed van lig in ons daaglikse bestaan. In tye van inperking lê die antwoord dalk in ’n ligboks. Maar bespreek jou opsies eers met jou geneesheer voordat jy op ligterapie besluit. Een ding is seker: Dit kan jou lyf en gemoed opkikker nes die kleinste liggie donkerte kan verdryf. ♡

DEUR SCHALK SCHOOMBIE
ILLUSTRASIE: CHRIS VALENTINE

IN DIE MARK VIR ’N LIGBOKS?

Indien jy ’n ligboks oorweeg, vra uit na die golflengtes, want sommige kan skadelik wees. Kenners beveel fluoresserende lig eerder as ultravioletlig aan. Vind uit of die toestel in hospitale, klinieke en gerekende navorsingsplekke gebruik word. Daar is ligtoestelle wat die sonopkoms naboots, met lig wat geleidelik verhelder van donker tot 300 lux. Ander ligbokse gebruik blou lig, wat ’n kragtiger uitwerking op die retina as wit lig het.

**DIE WAARDE VAN
LIG VIR ’N
GEBALANSEERDE
LEWENSWYSE EN
ALGEMENE
GESONDHEID KAN
NIE ONDERSKAT
WORD NIE. HELDER
LIG STIMULEER
SELLE IN DIE
RETINA, WAT
VERBIND IS AAN
DIE HIPOTALAMUS,
’N DEEL VAN DIE
BREIN WAT
SIRKADIESE
RITMES BEHEER.**

NOUDAT ALMAL DIGTERS IS ...

NET OMDAT ENIGE
KUBERDIGTER SY
WERK DIE DIGITALE
RUIM KAN INSTUUR,
BETEKEN DIT NIE
ELKEEN IS
PUBLISEERBAAR OP
PAPIER NIE ...

Die eerste gedrukte boek was Johannes Gutenberg se Bybel, wat in 1455 verskyn het en op die Frankfurtse handelsbeurs bekend gestel is. Voor dié tyd is alle boeke met die hand geskryf – hoofsaaklik op duursame perkament. Gutenberg se uitvinding van die drukpers het dit moontlik gemaak dat boeke in groot getalle én bekostigbaar geproduseer en versprei kon word.

En dit is waar die moeilikheid begin het. Elke skrywer wou sy werk in druk sien. As jy nie op papier gepubliseer is nie, neem niemand jou ernstig op nie, maar as jou skepping gedruk en versprei word, gaan jy (dalk) wyd gelees word. En die kritiek sal natuurlik nie wegbly nie; kritiek wat ook in gedrukte vorm geproduseer en versprei word – meestal in koerante en tydskrifte, die naaste papierfamilie van die boek.

As 'n boek fel gekritiseer word, verkoop hy sleg. Daarom het drukkers en uitgewers 'n stelsel van keuring ingevoer om verliese te voorkom.

Met die koms van die boekdrukkuns het daar 'n nuwe beroep ontstaan, dié van die heeltydse leser: uitgewerskeurders en resensente. Hulle word noodwendig die toepassers van die maatstawwe wat aangelê word vir die onderskeie skryfgenres: letterkundige fiksie en wetenskaplike niefiksie.

Digitale gekkeparadys

Dit was vir 500 jaar die status quo, maar toe kom die internet met sy onbeperkte publikasie- en verspreidingsmoontlikhede – sonder hekwagters van enige aard. Enigeen kan plaas wat hy wil, en dít in 'n onkritiese ruimte. Facebook-digters reken vanselfsprekend op toejuiging deur “vriende”, wat jy kan “ontvriend” en selfs blokkeer as jy nie van hul kommentaar hou nie. Die skrywers is meestal amateurs wat aangeprys word deur mense wat ewe min van literêre standaarde weet. 'n Heerlike gekkeparadys.

En tog is dit die ideaal van die meeste kuberdigters om 'n eie boek in hul hande te hou, ondanks die moontlikheid wat e-boeke bied. Daardie papierproduk met sy tasbaarheid, ruikbaarheid en ritselende hoorbaarheid bly 'n gesogte produk. En hy is vir sy bestaan nie afhanklik van elektrisiteit nie. Veral in Suid-Afrika en ander derdewêreldlande met hul wispelturige kragvoorsiening is dit 'n wesenlike oorweging.

Die boek het nog altyd meer prestigewaarde as woorde op 'n skerm. Een uitweg is selfpublikasie, maar dit is duur en die produk is moeilik om te versprei. In dieselfde



webruimte waar jy 'n bejubelde digter geword het, kan jy jou boek adverteer, maar in Suid-Afrika is jy dan aangewese op 'n onbetroubare posstelsel of duur koerierdienste.

Daarom is die grootste ideaal steeds om deur 'n gevestigde hoofstroomuitgewer gepubliseer te word wat die publikasie-, reklame- en verspreidingskoste dra. Dis dáár waar jy jou vasloop in die vermaledyde hekwagters: keurders en redigeerders.

As jy op die een of ander manier deur dié hek kan glij, wag die resensente soos 'n trop honger wolwe op jou. En verskeur sal jy verskeur word as jy nie aan hul letterkundige norme voldoen nie.

Dan is die gort gaar. Jou Facebook-ondersteuners hef 'n Ou-Testamentiese geweekeklag aan oor die “onregverdigheid” en “venyn” van dié elitistiese ivoortoringbewakers. Daar word geskel op die akademiese en kliniese benadering tot die sensitiewe digter se onaantasbare sielsuitinge. Chaos en anargie in 'n tyd van eiegeregtigheid en toeëiening.

Een punt moet ek die ontstigte digters toegee: Uitgewersnorme kom nie altyd ooreen met universele literêre standaarde nie. Hulle is besonder gevoelig vir die tydsgees en kopersvoorkeur. Daar is baie gevalle van gevestigde en selfs bekroonde skrywers wie se manuskripte afgekeur word – nie omdat dit sleg is nie, maar omdat die uitgewer nie wins daarin sien nie.

In Suid-Afrika word die tydsgees veral deur politieke korrektheid bepaal. En resensente en pryskomitees doen maar alte graa mee.

Die boekbedryf se reëls

Hoe kom letterkundige maatstawwe dan tot stand? Dit is oor eeue heen gevorm deur teoloë (want die Bybel is ook 'n literêre teks), filosowe en letterkundiges. Hulle was almal

wyd belese in verskeie tale. Goeie skrywers is eweneens verwoede lesers. Dit is nog altyd die enigste manier waarop 'n skrywer sy unieke nis in die uitdyende heelal van die letterkunde kan vind.

Dáárvor sien die oorgrote meerderheid internetdigters nie kans nie. Daarom sal hulle – om 'n term van die Bybelkunde te gebruik – nooit gekanoniseer word nie, maar vergete raak in die apokriewe katakombes van die kuberruim.

Gutenberg het die wêreld 'n groot guns bewys met sy drukpers. Kennis en letterkundige skoonheid het binne almal se bereik gekom. Dit het geweldig bygedra tot die ontwikkeling van die literêre kritiek en literatuurstudie. Min het hy geweet hierdie neweproduk, die literatuurkritiek, sou soveel mense in die 21ste eeu so ontstel.

Die *digital divide*, wat bestaan tussen dié wat toegang het tot die internet en dié wat daarsonder moet leef, het 'n nuwe vorm aangeneem. Daar is diegene wat in die boekbedryf geskool is en die reëls verstaan, en dan is daar die skrywers en lesers wat slegs die bandelose vryheid van die digitale domein ken.

Om daardie diep ravyn oor te steek is dikwels 'n pynlike ervaring vir albei groepe.

Die Frankfurtse handelsbeurs, waar Gutenberg destyds sy Bybel ten toon gestel het, bestaan vandag nog in die gedaante van die grootste boekskou ter wêreld, die *Frankfurter Buchmesse*. Uitgewers van oor die aardbol heen kom jaarliks daar bymekaar om hul pronkprodukte uit te stal en honderde publikasie- en vertaalkontrakte word gesluit. In 2017, byvoorbeeld, het 7 300 uitstallers van meer as 100 lande deelgeneem, met ongeveer 286 000 besoekers.

Wat uitgestal word, is papierboeke – “harde kopieë”, in hedendaagse rekenaarjargon. En dit is waarna elke skrywer nog smag: Om sy hartswoorde in 'n konkrete vorm aan sy hart te kan druk. ♡

DEUR DANIEL HUGO





NATUURLASSE

VIR 'N NUWE GENERASIE

'N PRENTBOEK OOR 'N RENOSTERWESIE LEER
KINDERS IN HONGKONG NIE NET ENGELS NIE, MAAR
OOK DAT DIE NATUUR BEWAAR MOET WORD ...

Vasgevang in die Covid-19-krisis is die toekoms nog onduidelik, maar desondanks klink die storie van Lucky, die renosterwesie, dalk nog vir jare in Engels-klasse in Hongkong op.

Met die kinderboek *The Story of Baby Lucky* het 'n paar onderwyservriende in die Verre-Ooste een groot droom voor oë: Om kinderharte te roer met 'n storie so reg uit Afrika – en dalk net 'n saadjie in 'n volgende generasie se hart te plant om die natuur met ontsag te benader.

Ná jare in Hongkong was dié groepie vriende gretig om betrokke te raak by 'n projek waarmee hulle hul stem dik kan maak oor natuurbewaring.

Soos hulle voelers uitgesteek het, het dinge in plek geval en die een na die ander het betrokke geraak by LumiVoce, 'n natuurbewaringsorganisasie wat hom bewywer om deur musiek en stories 'n stem aan die natuur te gee.

DIE SKRYWER

Madeleine Volschenk (57), kom van Johannesburg, maar is al vier jaar in Hongkong. “Ek skryf maar altyd,” sê sy. “Hier in Hongkong is daar 'n Afrikaanse dramagroep. Ons het al die moontlikheid bespreek om een van my toneelstukke, *Engel in die Wimpy-bar*, te verwerk en hier op te voer.”

Gewapen met 'n dramagraad en 'n onderwysdiploma dra Madeleine al dekades

lank die klaskamer, die verhoogwêreld en die radiogolwe aan haar bors.

“Ek het lank Afrikaans Tweede Taal gegee, maar het die betrokkenheid by drama gemis. Dis toe dat ek begin skryf en my werk self opgevoer het. Ek het 'n stuk gehad op die eerste KKNK en 'n hele paar keer daarna. Ek het ook heelwat vir die SAUK geskryf – radiodramas. My roman *Elke dogter het 'n ma* is in 2013 deur Human & Rousseau gepubliseer,” sê sy.

The Story of Baby Lucky is haar eerste kinderverhaal. Dis een van drie wat deel vorm van LumiVoce se natuurlewereeks. Die ander twee handel onderskeidelik oor 'n orangoetang van Indonesië en 'n olifantjie van Sri Lanka. Die werke was aanvanklik 'n kombinasie van stories en inligtingsbrokkies, maar het nie as leesboek vir kinders gewerk het nie. Die verhale moes omgeskep word in iets wat kinders hardop in die klas kan lees.

Die bewaringsorganisasie African Parks het die ruggraat vir die storie verskaf – een van 'n renosterkalfie wat se ma werklik gestroop is, en Madeleine het dit in 'n kinderverhaal omgetower.

“Ek het nog nooit vir kinders geskryf nie en daardie aspek was baie interessant. Jou feite moet sekondêr wees; jy skryf na 'n kind se hart toe,” sê sy. “Dit was baie belangrik dat die kinders – as hulle die boek klaar gelees het – geraak is. Jy kan ook nie te veel preek nie. Met ander woorde, in plaas van om te sê renosterstropery is sleg, het ek dit uit die renoster se oogpunt geskryf.”



DIE ILLUSTRERDER

Die renosterkwessie lê hom na aan die hart, vertel die Kaapse boorling Francois du Plessis (69). “Ek is ’n diereliefhebber *par excellence*! Enige vorm van dieremishandeling ontstel my geweldig. Ek wou betrokke wees by hierdie projek, want dit maak die jonger geslag bewus van die wreedheid wat teenoor die renosters gepleeg word.”

Francois is g’n vreemdeling in Hongkong nie en woon al ongeveer 18 jaar in die spesiale administratiewe streek van China. “Ek was lus vir nuwe weivelde, uitdagings en kulture,” sê dié wêreldreisiger. Hy is ’n gekwalifiseerde kunsonderwyser en het al tekstielontwerp en vryskut-illustrasies vir tydskrifte gedoen.

Heelwat navorsing is gedoen om sy illustrasies so na moontlik aan die werklikheid te hou, maar hulle is terselfdertyd “kleurryk en kindervriendelik”.

“Wanneer dit kom by die habitat en die verskil tussen swart- en witrenosters het ek so na moontlik aan die werklikheid gehou,” sê hy. As illustreerder van Lucky se hartseerverhaal is dít vir hom besonder belangrik, want: “Dit is nie ’n feeverhaal nie; dit is die werklikheid.”

DIE TOEKOMS

As dinge goed gaan, is daar nog ’n boekie op pad, maar dié keer oor Hongkong se pienk dolfyne, laat Francois val. Maar eers moet Lucky die klaskamers “infiltrêre”.

NET Section – ’n eenheid wat Engels-moedertaalonderwysers in die Hongkongse onderwysdepartement bestuur – het met hoërskoolonderwysers vergader om hulle oor LumiVoce se studiehulpbronne in te lig. Elke personeellid het ’n eksemplaar gekry. Dit word ook vir laerskool-onderwysers aanbeveel as boeke waaruit die kinders hardop kan lees. Dit is veral nuttig wanneer temas soos omgewingsake of biodiversiteit

behandel word.

“Ek het baie geleer oor swartrenosters in hierdie tyd,” sê Madeleine.


“Dis ’n kinderverhaal, maar dis gegrond op die werklikheid.”

Die 2018- dokumentêre prent *Stroop*, wat handel oor renosterstropery, het haar en haar kollegas geweldig ontstel. Dit is veral na aanleiding daarvan dat die Lucky-projek tot hulle gesprek het. Die boek is vir kinders tussen 10 en 15 jaar geskryf.

Vir jonger kinders sou hierdie soort storie te erg wees. Francois skram nie weg van die werklikheid nie en wys onder meer Lucky se ma waar sy in ’n plas bloed lê.

Die manier waarop mense in die algemeen met die natuur omgaan, is skrikwekkend, sê Madeleine driftig. “Dis of ons die boodskap van God gekry het dat ‘heers oor die aarde’ beteken vernietig, plunder en brand af. Vir my is daar ’n verband tussen dít en Covid-19, emosioneel in elk geval. Dit is of ons geen beheer het oor ons selfsug en wat óns nodig het nie, of wat ‘my’ tevrede stel nie.

“Dit lê my baie na aan die hart. Ons gaan net eenvoudig nie ordentlik om met die natuur nie – en die renoster is maar een voorbeeld daarvan. Jy lei ’n volgende geslag op.” ♡



MADELEINE VOLSCHENK



FRANCOIS DU PLESSIS

’n PDF-weergawe van *The Story of Baby Lucky* kan by [Lumivoce.org](https://www.lumivoce.org/aangeskaf-word) aangeskaf word.

Kry meer inligting by:

<https://www.lumivoce.org/wildlife-stories>

<https://www.africanparks.org/>

DEUR ANNAMI MAILOVICH
ILLUSTRASIES: VERSKAF MET
VERGUNNING VAN DIE ILLUSTRERDER
FRANCOIS DU PLESSIS



GOU WEER VAKANSIE TYD!

DIE COVID-19-PANDEMIE HET DIE TOERISMEBEDRYF TOT STILSTAND GERUK EN OOK DIE ATKV SE OORDE VOEL DIE IMPAK DAARVAN; TOG IS NUWE PLANNE BERAAM ...

ATKV-Bufferpoort se warm swembad, wat veral oor naweke en tydens vakansies gewemmel het van besoekers, is dolleeg. ATKV-Hartenbos se waterpark het maande laas aksie gesien en by -Drakensville is daar geen besoekers wat die mooi uitsig kan bewonder nie.

Net só is dit doodstil by -Eiland Spa, -Klein-Kariba, -Natalia en -Goudini Spa. 'n Hardnekkige virus het almal se wegbreek- en

vakansieplanne lelik in die wiele gery en die enigste manier waarop ons vir weke lank kon reis, was met 'n ver-beeldingsvlug. Tog rus die ATKV se oorde in die grendeltyd nie op hul louere nie en alles moontlik word gedoen om te verseker dat gaste een van die dae weer al die lekker van 'n oord-wegbreke kan geniet. *Taalgenoot* het met Schalk Cilliers, besturende direkteur: ATKV-Sake, gesels oor hoe hulle geraak word en wat die uitdagings gaan wees. ►

“ONS WIL EGTER OOK SEKER MAAK DAT GESINNE IN GEMAK KAN KOM UITSPAN EN ONTSPAN NÁ DIE DRUK WAT OP ALLE SUID-AFRIKANERS GEPLAAS AS GEVOLG VAN DIE PANDEMIE.”



WAT IS DIE SITUASIE BY DIE OORDE?

Om ons personeel en gaste se gesondheid te help beveilig en omdat ons die inperkingmaatreëls (aangekondig op 15 Maart) gesteun het, is die oorde gesluit. Dit het natuurlik 'n groot impak op ons inkomste gehad.

'N ATKV-OORD EN 'N HOTEL OF GASTEHUIS VERSKIL. IS DIE REËLS GEREGVERDIG?

Ons werk saam met ons kollegas in

die vakansiebedryf, asook toerismebedryf-organisasies, om die bedryf se belange by die nasionale bevelsraad te bevorder sodat ons saam 'n plan kan beraam dat vakansiebestemmings so vinnig moontlik kan oopmaak [Pres. Cyril Ramaphosa het ná die onderhoud met Schalk aangekondig dat alle vorme van verblyf mag oopmaak]. Natuurlik met die regte gesondheidsprotokol in plek om personeel en gaste se gesondheid te help beveilig.

Dit gesê, daar is groot verskille tussen die

onderskeie akkommodasieverskaffers met betrekking tot die kapasiteit om sosiale afstand tussen gaste te help handhaaf. By 'n vakansie-oord is wooneenhede ver van mekaar en gaste sorg vir hul eie kos. Selfs in kampeerareas kan sosiale afstand beheer word deur elke tweede staanplek leeg te hou en die gebruik van ablusiegeriewe te bestuur.

WAARMEE HOU DIE OORDE-PERSONEEL HULLE BESIG?

Ons personeel bly gefokus op die instandhouding van die kritiese aspekte van 'n oord, die beskerming van alle geriewe en die beplanning en inwerkingstelling van aksies sodat ons

reg is vir wanneer die regering aandui dat ons weer kan begin sake doen.

WAT HET JULLE TEN OPSIGTE VAN INNOVERING IN DIÉ TYD GEDOEN?

Dit het ons die tyd gegee om van nuuts af te kyk na ons besigheid en hoe ons 'n beter produk en diens aan die Suid-Afrikaanse vakansiemark kan bied. Ons kyk na verskeie aspekte van die bedryf, maar kan nie te veel van die detail verklap nie. Wat ek wel kan sê, is dat ons opwindende planne in die vooruitsig stel!

VERTEL ONS 'N BIETJIE MEER VAN JUL AANLYN PLATFORMS.

Daar is drie aanlyn platforms waarna besoekers gerus kan gaan kyk:

Ons bestaande aanlyn-besprekingsplatform is steeds aktief en enigeen kan besprekings by ons oorde vir 2021 maak. Boonop het jy die voordeel dat jy vir 2021 kan bespreek teen 2020 se tariewe!

Tweedens het ons nou ook 'n aanlyn geskenkbewysstelsel. Jy kan nou vir daardie spesiale persoon vir hul verjaardag of enige ander spesiale geleentheid 'n ATKV-geskenkbewys koop wat hulle kan gebruik as volle of gedeeltelike betaling van hul volgende

bespreking by ons. Laastens het ons op 28 Mei 'n digitale vermaakportaal geskep op ons webwerwe, DigiOord en DigiResort. Daar kan besoekers deelneem aan verskeie vermaakaanbiedinge deur ons bekwame en energieke vermaakspanne.

WAT KAN BESOEKERS NÁ DIE GRENDELTYD VAN OORDE VERWAG?

Personeel en gaste se gesondheid gaan ons hoogste prioriteit wees. Ons sal voldoen aan alle gesondheidsprotokolle, soos ooreengekom met die regering en bedryfsinstellings. Ons wil

terselfdertyd seker maak dat gesinne in gemak kan kom uitspan ná die druk wat op alle Suid-Afrikaners geplaas is as gevolg van die pandemie.


WATTER BOODSKAP HET JY VIR ATKV-LEDE EN VOORNEMENDE VAKANSIEGANGERS?

Ons is opgewonde om julle weer by ons oorde te verwelkom! Boonop het ons opwindende nuus oor aanbiedinge vir die res van 2020 en vir 2021 wat ons binnekort bekend sal maak en wat groot waarde sal toevoeg vir enigeen wat ons kom besoek.

HOE GAAN DIE PRENTJIE NÁ COVID-19 VERANDER?

Elke Suid-Afrikaner moet aanvaar dat die meeste sosiale wisselwerking in die openbare omgewing dramaties anders vir die afsienbare toekoms gaan wees. Terwyl ons wil verseker dat elke gesin of paartjie wat by ons kom uitspan 'n unieke, ontspannende ervaring het, gaan ons moet voldoen aan gesondheidsprotokolle soos voorgeskryf deur die bedryf en die regering, en dit gaan vakansies in 'n mate anders laat voel. Ons maak werk daarvan om te verseker dat elke gas welkom voel by ons oorde, hulle gate uit geniet en met nuwe energie terugkeer huis toe. ♡

DEUR JOHAN JACK SMITH





IN DIE DIGITALE VOETLIGTE

ATKV-TIENERTONEEL SPOG MET 'N SPLINTERNUWE FORMAAT, WANT
GEEN PANDEMIE GAAN IN DIE PAD VAN TALENT EN KREATIWITEIT STAAN NIE!

Dit wil lyk of die teaterplanke weens die Covid-19-pandemie nog vir 'n wyle stil gaan wees, maar die skeppende kunste kry altyd 'n manier om te vernuwe en uiteindelik te seëvier.

“Die ontwikkeling van kuns en kultuur was nog nooit so noodsaaklik vir die mensdom nie,” sê JJ van Niekerk, projekorganiseerder van ATKV-Tienertoneel.

Vanjaar het 217 produksies en meer as 4 000 leerders hul plek in die kompetisie bespreek, maar weens die grendeltyd, asook die feit dat skole alle buitemuurse aktiwiteite moes staak en teaters hul deure sluit, kon die ATKV se nasionale teaterkompetisie nie in sy huidige formaat voortgaan nie.

MONOLOOG-TYD

“Die ATKV het tot die besef gekom dat die ontwikkeling van kreatiwiteit en die stimulerende van 'n sterk psige sentraal staan tot die verandering van gedragspatrone en aanpassing van denkwyses,” sê JJ.

Volgens Gerrie Lemmer, uitvoerende hoof: taal en kultuur, skep die ATKV jaarliks vir meer as 50 000 deelnemers die geleentheid om deur taal- en kultuurprojekte hul vaardighede te ontdek en te ontgin. “Die ATKV se projekte het vir baie jare gefokus op sosiale interaksie, opleidingskursusse en gesonde wedywing. Die Covid-19-pandemie het dié model in sy spore gestuit. Dit het ons genoodsaak om ons projekaanbod aan te pas om steeds relevant te bly.”

Die vereniging het gevolglik met 'n innoverende konsep vorendag gekom om binne die inperk-raamwerk steeds aan al 4 000 deelnemers dieselfde geleentheid te bied. Die nuwe formaat behels dat elkeen 'n monoloog van tussen drie en vyf minute op kamera opneem en op die ATKV se webtuiste laai.

Die beoordelaars beoordeel dit vir spel en teks en stuur enige kommentaar in 'n stemnota aan die leerders.

Die deelnemers se brons-, silwer- of goue sertifikaat word aan die individu of die skool gegee. Tekste wat vir die Desember-eindronde gebruik gaan word, word ook geïdentifiseer.

“Die top-40 leerders word aangewys en hulle dring deur na die nasionale semifinaal,” sê JJ. “Hierdie semifinaliste sal 'n tweede opdrag ontvang. Elkeen van die semifinaliste ontvang ook 'n deelnamesertifikaat, wat gelykstaande is aan provinsiale deelname.

“ATKV-Tienertoneel gaan hierdeur weer in sy doel slaag om die liefde vir toneelskepping en teaterkyk te bevorder deur vanjaar te fokus op spel en die skryf van tekste voordat ons die planke einde 2020 tref met die vervaardiging van 'n professionele produksie, asook in 2021 'n uitgebreide speelveld vir die nasionale finaliste bied.”

“OOR DIE AFGELOPE 90 JAAR HET DIE ATKV KWALITEITPROJEKTE VIR JONK EN OUD AANGEBIED EN ONS GAAN NIE NOU STOP NIE.”

DEEL 'N VERHOOG MET BEKENDES

Uiteindelik dring die top-20 na die eindronde deur waarin hulle saam met beroepsteaterlui optree. Vanjaar se akteurs sluit in Henrietta Gryffenberg, Cintaine Schutte, Jacques Bessenger, Amalia Uys, Wilhelm van der Walt, Ira Blanckenberg en Waldemar Schultz. Hulle vorm ook die beoordelaarspaneel.

Inskrywings open 1 Junie en sluit 31 Julie.

“Ons doen 'n beroep op leerders en skole om al die toneelspelers en toneelliefhebbers in hul gemeenskappe te motiveer om steeds vanjaar aan ATKV-Tienertoneel in die nuwe formaat deel te neem,” sê JJ. “Só kan ons keer dat die impak van die virus ons stroop van dié menswees- en karakterbou-eienskappe waarsonder ons nie kan lewe nie.”

Gerrie voeg by: “Oor die afgelope 90 jaar het die ATKV kwaliteitprojekte vir jonk en oud aangebied en ons gaan nie nou stop nie.

“Deelnemers kan vanjaar uitsien na opwindende, innoverende aanlyn projekte wat individue se skeppende vaardighede stimuleer. Onder die vaandel van DigiProjekte is sewe nuwe projekte bekend gestel: DigiSpel, DigiTaal, DigiSkryf, DigiPraat, DigiSaampraat, DigiKaptein en DigiGroeï [lees meer op bl. 98].

“Taalliefhebbers kan uitsien na taalprojekte soos Afrikaanse Olimpiade, Skitter in Afrikaans, leeskringe en leeskonferensies wat op verskeie aanlyn platforms aangebied gaan word, en aspirant-liedjieskrywers sal deur ATKV-Crescendo die geleentheid kry om hul woorde en wysies aan die wêreld bekend te stel.”

Al verlam die Covid-19-pandemie groot dele van die wêreld, sê Gerrie, die ATKV sien dié krisis as 'n geleentheid om enige deelnemer by te staan. “Ons wil deur ons projekte elke deelnemer help om emosioneel te groei en ontwikkel.

“Gryp die geleenthede aan wat die ATKV jou bied – tot jou en ander se voordeel. Die lewe sal weer terugkeer tot normaal.” 🌱

* Die artikel is geskryf toe streng inperkingmaatreëls geld het.

DEUR JACQUES MYBURGH

KENNISGEWING VAN DIE 2020– ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE ATKV

Ingevolge artikel 4 van die Akte van Oprigting word hiermee kennis gegee dat die 2020- algemene jaarvergadering van die ATKV op Woensdag 19 Augustus 2020 digitaal sal plaasvind. Die tema is:

“Is jy reg om saam te reis?”


Ingevolge artikel 4.5.1 van die Akte van Oprigting kan daar skriftelike kennis gegee word aan alle lede deur middel van pos, of elektroniese pos, of publikasie in die ATKV se amptelike mondstuk, *Taalgenoot*.

Die verkorte kennisgewing en finansiële state sal elektronies beskikbaar wees op die ATKV se amptelike webblad www.atkv.org.za of alternatiewelik op versoek aan die ledekantoor of kliëntedienskantoor, by 011 919 9000.

In opdrag van die direksie.



JOHAN SCHOEMAN
WND. MAATSKAPPYSEKRETARIS
JUNIE 2020



**ATKV
OORDE**

**FA
MI
LIE**

**VIR MEER AS 'N PAAR MAANDE
SEIL ONS LEWENSBOOTJIES
AL IN ONBEKENDE WATERS.**

**WANNEER JY WEL OP
VAKANSIE WIL EN KAN GAAN,
DRA ONS JOU BESTE BELANGE
OP DIE HART EN SAL ONS
GRAAG OOK ONS DEEL DOEN
OM DIT VIR JOU MOONTLIK EN
VEILIG TE MAAK.**



www.atkvoorde.co.za



[atkvoorde](https://www.instagram.com/atkvoorde)



www.facebook.com/ATKVOORDE

DIE OMGEE



DIS WANNEER DIT SWAAR GAAN DAT NIE NET MENSE NIE, MAAR OOK ORGANISASIES HUL WARE KLEURE WYS. TE MIDDE VAN DIE COVID-19-PANDEMIE SE ELLENDE HET ATKV-TAKKE OOR DIE LAND HEEN INGESPRING OM TE HELP ...

Vir die afgelope 90 jaar reeds sien die ATKV en sy takke na die belang van Afrikaans en sy sprekers om. Noem maar 'n dorp in Suid-Afrika se naam en jy sal waarskynlik daar 'n ywerige takvoorsitter en -lede kry wat met enigiets van spel- en redenaarskompetisies tot boektrommels woeker om Afrikaanses 'n tuiste in hul gemeenskap te gee.

Weens die wurggreep van die Covid-19-pandemie op die ekonomie en op hul onmiddellike omgewing, het talle takke besluit om 'n helpende hand na die gemeenskap uit te reik. Van Port Elizabeth en Sasolburg tot Kaapstad se noordelike voorstede is projekte en inisiatiewe van stapel gestuur om behoeftiges by te staan.

Kospakkies en warm koffie

"In Oudtshoorn is daar honderde mense wat op hul knieë is en wonder waar die volgende brood of bord kos vandaan gaan kom," sê Petra le Roux, takvoorsitter van die ATKV-tak Oudtshoorn. "Ek bekommer my nie oor die virus nie. Ek bekommer my oor die mense en hoe hulle sonder 'n inkomste gaan oorleef."

Die tak het besluit om noodsaaklike goed soos kos en

seep in te samel. "Hier is baie mense wat op maatskaplike toelae lewe en hul inkomste met stukwerk aanvul, maar nou is daardie werk skielik nie meer daar nie."

Volgens Petra sou baie van die mense tydens die jaarlikse KKNK as skoonmakers of veiligheidswagte gewerk het. Dié fees is een van talle geleenthede wat afgelas is. "Die mense maak jaarliks staat op die fees om hul inkomste aan te vul, maar nou is dit ook nie meer daar nie. Ons fokus veral op die huishoudings waar daar kinders is."

Sedert die staat van inperking begin het tot middel-Mei het die tak 95 kospakkies van meer as R10 000 en 65 soppakkies van R850 ingesamel en onder behoeftiges versprei. Hulle het ook elektrisiteit gekoop vir mense wat dit nie kon bekostig nie.

"Ons tak het nog altyd daarin geslaag om 'n hand uit te reik na die mense van Oudtshoorn en hierdie keer was dit nie anders nie," sê Petra.

Ook die ATKV-tak Vereeniging het nog altyd 'n groot gemeenskapsvoetspoor gehad, sê Frik Roets, takvoorsitter. "Ons het elke jaar tussen 18 en 30 projekte en fokus op taal, onderwys en die gemeenskap. Ons het weke voor die Covid-19-pandemie reeds die behoefte raakgesien."

Die tak het kragte saamgespan met die Hoërskool

VAN UITREIK



VERSEIE ATKV-TAKKE HET 'N HELPENDE HAND TYDENS DIE COVID-19-PANDEMIE UITGEREIK. ATKV-TAK OUDTSHOORN HET KOSPAKKIES AAN BEHOEFIGES GESKENK. ATKV-TAK KRO'BOSSIE HET VIR 'N PLAASLIKE OUETEHUIS BOEKTROMMELS GESKENK EN ATKV-TAK PORT ELIZABETH HET GESIGMASKERS GEMAAK EN AAN HAWELOSES GESKENK.

Overvaal se voedingskema en die ATKV-jeugtak Mondjievool om hulp te bied, sê Frik. “Daar is ’n groot nood onder veral kinders van die skool en ons het skenkings begin insamel om sowat 40 kinders en hul gesinne te voed wat nie in die tyd van die inperking by die skool kos sou kry nie.”

Frik en sy span het die skenkings, wat kos ingesluit het, by die skool ontvang, verwerk en van daar versprei.

Die tak het besef dat polisielede ook swaarkry, sê hy. “Die polisielede wat op die R59-pad by padversperrings staan, sukkel om vir hulself warm koffie te maak. Die elektriese ketel laat hul kragopwekker die heeltyd uitskop en ons het besluit om hulle te help met die skenking van ’n klein gassilinder en stofie, met ’n ketel, sodat hulle warm koffie kan hê. Ons het die inisiatief deurgestuur aan ander takke sodat hulle ook kan kyk hoe hulle die polisie in hierdie tyd kan bystaan.”

Maskers en leestrommels

In Despatch is die ATKV-tak Sonneblom ook aan die woeker om honger mae te vul. Volgens Anette Becker, takvoorsitter, het hulle klein begin tot waar hulle nou skaars kan byhou met al die skenkings.

“As ons van ’n geval hoor waar mense nie kos het nie, dan hanteer ons dit. Ons het tot dusver 58 kospakkes bymekaargesit en aan gesinne gestuur, maar ons is reeds besig om nog te versamel en te gee waar daar nood is,” sê Anette.

Hulle kry ook klereskenkings, wat hulle saam met die kospakkes aan gesinne gee. “In die eerste paar weke kon baie van die mense nie werk toe gaan nie en hulle het nie geld verdien nie. Dit is hulle wat ons help en bystaan.”

Die Hartenbos-tak het weer besluit om bejaardes by te staan. “Ons weet dat bejaardes die vatbaarste is vir die virus en daarom het ons besluit om hulle te help,” sê Rolien Smit van dié tak. “Daar is ’n paar bejaardes in ons gemeenskap wat ’n groot risiko is weens mediese redes soos dat hulle chemo ontvang of die een of ander onderliggende siekte het.”

Die taklede het besluit om die bejaardes se blootstelling aan die virus tot ’n minimum te beperk deur namens hulle inkopies te gaan doen. “Ons neem hul bestellings, ry om die inkopies te doen en lewer dan die goed by hulle af,” sê Rolien.

Die ATKV-jeugtak Durban-Noord Kollege Woekers se voorsitter, Sidney van Wyk, en die ondervoorsitter, Maritia ►

“HIER IS BAIE MENSE WAT OP MAATSKAPLIKE TOELAE LEWE EN HUL INKOMSTE MET STUKWERK AANVUL, MAAR NOU IS DAARDIE WERK SKIELIK NIE MEER DAAR NIE.”

Schoeman, het hul bydrae gelewer deur te help met die verpakking van handreinigingsmiddels. Die twee leerders het vir 'n week tydens die Paasvakansie gehelp om by die maatskappy Zone Chemicals reinigingsmiddel in kleiner houers te tap. Hulle het ook meer as 100 gesigsmaskers gemaak en onder motorwagte en bedelaars uitgedeel.

“Daar het ook bejaardes en ander mense daarvoor gevra en ons het dit gratis aan belangstellendes uitgedeel,” sê Maritia.

Sommige takke het nie net gedink aan mense se fisieke behoeftes nie, maar ook aan hul geestesgesondheid. Die ATKV-vrouetak Kro’bossie van De Aar het kort voordat die inperking begin het 'n leestrommel by 'n plaaslike ouetehuis afgelewer sodat die bejaarde inwoners ekstra leesstof kan hê.

“Ons het die boektrommel by die ACVV se Op-die-Kruin-dienssentrum afgelewer. Die bejaarde inwoners mag nie die sentrum verlaat of besoekers ontvang nie,” sê Marina Fouché, takvoorsitter.

Die ATKV-tak Sasolburg het ook besluit om gesigsmaskers te maak en te versprei.

“Daar is skielik besef dat ons gesigsmaskers nodig het en voorraad was beperk. Met al die nuus en inligtingssessies is die noodsaaklikheid van die dra van maskers telkemale beklemtoon,” sê Pollie Massyn, takvoorsitter. “Daar is soveel mense wat in noodsaaklike dienste funksioneer en daaglik moet voortgaan met hul werk. Met dit in gedagte het ons dit goedgedink om maskers te maak en aan instellings, 'n ouetehuis en verskeie individue te skenk.”

Van die mense wat maskers van Pollie-hulle ontvang het, is vragmotorbestuurders, personeel by die plaaslike ouetehuis en veiligheidswagte.

“Hierdie projek was nie deel van ons oorspronklike beplanning nie, maar 'n goeie geleentheid om uit te reik na die gemeenskap in ons omgewing,” sê Pollie. “Die bydrae is nou wel 'n druppel aan die emmer, maar die ATKV-tak Sasolburg het 136 maskers gemaak en geskenk.”

Hierdie is maar net 'n paar van die ATKV-takke wat in hierdie tyd ingespring het om 'n verskil te maak. Daar is vele ander wat ook 'n reuse-bydrae gelewer het. 🌱

DEUR JACQUES MYBURGH



DIE ATKV-GESINSTAK BOKSBURG HET UITGEREIK NA DIE PIKANINI DAGSORGSENTRUM IN DIE SONOP WOONWAPARK IN BENONI. DIT IS 'N KLEIN KLEUTERSKOOL VIR KINDERS WIE SE OUIERS IN DIE WOONWAPARK WOON.



LEDE VAN DIE ATKV-TAK KRO’BOSSIE HET BOEKE AAN HULLE PLAASLIKE OUIETEHUIS GESKENK. VAN LINKS IS MARINA FOUCHÉ, MARIETA SMIT EN MARILIZE SMIT.



GIDEON SWANEPOEL VAN DIE ATKV-TAK PORT ELIZABETH SAAM MET ANDRÉ LOURENS, GEMEENTELEIER VAN DIE ALGOA GEMEENSKAPSKERK.



**Ons sien die geheelbeeld,
jy geniet die voordeel.**

**Jou persoonlike behoeftes is ons eerste prioriteit,
sodat versekering die laaste ding is waarom jy jou
hoef te bekommer.**

Besoek gerus PSG.co.za om 'n adviseur naby jou te
vind. Vir meer inligting skakel 0861 774 665 of e-pos
CCCentral@psg.co.za.

DigiProjekte IS HIER!



Geen ATKV-Jeugberaadgangers baljaar in die ATKV-oorde se swembaddens nie. Die klaskamers is verlate waar leerders gewoonlik vurig en met passie hulle toesprake vir ATKV-Redenaars gelewer het.

Maar die ATKV beskou die staat van inperking as 'n uitdaging om met nuwe ywer en innoverende projekte deelnemers te stimuleer.

'n Verskeidenheid van splinternuwe projekte word deur die ATKV aanlyn aangebied. Op die koop toe is ATKV-projekte ook vir die eerste keer toeganklik vir dié wat oorsee bly en passievol oor Afrikaans is.

ATKV-DIGISPEL

Party mense kan spel en ander kan tel. As jy 'n S-P-E-L-L-E-R is en in koue sweet uitslaan as jy 'n spelfout sien, is die ATKV se digitale spelkompetisie net vir jou. Met ATKV-DigiSpel word leerders aangespoor om baie meer aandag aan die gebruik van Afrikaans te gee en nie net SMS-taal te gebruik nie. Indien jy dalk 'n T-E-L-L-E-R is en jou spelvermoë wil verbeter, moet jy beslis nie huiwer om jou in te skryf nie. ATKV-DigiSpel gaan jou uitdaag, jou spelling opskep en jy gaan beslis jouself gate uit geniet.

Die sluitingsdatum is 7 September 2020.

ATKV-DIGITAAL

Afrikaans – die taal van jou kop en jou hart en nou ook jou vingers. Met ATKV-DigiTaal kan jy vir die eerste keer jou taalkennis toets en uitbrei en al wat jy nodig het, is jou foon. Om hierdie taalkompetisie nog meer uniek te maak, kan jy deelneem – óf jy nou nege jaar oud is óf reeds 110 jare agter die blad het.

Afrikaans lê die ATKV na aan die hart en ons en die Beter Afrikaans-span nooi jou uit om jou liefde vir en kennis oor Afrikaans met dié kompetisie te vier.

Sluitingsdatum: 4 Augustus 2020.

ATKV-DIGIGROEI

Die DigiGroeï-webinare gaan uit 'n reeks opwindende webinarre bestaan. Daar sal maandeliks kort webinarre met spesifieke onderwerpe aangebied word. Die inhoud sal handel oor vernuwing van denke en jou in staat stel om jou horisonne te verbreed. Hoewel die webinaar spesifiek vir hoërskoolleerders is, is dit oop vir enige belangstellendes, studente en selfs ouers. Die webinarre is ook nie net gemik op Afrikaanssprekendes nie. Hou die ATKV se sosiale media dop vir meer inligting.

ATKV-DIGISKRYF

Of jy jou bevind in 'n snikhete Upington, die Eiffeltoring bewonder in die Franse hoofstad, die Vrystaatse stof inasem of smul aan pasta van 'n Italiaanse “mama” – as jy lief is vir Afrikaans en skryf, dan is ATKV-DigiSkryf net vir jou.

Dié splinternuwe kompetisie van die ATKV is vir oud en jonk, en gee jou die geleentheid om met jou kreatiwiteit en skryftalent te spog. Nie net sal die wenner se werk op een

van die ATKV-platforms ten toon gestel word nie, maar daar is ook fantastiese boekpryse op die spel.

Sluitingsdatum: 20 Julie 2020.

ATKV-DIGIKUNS

Navorsing het herhaaldelik bewys dat kreatiwiteit positiewe 'n hupstoot gee. Iets waarvan ons almal – oud en jonk – nou 'n groot dosis nodig het. ATKV-DigiKuns is 'n opwindende nuwe digitale kunsplatform wat 'n unieke, kreatiewe uitdaging aan laer-, hoërskoolleerders, studente, volwassenes en senior burgers stel. Deelnemers word gevra om 'n Afrikaanse gedig te kies en 'n visuele interpretasie daarvan te skep in die vorm van 'n oorspronklike kunswerk.

Sluitingsdatum: 24 Julie 2020

ATKV-DIGIKAPTEIN

As jy enige leierskapsposisie beklee, sal jy baat vind by hierdie ATKV- aanlyn kursus oor algemene leierskapsvaardighede.

Temas wat in die kursus behandel sal word, is:

- Die eienskappe van 'n goeie leier.
- Wat 'n leier by die skool mag doen en nie doen nie.
- Hoe 'n superbesige maand effektief beplan word.
- Hoe 'n leier konflik en stres hanteer.

Die sluitingsdatum vir die aanlyn kursus is

25 November 2020 om 10:00 en koste is R500 per leerder. Die kursus sal beskikbaar en aktief wees tussen 30 November 2020 en 15 Januarie 2021.

ATKV-DIGISPANPRAAT

“Praat Saam” is nie net 'n radioprogram nie. Vier vaar inderdaad beter as een! Met ATKV-DigiSpanpraat, 'n opwindende nuwe digitale platform, gaan jong redenaars en families hulself (en hul redenasies) behoorlik kan toets. Hierdie aanlynkompetisieformaat bied spanne die geleentheid om van 'n afstand hul verskillende persoonlikhede, opinies, idees en oortuigings te orden om daardie een standpunt met mening oor te dra.

Maak jou reg vir kreatiewe invalshoeke, innoverende uitgangspunte, skerp redenasies en veelhoekige argumente wat die durf van deelnemende spanne gaan toets.

Sluitingsdatum: 31 Augustus 2020.

ATKV-DIGIPRAAT

Om jou sê met selfvertroue te sê, is 'n vaardigheid wat jou ver in die lewe kan bring. Met ATKV-DigiPraad wil ons vir leerders 'n platform gee waar hulle in Afrikaans kan kom wys wat in hulle steek. Om alles te kroon, hoef jy nêrens heen te ry nie, met hande wat sweet op 'n klipharde saalstoel te sit nie, of bewerig te glimlag vir 'n streng beoordelaar nie. Met ATKV-DigiPraad kan jy in die gerief van jou eie huis, jou toespraak opneem en stuur.

Vir die eerste keer word internasionale inskrywings ook verwelkom.

Sluitingsdatum: 1 Julie 2020.

Besoek <https://atkv.org.za/neem-deel/digiprojekte> om die brosjures af te laai en in te skryf.



DIE STEEL-EN-DEEL BOEKKLUBS

JY SAL TOG NIE 'N BOEK UIT 'N BOEKWINKEL STEEL NIE, OF HOE? WAAROM DAN DAARDIE E-BOEK, WAARVOOR JY NIE BETAAL HET NIE, VIR ALMAL AANSTUUR?

Die dae vloei ineen. Jy kan nie meer onthou watter dag dit is nie en selfs die maande begin hul struktuur verloor. Jou “vryheid” en die buitelewe voel soos ’n vae herinnering.

Jou foon vibreer en jy word terstond uit jou bepeinsing en dagdrome geruk. Dit is ’n WhatsApp-boodskap van ’n goeie vriend.

Jy maak dit oop en sien dit is ’n PDF-dokument van jou gunstelingskrywer se nuutste boek.

Bonus! Weens die inperking is ook boekwinkels gesluit en jy reken hierdie “gratis” eksemplaar is jou “reg”. Maar wat van die skrywer en die boekbedryf, wat nie die geld kry wat hulle toekom nie?

OM DEN BRODE

Dit is die werklikheid waardeur talle uitgewers en skrywers gekonfronteer word. E-boeke en PDF-dokumente van hul nuutste boeke word wild rondgestuur en van die

broodnodige inkomste is daar geen sprake nie.

Verskeie skrywers het die laaste tyd op PEN Afrikaans se Facebook-blad hul misnoeë te kenne gegee oor die aanstuur van roofkopieë.

“Goed, jy is bereid om duur te betaal vir sigarette en whiskey en ’n lekker dik *steak*. Maar jy sal sonder huiwering ’n e-boek bedel by iemand wat dit op snaakse webwerwe afgelaai het?” skryf Kerneels Breytenbach. “Dis mos diefstal! Nou sê vir my, gaan jy ook boekwinkels toe om boeke te steel?”

“As skrywers nie vir hulle werk vergoed word nie, sal daar uiteindelik geen boeke meer geskryf word nie. Doen jou deel vir die behoud van die boeke kultuur. Koop jou e-boeke en boeke.”

Ook die digter Danie Marais beklemtoon die effek wat die aanstuur van e-boeke op skrywers het. “Gewilde skrywers is geliefde figure en lesers is meestal mense wat die voorreg van ’n opvoeding gehad het. Daarom raai ek dat 99% van diegene wat e-boeke onwettig versprei en deel, nie regtig bewus is van die finansiële skade wat hulle berokken nie.

“Verskeie uitgewers bied groot korting op e-boeke gedurende die inperkingstyd aan. Maak daarvan gebruik. Skrywers wat om den brode vir ’n klein mark skryf, kan eenvoudig nie bekostig om hulle boeke weg te gee nie.”

Die skrywer Charl-Pierre Naudé sê intellektuele eiendom staan nie teenoor kollektiewe welstand nie. “Dit verseker dat gehalte-inhoud betyds en bygewerk gelewer word, tot voordeel van die kollektief.

“Alle Suid-Afrikaanse skrywers maak staat op inkomste uit hul skryfwerk. Dat sommige skrywers slegs gedeeltelik finansiële afhanklik is daarvan verander niks aan hierdie feit nie. In die moderne wêreld, waar inkomste kumulatief werk, skryf alle skrywers om den brode.”

WAT SÊ DIE REG?

Volgens Izak de Vries, bestuurder: bemarking en kommunikasie by Lapa Uitgewers, ontsyfer kuberkrakers die digitale “slot” op uitgewers se webwerf en plaas dan die boeke op onwettige platforms, waar mense dit kan aflaai.

“Hulle stuur dit gewoon vir mekaar aan, of plak dit op groepies. Dit is soos om ’n lorrie vol drank te kaap en dan die drank aan mense te gee om te versprei. Die kaper is skuldig aan die misdaad, en die mense wat die drank versprei, is ewe skuldig.”

Hy sê hierdie neiging het ’n yslike invloed op hul boekverkope gehad. “Lapa het in April 2020 minder as 5 000 e-boeke wettig verkoop. Op één groep wat ek gemonitor het, was daar meer as 1 000 gesteelde boeke, met meer as 100 lede. Dit is 100 000 gesteelde boeke.”

Volgens hom is dit nie ’n nuwe neiging nie, maar dit het in die inperkings tyd skerp toegeneem. Verskeie uitgewers poog nou om dit te bekamp.

“Ons het die laaste ruk saamgewerk om ’n plan van aksie op te stel wat die polisie se eenheid teen ernstige misdaad en die departement van handel, nywerheid en mededinging betrek. Ons eerste poging is om vriendelik vir mense te laat weet dit wat hulle doen, is verkeerd, maar ons snuffel ook die hardnekkiges uit en die boodskap van die departement is: Verwag boetes van tot R10 000 per gesteelde boek in jou besit.”

Volgens Esmari Jonker, ’n prokureur wat in kopiereg spesialiseer, is hierdie straf nie buitensporig nie, aangesien dit ’n strafregtelike oortreding is en skrywers deur die outeursreg of kopiereg beskerm word.

“Intellektuele-goedereregte beskerm werke en skeppings van menslike intellek en kreatiwiteit,” sê sy. “Outeursreg of kopiereg, soos algemeen daarna verwys word, word in Suid-Afrika deur die Wet op Outeursreg beskerm. Dié wet maak spesifiek voorsiening vir die beskerming van verskillende tipes werke, naamlik letterkunde en musiek, asook artistieke werke, gepubliseerde uitgawes, rolprente,

“DIT IS SOOS OM ’N LORRIE VOL DRANK TE KAAP EN DAN DIE DRANK AAN MENSE TE GEE OM TE VERSPREI. DIE KAPER IS SKULDIG AAN DIE MISDAAD EN DIE MENSE WAT DIE DRANK VERSPREI, IS EWE SKULDIG.”

klankopnames, programdraende seine, uitsendings en rekenaarprogramme.”

Sy sê outeursreg word nie in Suid-Afrika geregistreer nie, maar ingevolge die wet outomaties vir 50 jaar aan die werk en die outeur verleen. “Alternatiewelik word dit vir die lewensduur van die outeur plus ’n tydperk van 50 jaar ná afsterwe verleen.”

Outeursreg word geskend indien ’n oorspronklike werk sonder die toestemming van die eienaar versprei, aangepas of gedupliseer word. Ongemagtigde elektroniese verspreiding kom ook neer op outeursregskending.

“Outeursreg-inbreukmaking is ’n siviele oortreding en kan ook ’n strafregtelike oortreding daarstel waar die oortreder bewus was van die bestaan van die outeursreg in die werk. ’n Outeursregeienaar kan regsaksie instel teen ’n oortreder wat kan insluit ’n interdik, die terugbesorging van die werke en/of ’n skade-eis, wat gegrond kan word op ’n redelike lisensiefooi,” sê Esmari.

Afgesien van dié basiese regte wat skrywers het, word hul morele regte ook beskerm. “Dit sluit in dat die outeur van ’n werk die reg het om sy eer en goeie naam te beskerm teen enige benadeling wat veroorsaak kan word deur die skending, wysiging of verdraaiing van die werk.

“Dit is wel moontlik om toestemming van ’n eienaar te verkry om ’n werk te gebruik of te versprei; dit sal dan onderhewig wees aan die spesifieke ooreenkoms met die eienaar. Die wet maak ook voorsiening vir redelike gebruik van ’n werk, byvoorbeeld vir private studie, navorsing, verslaggewing of resensies, welke redelike gebruik binne perke moet wees soos deur die wet bepaal.”

Izak meen uiteindelik kom dit neer op ’n leser se morele kompas. “Hoekom moet mense brood koop en nie steel nie? Hoekom moet mense ’n papierboek koop en nie gewoon dit by ’n winkel steel nie? Hoekom moet ek ’n motor koop en dit nie steel nie? Dieselfde geld e-boeke.” ♡

DEUR JACQUES MYBURGH





● ATKV het een van die bronswaens by Bloedrivier geskenk.

HOU DIE IDEAAL LEWEND

IN HIERDIE TWEDE VAN 'N REEKS ARTIKELS WAARIN TERUGGEKYK WORD
OP DIE ATKV SE RYK KULTUURBYDRAE OOR 90 JAAR WORD VERAL GEFOKUS
OP DIE ORGANISASIE SE WERK VOOR EN NÁ REPUBLIEKWORDING ... ►

In sy aanvangsjare wou die ATKV 'n verskil maak deur sy lede aan te spoor tot die handhawing en uitbouing van die Afrikaner se volkstrewes, wat sou uitloop op die verwesenliking van 'n staatkundige ideaal, republiekwording, in 1961.

In 1959 het die ATKV-kongres sy kommer uitgespreek oor "gevaartekens in die Afrikaner se volkslewe" en 'n ondersoek is deur vooraanstaande Afrikaners na die kultuurtoestand van die volk gedoen.

Hierdie benadering het die ATKV se rol as prominente bouer van die volkskultuur bevestig. Nog 'n paar voorbeelde is:

- Die *Taalgenoot* het reeds van sy stigting in Desember 1931 die stem en beeld van die ATKV uitgedra. Die tydskrif het die taak op hom geneem om "op die puinhoop van kultuur- en taalverwaarlosing te bou" wat in daardie stadium 'n simptoom van die Afrikaanse spoorwegwerker was. In redaksionele kommentaar en artikels het die tydskrif hom ook op die uitbou van die volkstrewes gerig;
- Die aankoop van Hartenbos as vakansieoord het ook in die gees van volkstrots gestaan. Nog oorde sou volg: Natalia, aan die Suidkus, in 1956; Klein-Kariba, naby die destydse Warmbad, in 1973; Goudini, in die Breederiviervallei naby Rawsonville, en Buffelspoort, naby Rustenburg,

"GESINSWAARDES IS DEURGAANS HOOG GEAG EN DIE ATKV HET SY STEUN GEGEE AAN 'N GEDAGTE OM 1959 AS GESINSJAAR TE VIER EN 'N GESONDE HUISLIKE LEWE TE PROPAGEER."

albei in 1993; Drakensville in die Drakensberggebied in 2006 en Eiland Spa, oos van Tzaneen, in 2009.

Hierdie aankope was 'n bewys van die organisasie se gerigtheid op aantreklike voordele vir sy lede en terselfdertyd 'n bevestiging dat ontspanning ook kultuurskeppend kan wees, en dat die organisasie se doelstellings ook deur sy oorde verwesenlik word;

- ATKV-takke het van die begin 'n belangrike rol gespeel om die organisasie se doelstellings te help bereik. Dit het van meet af aan 'n verskeidenheid projekte ingesluit wat die Afrikanerkultuur weerspieël. Die Vrou-en-moederbeweging (VMB), die vrouevleuel



van die ATKV, is in 1943 amptelik tot stand gebring met die leuse “Ek sien haar win” en sou deur nasionale projekte ’n belangrike sosio-maatskaplike rol speel;

- Die identiteit van die organisasie was vroeg reeds duidelik en projekte het die volgende ingesluit: die samestelling van ’n liederebundel; die versameling van oudhede en Africana; ’n eie kleurbaadjie (roomkleurig met groen-en-oranje omboorsel); en ’n eie verenigingslied. Die lirieke “Ons handhaaf en bou, aan land en volk getrou” bevestig dan ook die gees van volkstrots;
- Die ATKV se leidende rol in die herdenking van geskiedkundige mylpale in die Afrikanergeskiedenis is oor die jare hoog geag. Dit sluit die Simboliese Ossewatrek van 1938 in. ’n Uitvloeisel daarvan was die totstandkoming van die Groot Trekmuseum op die Hartenbos-vakansieoord. Die ATKV het ook ’n groot rol gespeel in die organisering van die voorspel tot die inwyding van die Voortrekkermونument in 1949. Hierdie nasionale projek, waartydens “rapportryers” te perd van oor die lengte en breedte van die land boodskappe van gemeenskappe na die Voortrekkermونument geneem het, word steeds beskou as ’n blywende verryking van die Afrikaanse tradisie en kultuur;

- Gesinswaardes is deurgaans hoog geag en die ATKV het sy steun gegee aan ’n gedagte om 1959 as gesinsjaar te vier en ’n gesonde huislewe te propageer; en
- Die ATKV se verbintenis tot ’n republikeinse staatsvorm is verwoord in ’n besluit van die 1960-kongres, wat die referendum oor republiekwording voorafgegaan het. Ná republiekwording het die kongres onder meer besluit dat “’n suiwer Afrikaanse kultuur onder die nuwe republikeinse regeringsvorm” nagestreef sou word.

Ná 1961 sou die ATKV ’n fase van ontwikkeling betree wat wyer sou uitkring as die spoorweggemeenskap en die Afrikaner in enger sin.

Daar moes rekening gehou word met die Afrikaner se ontluikende welvaart en ’n algemene afname in betrokkenheid by kultuurorganisasies en -aktiwiteite. Dit was of ’n lugleegte ontstaan het met die “volwassewording” van die Afrikaner se volkskap en die bereiking van die republikeinse ideaal.

Die strategie wat die ATKV ten opsigte van kultuurbevordering sou volg, sou bepalend wees vir sy lewensvatbaarheid. ♡

DEUR DR. EVELYN D. FERREIRA



ul krag ten toon





DIÉ WEBINARE SKITTER

“WANNEER HOU JULLE NOG EEN?” DIT WAS DIE REAKSIE VAN LEERGIERIGES WAT TYDENS DIE INPERKINGSTYD DIE EERSTE SKITTER IN AFRIKAANS-WEBINAAR EN DIE VRIENDE VAN AFRIKAANS SE VIRTUELE LEESKONFERENSIE BYGEWOON HET.

Die Skitter-in-Afrikaanswerkswinkels, wat die afgelope nege jaar landwyd vir Afrikaansonderwysers aangebied is, moes noodgedwonge aanlyn gaan. Kort webinare vir onderwysers word aangebied en die inhoud handel oor spesifieke, kurrikulum-gerigte onderwerpe. Die webinare is egter nie net vir Afrikaansonderwysers nie en is oop vir enige belangstellendes. Ons wil veral ook ouers aanmoedig om deel te neem omdat die inhoud ook ouers sal bemagtig om hul kinders met hul skoolwerk te ondersteun.

Tydens die eerste webinaar het Christien Nesor, spraakterapeut en skrywer, gesels oor die inklusiewe klas en onderwysers gehelp om kinders met verskeie leeruitdagings vlerke te gee.

Vir die Vriende van Afrikaans (VVA) was dit in hierdie buitengewone tyd uiters belangrik om leerders aan die lees te kry.

Die VVA, 'n divisie van die ATKV, het juis daarom besluit om vir die eerste keer 'n virtuele leeskonferensie vir die Weskus se opvoeders, ouers en belangstellendes aan te bied.

“Ons glo dat kinders wil lees en dat hulle onafhanklik kan dink, daarom kan ons dit nie meer beklemtoon hoe belangrik lees is nie,” sê Chareldine van der Merwe, projekbestuurder van die VVA.

“Ons wou met ons leeskonferensie – veral in hierdie moeilike tyd – vir mense leiding, inligting, tegnieke en wenke gee rondom lees- en leeruitdagings. Ons wou ook veral ouers motiveer en aanmoedig om tyd saam met hul kinders te spandeer.”

Christien en Nicolette van der Heever van die Doen en Leer-leesprogram was die sprekers.

Hou die ATKV se sosiale media dop vir die volgende Skitter-webinaar en virtuele leeskonferensie.

NETWERK24

Jou persoonlike digitale biblioteek

Word 'n Netwerk24-intekenaar en geniet jou gunsteling-Afrikaanse tydskrifte die oomblik wanneer die jongste uitgawes op die winkelrakke land!



Netwerk24 bied die beste leefstylinhoud in Afrikaans. Aangrypende ware lewensdramas, stories oor bekendes, beste raad, watertandresepte, reisgidse en slim styl- en dekorwenke – alles op een plek!

Boonop het Netwerk24 elke maand 'n nuwe luisterboek waarna intekenare kan luister, interessante podsendinge en blitssepie met bekendes in die rolverdeling. Laai jou blokkraaisels gerieflik op een plek af vir ure se genot. Hope tuisvermaak in die gerief van jou eie huis.

Teken in
teen slegs
R99 p.m. Besoek
Netwerk24.com of
laai die app in jou
app-winkel af.

Haak jy vas?

Kontak ons dienssentrum by:

Tel: 087 353 1300

e-pos: diens@netwerk24.com

Dienssentrumtye:

➔ 07:00 tot 16:30
op weekdae

➔ 07:00 tot 11:00
op Saterdag
en Sondag

SLEGS
R99 p.m.

Volweek-koerantintekenare kan
Netwerk24 by hul intekeninge
voeg teen slegs **R30 p.m.**

DIE REGTE MAN VIR DIE REGTE TYD

DANNY TITUS TREE NÁ 12 JAAR BY DIE ATKV AF EN SY NALATENSKAP IS EEN VAN GROTER BEGRIP EN INKLUSIWITEIT OOR DIE KLEURGRENSE HEEN. HY'S OOK NOG LANK NIE KLAAR MET SY LIEFDE VIR AFRIKAANS NIE ...

Mei was die uitvoerende hoof: korporatiewe aangeleenthede by die ATKV se laaste maand by die vereniging, maar sy lessenaar met die blink houtblad was reeds leeg. Nie omdat hy besluit het om 'n maand vroeër al af te tree en 'n bietjie in te sluimer nie, maar weens die staat van inperking.

Covid-19 het veroorsaak dat die ATKV ook sy kantoordeure moes sluit en dr. Danny Titus gesels met ons via die internet van sy huis in Roodepoort, aan die Wes-Rand. “Hierdie [Zoom-onderhoud] is nog baie nuut vir my, maar ek raak gewoon daaraan,” kom sy stem blikkerig oor die skootrekenaar se luidspreker.

Die afgelope 12 jaar het Danny hom beywer vir taal en kultuur. Saam met die ATKV het hy Afrikaans toegankliker en inklusiewer gemaak, maar dit is tyd om te groet. Dié 63-jarige regsman, taalman, historikus en meningsvormer het besluit in 2020 hy is klaar met heeltyds werk.

“Een van my grootste hoogtepunte by die ATKV was die ruimte wat daar was,” vertel hy. “Dit is 'n dinamiese organisasie waarby jy kon inskakel.”

Regsman word kultuurman

Dit was nie hoe hy gedink het sy lewensboek geskryf gaan word nie; hy was immers in die regswêreld gevestig en taal en kultuur is ver verwyder van die kil hofgange.

“Ja, dit is verskillende wêreld,” sê hy. “Ek moes my kop totaal draai toe ek my by die ATKV aangesluit het, maar omdat ek Afrikaanssprekend en redelik bekend was in die Afrikaanse wêreld, was dit vir my 'n baie lekker geleentheid om te kon swaai en iets heeltemal anders aan te pak.”

Voordat hy hom in 2008 by die ATKV aangesluit het, was hy visedekaan van Unisa se regs fakulteit. Hy het sy regsgraad in 1982 aan die Universiteit van Wes-Kaapland

verwerf, in 1983 is hy as advokaat tot die hooggeregshof toegelaat en het hy as staatsaanklaer by die departement van justisie gewerk. Hy is in 1987 Nederland toe om sy studie aan die Universiteit van Leiden voort te sit en hy keer in 1993 met 'n meesters- en 'n doktorsgraad na Suid-Afrika terug.

“My loopbaan was baie gevestig in die regte en die skuif na die ATKV was nie 'n maklike een nie. Ek het diep nagte om met my vrou [Lynda, wat in 2013 aan kanker dood is] daaroor gesels.”

Hy onthou nog die dag toe hy deur die ATKV genader is. Johan van Schoor, destydse direksievoorsitter en waarnemende uitvoerende hoof, het Danny ontmoet vir 'n koffie-afspraak. “Hy het met my 'n gesprek gevoer oor wat die ATKV nodig het en dat hulle iemand soek wat die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap verteenwoordig. Ek wou baie graag weggom by Unisa en het op die ATKV se webwerf ingegaan en gesien watter magtige organisasie hulle is.”

Vir Danny was dit 'n geleentheid om sy stempel op die organisasie af te druk.

Inklusief en innoverend

“My fokus was menseregte en dit is iets wat ek by die ATKV kon vestig. 'n Gevoel vir menseregte, 'n gevoel vir vryheid, 'n gevoel vir kultuur en ‘menseregtáál’.”

Hy beklemtoon dit dat hy nie weer die wiel wou uitvind by die ATKV nie. “Die organisasie was reeds op 'n baie sterk draftrap. Daar was 'n duidelike fokus op diversiteit en 'n breë kyk na taal en kultuur waarvoor die ATKV in daardie tyd nie die erkenning gekry het wat hy moes nie.

“Maar ek dink met my koms kon ek saam inskakel en wys dat die ATKV 'n oop organisasie is en – anders as ander Afrikaanse organisasies – bereid was om die stappe tot inklusiwiteit te doen. Die prentjie was maar altyd voorheen

beperk, maar deur die jare het die organisasie gewys dat hy nie konserwatief en nougeset is nie.”

Vandag is die vereniging die toonbeeld van wat ’n taal-en-kultuurorganisasie moet wees: inklusief en innoverend, sê hy. “Die ATKV was bereid om verandering te omarm. Meer swart en bruin mense is aangestel en dit op sigself het getoon dat ons bereid is om ander te leer ken.

“As jy kyk hoe ons takvoorsitters oor kleurgrense heen by mekaar uitgekom het en by mekaar leer en idees uitruil ... dit was so ’n gemaklike inskakeling. Alles het so organies gebeur. Daar was, en is steeds, ’n totale openheid vir Afrikaans en al sy verskillende stroompies wat hom voed. Die ATKV maak ruimte daarvoor.”

Hy vertel hy het een keer ’n politikus na ’n ATKV- Applous-koorkonsert geneem en die politikus het met verwondering daar weggestap oor wat die organisasie vermag. “Hy het in sy stoel gedraai en vir my gesê hy kan nie glo die ATKV is al dáár nie. Dat daar so baie diversiteit en kultuur is wat een verhoog deel.”

Nog ’n skitterende voorbeeld van hoe die ATKV ander kulture en hul mense omarm is die gewilde ATKV-Riellanskompetisie. “[Die Verneukpan-digter] Elias Nel het met die ATKV kom gesels en vir ons vertel dat hierdie kultuur vas slaap, en eintlik dood is, en of ons kan help daarmee.

“Die ATKV het nie die riellans oorgeneem nie, maar bronne in plek gesit. Daar is nuwe lewe in die kultuur geblaas. Ons kon beter kitare en klank gee, beter verhoë bied en as fasiliteerders optree. Die ATKV het gehelp om riellans terug te bring en nuwe lewe aan ’n kultuur te gee.”

Hy gaan besig bly

Noudat hy nie meer op ’n weeklikse basis in die gange van die ATKV se hoofkantoor in Randburg te sien gaan wees nie, beteken dit hy gaan op die gholfbaan boer of sy dae by een van die ATKV se oorde verwyf?

“Ek gaan myself verdiep in navorsing en skryfwerk,” sê Danny. “Ek wil baie graag teruggaan na die menseregtegesprekke toe en navorsing in daardie rigting doen.”

Hy is ook besig om ’n projek saam met die ATKV aan te pak oor die rol van sendingwerk en taal. Daarin kyk hy na hoe die koloniste by sendingstasies Afrikaans leer praat het. “Ons het soveel sendingstasies in Suid-Afrika gehad, soos Genadendal, Elim en Goedverwacht. Wat het op hierdie sendingstasies gebeur? Hoe het die sendelinge Afrikaans leer praat en wat was hul bydrae tot die taal? Daar is pragtige verhaale om oor te skryf en navorsing te doen.”

Gepraat van die toekoms, Danny glo die ATKV sal ook die Covid-19-pandemie, soos vele struikelblokke in sy geskiedenis, oorkom. “Die ATKV het ’n baie sterk

voetspoor en sy oorde – al is hulle nou toe – het baie goeie infrastruktuur.

“Ons almal is onseker oor die toekoms en onseker oor wanneer hierdie pandemie verby gaan waai. Die ATKV se uitdaging sal bly om Afrikaans aan ’n groter Suid-Afrika bekend te maak, want die groter Suid-Afrika moet dit steeds hoor.

“Ons doen dit reeds, maar ons moet voortdurend die boodskap oordra. Wat is die relevansie van Afrikaans, nie net onder mekaar nie, maar juis onder die groter Suid-Afrika? Ons moet vir mense wys hoe die Afrikaanse geskiedenis deel vorm van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Ons moet dit sonder skaamte na vore bring.”

DEUR JACQUES MYBURGH



ATKV-MEDIAVEERTJES 2020: EN DIE WENNERS IS...

DIE ATKV-MEDIAVEERTJES, REEDS VIR MEER AS 'N DEKADE DIE MEES VOORAANSTAANDE AFRIKAANSE MEDIA-TOEKENNINGSGELEENTHEID, HET VANJAAR 'N SPLINTERNUWE BAADJIE AANGETREK MET 'N NUWE BEOORDELINGSFORMAAT, ASOOK DIE AANLYN BEKENDMAKING VAN DIE WENNERS.

Sonél Brits, besturende direkteur van die ATKV-MSW, sê dis noodsaaklik om die media te vereer, en vanjaar – te midde van die Covid-19-pandemie – soveel te meer.

“Ons het die afgelope paar weke opnuut bewus geword van die kritieke rol wat die media ook in tye van krisis en uitdaging speel. Dit is die media wat ons ingelig hou; ons opvoed oor alle aspekte van onder meer die pandemie, nie slegs plaaslik nie, maar ook internasionaal; en wat vermaak, iets wat veral nou broodnodig is.

“Ons salueer die hele spektrum van die media, en veral ons 2020-wenners. Julle uitstaande bydraes verdien verering en erkenning. Doen so voort!”

Brits het ook aangekondig dat die ATKV later in die jaar 'n spesiale toekenning vir uitsonderlike joernalistiek rakende die Covid-19-pandemie sal toeken.

Vyf beoordelaars is vir elk van die kategorieë (LEES, LUISTER, KYK) aangewys wat uitnemende werk geïdentifiseer en benoem het.

Die ATKV het vanjaar ook twee LEWENSBYDRAE-toekennings gemaak aan die veteraan-radio-omroepers, Nic de Jager en Margot Luyt.

Nic de Jager verdien verering vir 50 jaar se uitsonderlike talent, voordragte, radiospel, nuuslees en aanbieding, maar veral vir sy fenomenale kennis van opera, in *Nic se Goed*, wat Sondag om 12:00 op RSG uitgesaai word.

Hierdie elegante, soepel aanbieder se taalvaardigheid, sy kennis van die letterkunde, musiek en kunstenaars, sy goeie smaak en oordeel, maak van hom 'n formidabele speler, opsteller en aanbieder – die soort maestro wat jong en ou kunstenaars kan lei en inspireer.

Nic de Jager is gemaklik en gemoedelik wanneer hy uitsaai en hy gebruik sy uitsonderlike stem om van elke program 'n besondere genotvolle luisterervaring te maak.

Margot Luyt is al sedert 1978 betrokke by radio én televisie.

Sy het oor die jare 'n baie groot rol gespeel in die voortbestaan en verbetering van dramas en vervolghalfe vir die radio, nie net as regisseur nie, maar ook met die

opleiding wat sy deurgaans aan regisseurs en spelers verskaf het.

Margot Luyt se vermoë om met mense te werk en haar kennis op só 'n manier oor te dra dat dit die uitsaaiproduk voortdurend bly verbeter, is uitsonderlik. Sy het veral 'n groot bydrae gelewer om die Afrikaanse digkuns en skryfkuns op die radio te laat lewe, hoofsaaklik deur haar professionele aanbieding en haar keurige versorging van programme oor poësie en letterkunde.

Die bydrae wat sy gelewer het om die kollig op gevestigde en ervare digters en skrywers te laat val én nuwe Afrikaanse stemme bekend te stel, kan nie onderskat word nie.

LUISTER

Die beoordelaars in hierdie kategorie was: Bettie Kemp, Margot Luyt, Willemien Marais, Dawid van Lill en Leon van Nierop.

Die wenners in die LUISTER-kategorie is soos volg:

Joanie Combrink, regisseur van *Man van Cirene* – RSG
Elize Cawood vir haar voorlesing van *Stralejakkere* – RSG
Pietie Beyers vir sy vertolking in *Blikslim* – RSG
Kobus Burger, uitvoerende regisseur van drama – RSG
Lynette Francis, aanbieder van *Praat Saam* – RSG
Frieda van den Heever, samesteller en regisseur van *Voetsoldaat van die vers* – RSG

LEES

Die kategorie LEES se beoordelaars was: Joan Kruger, Carryn-Ann Nel, Elmarie Rautenbach, Kirby van der Merwe en Herman Wasserman.

Die wenners in die LEES-kategorie is soos volg:

Anneliese Burgess vir “'n Pad kronkel deur tyd en kom tot

rus by 'n familiegraf op Koesberg" en "Plaasmoorde: Die skimme van geweld wat ons harte oopkloof" – Vrye Weekblad

Nathan Trantraal vir verskeie artikels, meningstukke, essays en "Hyper byrie Food Lovers Market" – *Rapport*
Marida Fitzpatrick vir "Vat hom, Bulldog" – *Insig*
Hannelie Booysens vir "Om te hoor jy't Joost se siekte" – *Insig*

Dominique Botha vir "Gerugte van Rian" – *Insig*
Karin Brynard vir "Stil, broers, daar gaan 'n ... man verby" – *Insig*

Willemien Brümmer vir "Plaasaanvalle: Die misdaad wat wit én swart laat bloei" – Netwerk24

KYK

Die AKTUELE GENRE is beoordeel deur Gielie Hoffman, Mariëtta Kruger, Crystal Orderson, Harald Pakendorf en Bettina Wyngaard.

Lourensa Eckard as aanbieder van *kykNET Verslag* en *kykNET In Gesprek* – kykNET

Kabous Meiring as aanbieder van *Prontuit* en *Megaboere* – kykNET

Berdene & Janhendrik Burger as vervaardigers van *Edik van Nantes*, seisoen 3 – kykNET & Kie

Ivor Price as aanbieder van *Landbouweekliks* – VIA

VERHALENDE GENRE is beoordeel deur Diane de Beer, Jeff Dirks-Korkee, Cornelia Faasen, Ilza Roggeband en Réney Warrington:

Monique Rockman vir haar vertolking van die rol Beatrice Mack in *Die Spreus* – kykNET

Jorrie van der Walt as kinematograaf van *Dwaalster én Die Spreus* – kykNET

Carla Smith vir haar rol as Kitty in *Tydellik Terminaal* – kykNET

Rocco Pool vir produksie- en stelontwerp vir *Dwaalster én Die Spreus* – kykNET

Erica Wessels vir haar rol as Ragel-Lee in *Dwaalster* – kykNET

Chris Vorster vir sy vertolking van Bas Koorts in *Die Spreus* – kykNET

Albert Maritz vir sy spel as Frans Loots in *Dwaalster* – kykNET

Tarryn Wyngaard vir haar rol as Gina Devine in *Dwaalster* – kykNET

Anna-Mart van der Merwe vir haar vertolking van Julie in *Tydellik Terminaal* – kykNET

Lea Vivier vir haar rol as Lilani du Toit in *Fynskrif 2* – kykNET

Pierre-Henri Wicomb vir die klankbane van *Dwaalster én Die Spreus* – kykNET

Lewensbydrae



**Nic
de Jager**



**Margot
Luyt**

WENNERS: Luister-kategorie



**Joanie
Combrink**



**Elize
Cawood**



**Pietie
Beyers**



**Kobus
Burger**



**Lynette
Francis**



**Frieda
van den Heever**

WENNERS: Lees-kategorie



**Anneliese
Burgess**



**Nathan
Trantraal**



**Marida
Fitzpatrick**




**Hannelie
Booyens**



**Dominique
Botha**



**Karin
Brynard**



**Willemien
Brümmer**


WENNERS: Kyk – Aktuele genre



**Lourensa
Eckard**



**Kabous
Meiring**



**Berdene &
Janhendrik**



**Ivor
Price**

WENNERS: Kyk – Verhalende genre



**Monique
Rockman**



**Jorrie
van der Walt**




**Carla
Smith**



**Rocco
Pool**



**Erica
Wessels**



**Chris
Vorster**



**Albert
Maritz**



**Tarryn
Wyngaard**



**Anna-Mart
van der Merwe**



**Lea
Vivier**



**Pierre-Henri
Wicomb**

VOLTOOI EN WEN

SMS TG BLOKRAAI <VERSTEEKTE WOORD> en jou naam, van en posadres na 44131. Die kompetisie sluit 30 September 2020. Drie lesers staan die kans om 'n kopie van *Kanaän* deur Sophia Kapp en *Die opstand van Poppie Nel* deur Hans du Plessis te wen. Die prys word geborg deur LAPA Uitgewers.

LEIDRAAD: Afdeling van die dierekunde waarin voëls bestudeer word.



Gebare van gevaar ërens	Teehouers sonder vatplek	Geurig- heid		Odin se vrou	Pit	Spandeer	Wind- streek	Kortkom		Oor- handig	Hul weeg 2,72kg by geboorte		Direkte verlies		Omge- voude bladsy- hoek	Nyl- bewoner	Sy Edele
Fries				Familiër Lokkos				Asfalt					Grootste kontinent				
Oftal- moloog								Besmet									
Gesellige verkeer							Onder- werp	Voorheen van Ceylon		Sitrus vir ontbyt							Daaglik ná noen
Rumoer maak					Afdrukke					Onse insiens			Pika	Waar son opkom			
Kokaiën se bron		Ou blaas- instrument	Reken- kundige	By her- haling									Hut van gras of net	Kitsbank			
				Bolywe	Ter elfder	Aanle				Postmor- teem by getalle		Plagiaris	Lang tye	Buidel- beertjie		Soos gruis	
Lissabon is hier									Uitsoek						Gemene deler		
Ab						Bossie hare	Blyplek vir dié bo 50										
Binne- sleep							Noag- boot		Tregter- mondings								
					Soort vernis			Balke bo vensters	Tydstip	Kweking							
Rivier in Londen					Op baie plekke								Meer as een 8				
Ook stede																	
Altaarnis	Lomp stuk	Vinnig		Was- middel	Gly op wielotjie- skoene									Skoen- vorm	Letters boaan Kruis		Iets geuiter
					Ont- kenning	Kerker	Nas. Toneelorg							Lig- gaamlik			
Verskil van mening							Reaksies van die gemoed										
Gespaar- de geld								Nosie					Godin van twis				
Klok se bel							Met baie stadiums										

Besoek <https://www.atkv.org.za> in September 2020 vir die oplossing.

OORWINNAARS TEEN DIE DONKERTÉ

DEUR KOOS KOMBUIS

Daar is min dinge wat 'n mens se eiewaarde en deurstellingsvermoë kan toets soos 'n ware krisis. Dit geld nie net individue nie, maar ook groepe mense. Of 'n land.

Die wêreld se lande het op verskillende maniere op die Covid-19-krisis gereageer. Amerika en Brittanje, wat altyd as die bastions van die Westerse beskawing beskou is, het in duie gestort. Talle Europese lande ook.

'n Mens kan redeneer hierdie lande is vroeër getref en het minder tyd gehad om 'n strategie uit te dink. Maar wat dan van China? Dié land het op die ou end in 'n groot mate triomfantlik uit die stryd getree, ten spyte daarvan dat die siekte daar begin het en hy as 't ware die toetsterrein vir die stryd teen die koronavirus was.

Hoewel Suid-Afrika se reaksie tot dusver allesbehalwe perfek was, het ons, onder moeilike omstandighede, besonder goed gevaar.

Toe Moody's ons ekonomie binne 24 uur ná die begin van die inperking tot rommelstatus afgradeer, het dit gelyk of ons 'n perfekte storm op hande het. Ek het verwag dat daar binne 'n kwessie van 'n week volslae anargie sou intree. Ek was bang die rand val onverwags vinnig en dat hy so waardeloos sal word soos die Zim-dollar.

Dit is verstommend in watter mate Suid-Afrikaners die bul by die horings gepak het. In watter mate ons dáár was vir mekaar, en in watter mate ons 'n spangees en 'n kultuur van samewerking en behulpsaamheid begin kweek het. Verskille het grotendeels weggeval. Ras en kultuur het skielik minder saak gemaak. Baie mense het baie hard gewerk om hierdie geveg te probeer wen.

Die stryd is nog nie gewonne nie, maar ons het onself reeds in 'n groot mate bewys. In ons eie oë, en in die oë van die wêreld, is ons een van die min lande wat besig is om die mas op te kom. Een van die lande wat, ten spyte van groot verliese en geweldige

ekonomiese knoue, nog 'n kans staan. Nie net om héél anderkant uit te kom nie, maar om daar uit te kom in 'n beter situasie as wat ons was voor Covid-19.

Dit is of ons vir mekaar gesê het: As Rasse-hulle dit kon doen, kan óns ook. En só het ons die voorbeeld van 2019 se Springbokspan gevolg en die wa deur die drif getrek. Gaan ons dit enduit regkry? Wag daar 'n gelukkige einde?

Ons het al ander krisisse oorleef wat net so erg, en selfs erger, was. Ons het twee vernietigende vryheidsoorloë oorleef. Ons het 40 jaar van apartheid oorleef; nie net oorleef nie, maar daar uitgekóm met 'n skikking en 'n Grondwet waarop die hele wêreld jaloers was. En, toe die Covid-19-krisis ons tref, was ons net besig om te begin herstel van die rampspoedige plunderjare onder Jacob Zuma.

Ek glo ons het die krag en die politieke wil om deur hierdie krisis te beweeg en uiteindelik 'n sterker nasie te word. Verenig, nie net in ons strewe na vryheid nie, maar ook in ons ervaring van en ons reaksie op grootskaalse lyding en ontwrigting.

Ek sluit af met 'n aanhaling van Nelson Mandela wat ek toevallig raakgelees het op die skutbladsye van die boek *From Science, Philosophy and Spirituality to Your Own Religion* deur dr. Albie Gibson:

“Ons diepste vrees is nie ons onvermoë nie. Ons diepste vrees is dat ons onmeetbaar sterk is. Dit is die lig in ons, nie ons donkerte nie, wat ons bo alles vrees ... hierdie lig is nie net in sommige nie, dit is in elkeen, en soos ons ons lig laat skyn, gee ons onwetende ander toestemming om dieselfde te doen. Namate ons verlos word van ons eie vrees bevry ons teenwoordigheid outomaties ook ander.”

As hierdie woorde waar is – en ek glo met my hele hart dit is – dan het Suid-Afrika inderdaad die reg om te hoop op en te werk vir 'n gelukkige einde, nie net in ons oorlog teen die koronavirus nie, maar ook om ons ekonomiese en sosiale oorlewing as 'n verenigde volk. 🌱

Foto: Shutterstock



via.

DStv-kanaal 147

VIA –

onopgesmuk en onoorspronklik

www

viatv.co.za



VIATV



viatv

IN MY PA SE VOETSPORE

DEUR FOURIE ROSSOUW

As jy met die N1 af Kaap toe ry en duskant Touwsrivier regs draai Ceres se kant toe sal jy 'n entjie verder by 'n T-aansluiting kom. Draai jy daar regs, dan lei die pad jou deur Karoopoort. Jy sal grondpad ry verby 'n ou plaasopstal waar Britse soldate tydens die Anglo-Boereoorlog vir 'n wyle waggestaan het.

As jy vir 'n oomblik twyfel of jy moet stilhou, sal 'n vyelaning so lank soos die Here se genade jou tot bedaring roep. Daar, onder 'n groot ou akkerboom, kan jy bene rek en pyp stop. Jy sou selfs 'n vuurtjie kon maak om 'n koffie te brou of 'n worsie te braai, net soos my pa altyd gemaak het. Kyk jy dan op na die Karoekoppie so 'n ent weg, sal jy 'n kraglyn sien wat oor die ruwe rotse loop.

My pa het dit gebou toe ek op hoërskool was. Dit was die eerste kraglyn wat elektrisiteit na die Cereskaroo gebring het. Dit was 'n allemintige projek wat nie net die bou van 'n kraglyn behels het nie, maar heelwat ander elektriese werk op 'n spoggerige Franse wildsplas, wat vir die projek se finansiering verantwoordelik was.

In daardie jare het ek gereeld saam met hom in sy geliefde Ford F100-bakkie gery om te kyk hoe sy werkmense vorder. Dikwels sou hy sommer net soontoe ry. Hy het nie 'n verskoning nodig gehad om op 'n grondpad deur die Karoo te ry nie, veral as hy een van sy kinders kon saamneem. Vir my was dit so goed soos goud, want op daardie grondpaaie het ons geleer om as medereisigers met mekaar te praat. Hy sou vir ure kon aangaan oor die kraglyn en die skatryk Franse, wat mal genoeg was om te droom van olifante in die Karoo. Ek sou hom uitvra oor God en daar, op die groot sitplek van sy blou Ford, my eerste grootmensgedagtes oor die lewe verwoord.

Agterop die bakkie was daar altyd 'n rooster en 'n vrugtekrat vol hout. By my voete het 'n koelboks gestaan waarin my ma vir ons padkos gepak het. Al die gewone

staatmakers is, saam met koffie in 'n Stanley-fles, sommer gou-gou in die ry uitgehaal, maar die paar draaie boerewors was vir wanneer ons behoorlik tot rus sou kom in die Karoo.

My pa sou my die veld instuur om fynhoutjies op te tel terwyl hy 'n paar rondlêklippe in 'n sirkel pak. Terug by die bakkie hang die wors reeds in die mik van 'n boom om effe uit te droog. Dan word die fynhoutjies verder fyn getrap en seremonieel saam met opgerolde koerantpapier aan die brand gestee. Die groter stukke braaihout word dan sorgvuldig bo-op gepak. Tussendeur sal my pa saggies op die vlamme blaas.

Só sal ek my pa altyd onthou: Op sy knieë langs 'n vuur. Sy gesig naby die roet en rook. Sy hande plat op die aarde. Sy asem wat ritmies blaas totdat die kleinste vlammetjie vatplek kry en die hele spulletjie later knetter en kraak van pure plesier. Eers dan sal hy opstaan en homself beloon met 'n koue bier.

Jare later het ek my gejaagde lewe in Johannesburg vir 'n week of wat opsy gesit om weer mens te word by my ouers se huis. My pa het gedink sy seun kan doen met Karoolug en toe gaan wys hy my die bekende padstal in die Tankwa-Karoo. Daardie dag het ons padkosloos in die pad geval. Ons het verby die vyelaning gery sonder om te stop. Geen vuur is langs die pad gemaak nie en oor die kraglyn, of oor God, het nie een van ons iets gesê nie.

By die padstal het ons ons bier afgesluk en weer in die pad geval. My kop was reeds in Johannesburg en my pa s'n by die stukkie grond wat hy nooit sou kon koop nie. Min het ons geweet dit is die laaste keer dat die Karoo ons saam sou sien, want 'n jaar later het my pa sy laaste asem uitgeblaas.

Nou pak ek die klippe in sirkels en leer my seuntjie om die vuur van sy voorvaders te maak. Eendag sal ons in die pad val Tankwa toe en by Karoopoort vir 'n wyle stilhou. Ek sal hom sy oupa se kraglyn wys en ek hoop hy sal my uitvra oor God. ♡